

Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid- Afrika



Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

SOOS GEWYSIG DEUR VERSKILLENDE SINODES
2015



UITGEGEE DEUR DIE CJBF EN VERSPREI DEUR DIE ADMINISTRATIEWE BURO VAN DIE
GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA, POSBUS 20004, NOORDBRUG,
POTCHEFSTROOM, 2522

AANWYSINGS

Hierdie Kerkordeboekie is bedoel om aan elke leser al die moontlike inligting byderhand te gee. Dit is opgedeel in verskillende afdelings en soos volg saamgestel:

1. Die Kerkorde. Onder aan die artikels is daar verwysings na die Bylaes, die Handeling of Acta van die verskillende Sinodes, asook enige ander verwysings wat nodig mag wees.
2. Die Bylaes. Hierin is sekere uittreksels van Sinodebesluite wat nodig is vir die algemene regering van die kerk.
3. Konsepvorme. Al die vorms wat deur die kerke gebruik word is hier opgeneem.
4. Ondertekeningformuliere. Al die formuliere wat deur die kerke gebruik word, is hier opgeneem.
5. Openlike Verklaring van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
6. Indeks. 'n Indeks van woorde wat *slegs op die kerkorde artikels* van toepassing is. Kruisverwysings is onder aan elke artikel aangebring. Woordomskrywings van begrippe soos dit in die Kerkorde voorkom is ook ingevoeg.

Ons bedê is dat die Here hierdie werk in sy kerk en koninkryk diensbaar sal maak.

Die volgende deputate het meegewerk sodat die boekie in sy huidige vorm kon verskyn:

Deputate 1991 - 1993

Deputate
Ds AZ Pelser (Voorsitter)
Ds SD Snyman (Skriba)
Ds PA Coetzee
Ds EFJ Snyman

Adviseurs
Prof B Spoelstra
Prof A le R du Plooy

Deputate 1994 - 1996

Deputate
Ds AZ Pelser (Voorsitter)
Ds NW Ligthelm (Skriba)
Ds HF van Wyk

Adviseur
Prof JM Vorster

Deputate 1997 - 1999

Deputate
Ds NW Ligthelm (Voorsitter)
Ds HF van Wyk (Skriba)

Adviseurs
Prof JM Vorster
Prof A le R du Plooy

Deputate 2012 – 2018

Deputate
Ds CJH Breed (Voorsitter)
Dr HF van Wyk (Skriba)
Dr GJ Meijer

Adviseur
Prof J Smit

Vierde hersiene druk: Maart 2015

INHOUD

Inleiding op die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika	6
1 Doel	6
2 Oorsprong	6
3 Geskiedenis van die kerkorde	7
4 Bedoeling en funksie van 'n kerkorde	9
5 Gesag van die kerkorde	10
6 Grondbeginsels van die Gereformeerde kerkregering	11
6.1 Die koninkryk van God	11
6.2 Die dienste	12
6.3 Kerk en kerkbegrip	12
6.4 Kerk-owerheid (staat)	13
7 Samevattend	14
Deel 1: Die Kerkorde met verwysings	15
Artikel 1	15
Artikel 2	15
Artikel 3	15
Artikel 4	15
Artikel 5	16
Artikel 6	17
Artikel 7	17
Artikel 8	17
Artikel 9	18
Artikel 10	18
Artikel 11	18
Artikel 12	18
Artikel 13	19
Artikel 14	19
Artikel 15	19
Artikel 16	20
Artikel 17	20
Artikel 18	20
Artikel 19	20
Artikel 20	20
Artikel 21	21
Artikel 22	21
Artikel 23	21
Artikel 24	22
Artikel 25	22
Artikel 26	22
Artikel 27	23
Artikel 28	23

Artikel 29	23
Artikel 30	23
Artikel 31	23
Artikel 32	24
Artikel 33	24
Artikel 34	24
Artikel 35	24
Artikel 36	24
Artikel 37	25
Artikel 38	25
Artikel 39	25
Artikel 40	25
Artikel 41	25
Artikel 42	26
Artikel 43	26
Artikel 44	26
Artikel 45	26
Artikel 46	27
Artikel 47	27
Artikel 48	27
Artikel 49	27
Artikel 50	28
Artikel 51	29
Artikel 52	29
Artikel 53	29
Artikel 54	29
Artikel 55	30
Artikel 56	30
Artikel 57	30
Artikel 58	30
Artikel 59	31
Artikel 60	31
Artikel 61	31
Artikel 62	31
Artikel 63	32
Artikel 64	32
Artikel 65	32
Artikel 66	32
Artikel 67	32
Artikel 68	32
Artikel 69	33
Artikel 70	33
Artikel 71	33
Artikel 72	33

Artikel 73	33
Artikel 74	34
Artikel 75	34
Artikel 76	34
Artikel 77	34
Artikel 78	34
Artikel 79	35
Artikel 80	35
Artikel 81	35
Artikel 82	36
Artikel 83	36
Artikel 84	36
Artikel 85	36
Artikel 86	36
Deel 2: Bylaes by die Kerkorde	37
Aansluiting by 'n Gereformeerde Kerk	37
Afvaardiging na Algemene Sinode	37
Afvaardiging na Streeksinode	37
Amp - eiewillige neerlegging	37
Appèlsake - prosedure vir behandeling	37
Argief	43
Artikels 12 tot 14 KO - samehang	44
Artikels 41 en 44 KO - samehang en toepassing	45
Artikel 44 KO - moontlike leidraad by visitasie	51
Attestering	52
Begrafnis nie 'n erediens nie	52
Beroepbaarstelling KO Artikels 4, 8 & 9	52
Beroepbaarstelling van kandidate en proponente uit erkende Gereformeerde Kerke	55
Beroepbaarstelling van predikante wat bedank het	55
Beroepe in kombinasie (Acta 1939:34-38)	56
Beroeping van 'n predikant	58
Beswaarskrifte indieningsprosedures	58
Betalingsadvies	60
Bewys van lidmaatskap	61
Die gebruik van opgeleide en bevoegde helpsters vir hulpdiens in diakonale arbeid	61
Die plek van barmhartigheidsinrigtings binne die GKSA	68
Die roeping van die kerk in die volkslewe	69
Doo - bediening	71
Doo deur sektes bedien	71
Doo van aangenome kinders	72
Doo van kinders in inrigtings	72

Doop van kinders in pleegsorg	72
Doop van kinders van ouers wat nie belydenis van die geloof afgelê het nie.	74
Dooppraktyk - eenvormigheid	74
Egskeiding - grond	74
Eksamen van persone wat elders gestudeer het.....	74
Eksamens - Teologiese Kandidate.....	74
Emeriteringsouderdom van predikante en professore	78
Funksionele differensiasie - ouderlingamp	78
Gemengde huwelike	78
Grensreëlins.....	79
Huisbesoek by predikante en ouderlinge.....	79
Huwelike sonder kerklike inseëning	80
Huweliksgebooie - afkondiging.....	80
Kandidate - staking van stemme by oorweging van toelating	80
Kelkies	80
Kerkraad – woordbetekenis in artikel 79 KO	80
Kerkseel	81
Korrespondensie – algemeen	81
Korrespondensie - huidige praktyk	82
Kredensiebriefwe	82
Kworum.....	82
Liturgie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika	83
Losmaking en bevestiging van predikante.....	86
Losmaking en bevestiging van predikante as professore in teologie	86
Lykverbranding.....	87
Naam en eiendom van die kerke	87
Nagmaal - lees van formulier	89
Nuwe gemeentes	89
Oefening van preekgawes.....	89
Onderbreking van diens vir 'n tyd	89
Ondertekening van die bevestigingsformulier.....	90
Onnodige vertraging van die doop	90
Ooreenkoms met betrekking tot kapelaandienste.....	90
Predikant - verlies van amp.....	93
Proponente wat lank wag vir 'n beroep.....	93
Rapporte - riglyne vir die opstel.....	93
Reg tot repliek.....	94
Reisattestasies.....	94
Residentia Stigting - verhouding met.....	95
Sekundi vir afvaardiging na meerdere vergaderings	95
Stemming op kerklike samekomste.....	95
Toelating van 'n blinde tot die bediening van die Woord.....	95
Tug oor ampsdraers.....	96

Tug oor dooplidmate	96
Tug oor emeritus-predikante	97
Versorging van armes buite die diakonie om	97
Verspreidwonende lidmate	99
Vrymesselary	99
Weiering om attestasie aan te vra	99
Werkwyse van die Algemene Sinode	99
 Deel 3: Konsepvorme	 106
Attestasie vir belydende lidmate en gesinne	106
Attestasie vir dooplidmate	107
Beroepsbrief	108
Beroepsbrief - byvoegsel	108
Beroepsbrief vir kombinasieberoep	110
Beroepsbrief vir kombinasieberoep - byvoegsel	110
Eksamen met die oog op proponering en bevestiging	112
Emeritusverklaring	113
Emeritusverklaring van teologiese professor	114
Geloofsbrief	115
Kennisgewing van bevestiging van 'n Bedienaar van die Woord aan die Klassis	116
Kerklike voorstellingsbrief	117
Losmaking van 'n vertrekkende Bedienaar van die Woord	119
Reisattestasie	120
Reisattestasie vir lede van die SANW, SAPD en Korrektiewe Dienste in opleiding en aktiewe diens	121
 Deel 4: Ondertekeningformuliere	 122
Ondertekeningformulier vir Bedienaars van die Woord	122
Ondertekeningformulier vir Ouderlinge en Diakens	123
Ondertekeningformulier vir Professore	124
Ondertekeningformulier vir Proponente	125
 Deel 5: Openlike Verklaring van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika	 127
 Deel 6: Indekse	 128
Indeks tot die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika	128
Kerkorde Woordomskrywing	131

INLEIDING OP DIE KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

A le R du Plooy

1 Doel

Die bedoeling van die inleiding is om die gebruikers van die kerkorde oor die gereformeerde of presbiteriale kerkregering soos dit in die kerkorde vergestalt word, te oriënteer.

Aspekte soos die oorsprong, geskiedenis, bedoeling, funksie en gesag van die kerkorde word oorsigtelik behandel. Die belangrikste grondbeginsels sal ook kortliks aangedui word en teenoor enkele ander beskouinge oor kerkregering gestel word.

2 Oorsprong

In die proloog van die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika staan dat die sinode van 1862 te Reddersburg besluit het om die Dordtse kerkorde van 1618/19 vir die kerkregering te aanvaar. Ooreenkomstig artikel 86 van hierdie kerkorde is dit sedertdien hier en daar aangepas en gewysig.

Die vraag is nou egter of 'n kerkorde nie maar blote mensewerk is nie, en of ons dit in die Skrif vind. Gee die Woord van God voorskrifte, gegewens en duidelike beginsels oor die regering van die kerk?

Hoewel ons natuurlik nie in die Skrif self 'n kerkorde vind nie, is daar besonder belangrike openbaringe of gegewens in die Skrif oor die regering van die kerk van Jesus Christus.

Ter illustrasie noem ek enkele voorbeelde.

- * God eis dat alles in sy kerk gepas en ordelik moet geskied, omdat God nie 'n God van wanorde is nie (1 Kor 14:33 en 40).
- * Die basiese vertrekpunt vir Skriftuurlike kerkregering setel in die koninkryk van God. Die koninkryk van God beteken veral dat God Koning is en dat Hy in Christus regeer (1 Kor 15:24). Die apostel Paulus leer baie duidelik dat Christus die Hoof van sy kerk is (Ef 1:22, 23; Kol 1:18). Christus is nie die hoogste Hoof van die kerk nie, maar die enigste Hoof. Hy regeer self as Gesagshoof en as organiese Hoof laat Hy die kerk as sy liggaam uit Hom en in Hom opgroei (Ef 4:11-16).
- * As Hoof van die kerk het Christus self reëlins verorden vir die regering van sy kerk. Op 'n besondere manier sorg God vir die voortdurende leiding en voortbestaan van sy kerk. Daarom openbaar Hy Hom ook as die groot Gewer; Gewer van sy Seun, van die Heilige Gees, van genadegawes en van die dienste. Dit alles gee Hy in en aan sy kerk sodat die kerk versorg, bedien en regeer kan word (Jh 3:16, Hand 2, Mt 28:18-20, Jh 21:15-17, 1 Kor 12:4-6, 28, Rom 12, Ef 4:8).

- * Die genadegawes van verkondiging, van hulpverlening (en barmhartigheid) en van leiding en regering konkretiseer byvoorbeeld in die dienste van apostels, profete, evangeliste, herders en leraars, van diakens en ouderlinge (1 Kor 12-14, Rom 12, Ef 4, 1 en 2 Tm en Tt).
- * Nadat die buitengewone dienste (soos apostels en profete) in en deur Christus die fundamente van die kerk gelê het (Ef 2:20), word daarop voortgebou deur die besondere dienste van ouderlinge (leer- en regeerouderlinge) en diakens. Al die ouderlinge (presbuteroi) was opsieners of regeerders in die kerke, en sommige het besonderlik as leraars die diens van die Woord verrig (Hand 6, 11:30, 14:23 20:28; Pastorale Briewe, byvoorbeeld 1 Tm 3:2, 5:17, 2 Tm 2:2; Flp 1:1; 1 Pt 5).
- * Deur die bediening van die Woord die sakramente en die kerklike tug of dissipline (Mt 16:17-19; 2 Tm 4:2; 1 Kor 10:16 ev, 1 Kor 11:23; 1 Kor 5) kan gelowiges toegerus word en die kerk opgebou word.

Aangesien die ouderlinge (in Grieks presbuteroi) die diens van regering in die kerk verrig, word ons kerkregeringstelsel die presbiteriale kerkregeringstelsel genoem.

Die vier afdelings van die kerkorde wat handel oor die dienste, die kerklike vergaderinge, die sakramente en kerklike seremonies asook oor die kerklike tug is in die Skrif gefundeer.

3 Geskiedenis van die kerkorde

Die Dordtse kerkorde van 1618/19 het op sy beurt 'n eie voorgeskiedenis gehad.

Gedurende die Reformasie van die 15e en 16e eeue was dit duidelik dat die Roomse Kerk - ook ten opsigte van die kerkregering - verval het. Die grondfout was dat die Christus-regering deur menslike of pouslike regering verdring is. Die pouslike of kerklike gesag en tradisie is met die Woord van God gelyk gestel en die pous is as die verteenwoordiger van Christus op aarde beskou.

Terwyl die groot kerkhervormers, soos Luther, Zwingli, Bucer en andere in die sesentiende eeu hulle met groot erns met die leer van die kerk besig gehou het, en in reaksie teen die Rooms Katolieke Kerk ook met die vraag oor hoe die kerk op aarde regeer en georganiseer moet word geworstel het, het Calvyn - 'n tweede generasie hervormer - op die toneel verskyn. Die gereformeerde of presbiteriale kerkregering wat ons vandag nog handhaaf berus hoofsaaklik op Calvyn se verstaan van die Skrif ten opsigte van die kerkregering.

Calvyn het 'n merkwaardige bydrae gelewer, veral as ons dit teen die agtergrond van sy tyd beskou. In Engeland was daar byvoorbeeld 'n stelsel, bekend as die episkopale (biskoplike) kerkregering ontwikkel en in die Duitse (Lutherse) state en in die Switserse kantons 'n landelike of territoriale stelsel. Volgens hierdie stelsels het die owerhede of staat in mindere of meerdere mate seggenskap in die kerkregering.

Die wyse hoe God deur sy Woord en Gees die kerk regeer, was vir hom aan die een kant deel van die leer van die kerk, en verder moes die kerk ter wille van die orde en opbou van die kerk kerklike bepalings of verordeninge opstel.

Sulke bepalinge waarvan sommige direk in die Woord van God aan die kerk gegee is en ander uit die Skrif afgelei word, het hy beskou as noodsaaklik en diensbaar aan die opbou van die kerk. Net soos 'n owerheid kan ook die kerk nie sonder ordelike bepalings behoorlik regeer en gedien word nie.

Hy was versigtig en wou nie dat hierdie kerklike verordeninge te veel moet wees nie, en veral nie daartoe mag lei om die Woord van God te verdring nie. Hy wou geen teenstelling hê tussen 'n sogenaamde Christus-regering in die kerk en 'n kerkregering op gesag van die kerk self nie. Die kerklike bepalinge moet juis daarop gerig wees om deurgang en beveiliging van die regering deur die Woord en Gees self te reël en te verseker. Vir hom staan dit vas dat Christus die enigste Hoof van die kerk is, en dat God dienaars in die kerke roep en lei om onder leiding van die Woord en die Gees die kerk te regeer.

In die geskrifte van Calvyn soos sy Institusie, sy kommentare en sy eie kerkorde, bekend as die *Ordonnances Ecclésiastiques* kan bemark word hoe belangrik hy 'n goeie en ordelike regering van die kerk van Christus beskou het, en selfs uitgewerk het.

Artikels 27-32 van die Nederlandse geloofsbelydenis (1561) en Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus (1563) verwoord hoofsaaklik die standpunte van Calvyn, en is vandag nog deel van ons eie belydenis oor die regering van die kerk.

Waar gereformeerde kerke gedurende die 16e en 17e eeue vergader het en saam besin het oor die wyse van die regering en organisasie van die kerke is alleen voortgebou op die fundamente wat Calvyn gelê het.

Reeds in 1559, tydens die sinode van gereformeerde kerke te Parys, is 'n kerkorde - die *Discipline ecclésiastique* - opgestel wat heeltemal met die gedagterigtings van Calvyn ooreen gestem het.

Die Nederlandse gemeentes in die suide, die sogenaamde Waalse of Franssprekende gemeentes, was onder druk van die Roomse vervolging, maar het tog in die jare 1563-1566 in die geheim vergader en heelwat aandag aan die regering van die kerk gegee en bepalinge daarvoor opgestel.

In daardie tydperk van die Roomse vervolging van die protestante het die reformatoriese kerke ook na Engeland en na lande naby Nederland, en in die omgewing van die Ryn gevlug - kerke wat bekend was as die Nederduitse vlugteling-kerke. Onder leiding van predikante soos a'Lasco en Micron is daar vir hierdie kerke ook heelwat verordeninge opgestel.

'n Aantal prominente predikante het in 1568 by Wezel in 'n samekoms (konvent) gedagtes oor 'n kerkorde op skrif gestel.

In 1571 het die eerste werklike sinode van die Nederlandse kerke plaasgevind, en is artikels oor die wettige orde van die kerke opgestel.

Daarna het die kerke hulle nog in 'n hele aantal sinodes daarmee besig gehou: by Dordrecht in 1574 en weer in 1578, by Middelburg in 1581 en by 's-Gravenhage in 1586. Dit was die jare van afronding. In 1581 is byvoorbeeld vir die eerste keer van 'n kerkorde (Kerckenordeninghe), dit wil sê van 'n eie bundel met kerkordelike artikels, gepraat.

In 1618/19 het die sinode te Dordrecht eintlik maar die proses voltooi - sonder dat daarmee bedoel was dat dit as 'n onveranderlike dokument finaal afgehandel was.

In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geld die Dordtse kerkorde (DKO) vanaf die stigting in 1859. Ds Dirk Postma het egter voor die stigting van die Gereformeerde Kerk op 5 Januarie 1859 'n gewysigde kerkorde opgestel, ooreenkomstig artikel 86 van die DKO. Dit is verander en aangepas volgens die heersende omstandighede in die land. So blyk dit reeds uit die mededeling op 11 Januarie 1859 aan die Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR. Die klem was steeds dat die Gereformeerde Kerk in die ZAR nie net die Drie Formuliere van Eenheid wat in 1618/19 te Dordrecht vasgestel is, aanvaar nie, maar ook die kerkorde van dieselfde sinode. In die openlike verklaring wat op 14 Februarie 1859 vir die eerste keer verskyn het, staan daar ten opsigte van die kerkregering dat dit ingerig sal word "naar die van Dordrecht van 1618 en 1619". Die eerste sinode in 1862 het formeel besluit om nie die gewysigde kerkorde van ds Postma nie, maar die kerkorde van die sinode te Dordrecht van 1618/1619 vir die kerkregering van die Gereformeerde Kerke te aanvaar.

In die breë of ekumeniese gereformeerde kerklike gemeenskap in die wêreld vind ons heelwat kerkgemeenskappe wat steeds hulle kerkregering geheel en al of minstens op die basis van die Dordtse kerkorde van 1618/19 inrig.

4 Bedoeling en funksie van 'n kerkorde

Die kerkorde het 'n dienende karakter. Dit wil in die lig van pertinente uitsprake in die Woord (Matt 16:18 -19; Ef. 4:11-16; 1 Kor 14:26-40) waarop Calvyn dikwels ons aandag vestig as hy oor die kerkregering skryf, alleen diensbaar wees aan die opbou van die kerk. Die opstellers van ons kerklike verordeninge het van die gedagte uitgegaan dat juis die opbou van die kerk die vernaamste wet in die kerk is.

'n Kerkorde wil nie en mag nie probeer om die hele kerklike lewe te beheers of te reglementeer nie, en is nie vergelykbaar met 'n konstitusie van 'n vereniging nie.

Dit wil alleen daaraan diensbaar wees dat elke plaaslike kerk waarlik die beeld van die liggaam van Christus sal wees. Dit reël die wyse waarvolgens plaaslike kerke mekaar kan help en bystaan in die opbou van die kerk en sodat daar werklik eenheid in leer, diens (liturgie) en tug (kerkregering) kan wees.

Op die vraag wat dan in 'n kerkorde tuis hoort en wat alles daarin gereël behoort te word, het hervormers soos Bucer en Calvyn 'n duidelike en eenvoudige antwoord

gegee. 'n Kerkorde moet naamlik die orde wat God self vir sy kerk gegee het as basis aanvaar en dit in die lig van die Woord van God nader uitwerk en in verordeninge formuleer.

Die orde wat God vir sy kerk gegee het trek saam in die volledige versorging van sy kerk deur die bediening van die Woord, die sakramente en die tug. So word die kerk as 'n orde of liggaam van Christus saamgebind en opgebou.

Daarom moet die bepalinge in 'n kerkorde min en eenvoudig wees, en dien die merktekens van die ware kerk, naamlik suiwere bediening van die Woord, sakramente en tug ook as die wesenlike elemente van 'n kerkorde.

Kerklike verordeninge behoort in besonder daarop gerig te wees om die wyse waarop die sleutelmag van die kerk uitgeoefen word, nader te reël en te orden. Die sleutels van die koninkryk van die hemele wat Christus aan die kerk gegee het, naamlik die bediening van die Evangelie en die kerklike tug of dissipline (Matt. 16 en Sondag 31 Heidelbergse Kategismus) behoort net soos die merktekens van die ware kerk 'n integrale deel van 'n kerkorde uit te maak.

Wanneer ons nou na die indeling van die kerkorde kyk, bemerk ons dat dit inderdaad die geval is. Dit bevat basies bepalinge oor die bediening van die Woord (in gemeentes en in vergaderinge), die bediening van sakramente en die toepassing van die tug.

Die kerkorde is in die lig hiervan gerig op die ontsluiting van die koninkryk van die God en nie doel op sigself nie.

5 Gesag van die kerkorde

Die indruk mag nie bestaan of ontstaan dat 'n kerkorde soos 'n juk op ons gelê word en die groei van die kerk belemmer nie. Aan die ander kant is die kerklike bepalinge ook nie blote riglyne of adviese wat elke kerk of individu na eie oordeel kan aanvaar, wysig of ter syde stel nie.

Die gesag van 'n kerkorde lê nie in homself nie, maar in sy verbondenheid aan die Skrif en konfessie. Meer in besonder kan gesê word dat die gesag van die kerkorde bedienend van aard is en op twee ongelyke bene berus. Dit rus eerstens en finaliter op die Woord van God wat absolute gesag dra. In die tweede instansie dra die bepalinge wat die kerke by wyse van onderlinge instemming nodig ag, kerklike gesag (vgl artikels 1 en 86 van die kerkorde).

Die kerkorde het nie die aard of karakter van 'n selfstandige kerklike wet naas die Skrif nie. Vanweë sy verbondenheid aan die Woord van God en konfessie wil dit juis die gesag van die Woord van God bedien.

Die konfessie wil alleen naspreek en bely wat die Skrif openbaar. Dit is 'n antwoord op die Woord, niks anders en niks meer as 'n weerklank nie. Daarom is teksverwysings by 'n konfessie noodsaaklik. 'n Kerkorde bevestig die antwoord van die konfessie; soos die belydenis rus dit op die Skrif as enigste gesagsbron, maar wil graag die beginsels van die Skrif, soos in 'n konfessie verwoord, konkretiseer en

prakties laat toepas. Omdat 'n kerkorde hierdie besondere band met 'n konfessie het, is dit nie nodig om by elke artikel 'n Skrifbewys te voeg nie.

Die konfessie gaan ook die kerkorde vooraf. Alle kerke wat met mekaar een is in die leer, kom juis op grond daarvan byeen om die uitlewing van hulle onderlinge en gemeenskaplike geloof prakties te reël, en om die organisasie en regering van die kerke in 'n kerkorde uit te werk. Om aan bepaalde kerkordelike artikels uitvoering te gee, is ook weer liturgiese formuliere - wat gemeenskaplik gekeur en aanvaar is - nodig.

Na binne het die bepalinge dus bindende krag en moet dit as geldig beskou word en onderhou word. Na buite dien so 'n kerkorde - in regsterminologiese taal - as die interne verbandsreg van die bepaalde kerklike gemeenskap wat ooreen gekom het oor die wyse van kerkregering. In hierdie opsig is dit belangrik dat kerke in regspraak en besluite binne die raamwerk van die kerkorde sal bly. Geen kerk, persoon of kerklike vergadering kan in stryd met die kerkorde handel en pleit dat 'n hof nie sy besluite mag toets of ter syde stel nie.

6 Grondbeginsels van die Gereformeerde kerkregering

Ten grondslag aan die gereformeerde kerkregering soos dit in die kerkorde as die geldige kerkorde vergestalt word lê daar enkele beginsels. Hierdie beginsels of pilare waarop die presbiteriale kerkregeringstelsel rus, kan ook dien om die kerkorde mee te beoordeel en beter te verstaan. Dit word kortliks behandel.

6.1 Die koninkryk van God

Ons het aangetoon dat die bedoeling van die kerkorde daarop gerig is om diensbaar te wees aan die vestiging van God se orde en reg in sy liggaam of kerk deur die bediening van die Woord, die sakramente en die tug waardeur die koninkryk van God vir sy kerk oopgesluit word.

Die koninkryk van God is egter nie net die doelwit nie, maar ook die vertrekpunt of basis in gereformeerde kerkregering. Die eintlike en allesoorheersende beginsel in die gereformeerde kerkregering is die koninkryk van God. Hiermee bely ons dat Christus die enigste Hoof van die kerk is, en dat Hy deur sy Woord en Gees sy kerk regeer.

In die gereformeerde kerkregering setel die gesag in die Woord van God.

Ander stelsels van kerkregering wat hieronder genoem word, vertrek ook dikwels van die belydenis dat Christus die Hoof is van die kerk, maar in die praktyk blyk dit anders te wees:

In die Roomse stelsel trek die gesag in die pous en in konsilies saam; by die Lutherse stelsel in die landvors; by die Erastiaanse of Episkopaalse stelsels in die owerheid; by die Kongregasionalistiese stelsel in die plaaslike gemeente; by die Kollegialistiese stelsel in die individu of diegene aan wie die individue dit opdra.

Die charismatiese bewegings is meer geneig om die Woord en Gees van mekaar los te maak, en die gesag af te lei van die openbaring of lig wat bepaalde gelowiges van die Gees maar los van die Woord ontvang het.

6.2 Die dienste

Die Woord van God openbaar verder aan ons hoe Christus sy gesag en sy regering in die kerke wil laat bedien. Daarvoor gee hy gawes en dienste, en roep Hy mense in sekere dienste (of ampte) van lering, regering en versorging. Deur die diens van die Woord en onder leiding van die Gees vergader God sy kerk, en oral waar kerke ontstaan, word mense in die bepaalde dienste verkies en bevestig om daardie gelowiges toe te rus, op te bou in die geloof en in die eenheid van die geloof te bewaar. As sodanig gaan die dienste prinsipieel die kerk vooraf.

Christus dra nooit sy gesag oor aan die dienaars in die kerk nie, maar dra Hy dit wel aan hulle op om Hom in en aan die kerk te bedien. Die dienaars is niks meer as instrumente in die hand van die Heilige Gees nie.

In die Roomse stelsel word die biskop of pous - in plaas van om dienaar van Christus te wees - koning en hoof van die kerk. Die sogenaamde geestelikes is hoër as die leke, en in die geledere van die geestelikes vind ons 'n rangordelikheid met die pous as hoof van die kerkstruktuur sodat die Roomse stelsel hiërargies van aard is. By Luther word die dienste onder waardeur en eintlik net aan die predikamp aandag gegee, maar wel tereg melding gemaak van die algemene priesterskap van alle gelowiges. In die Lutherse stelsel (en so-ook in die Erastiaanse en Episkopale stelsels) het die landvors en owerheid mettertyd die verantwoordelikheid van die dienaars oorgeneem. In die Kongregasionalistiese en ook in die Kollegialistiese stelsel word die dienaars al te veel beskou as amptenare wat die wil van die gemeente alleen moet uitvoer omdat hulle deur die gemeente self daar gestel is, en met gesag bekleed is.

In die charismatiese groepe is die vertrekpunt die gedagte dat sommiges die salwing van die Gees ontvang het en besondere gawes het en daarom met gesag as dienaars kan optree.

6.3 Kerk en kerkbegrip

In die Gereformeerde kerkregering word uitgegaan van die Skriftuurlike feit dat elke plaaslike kerk 'n komplette kerk is, wat in ons gereformeerde belydenis bekend is as 'n vergadering van gelowiges. Dit beteken prakties dat 'n plaaslike kerk selfstandig bestaan en onder leiding van die kerkraad 'n regspersoon is. Daar bestaan uiteraard 'n besondere band tussen plaaslike kerke op grond van die eenheid in leer en kerkregering, sodat plaaslike kerke saam in meerdere vergaderings kan byeenkom, soos dit in die gemeenskaplike kerkorde bepaal en uiteengesit word. Volgens die Gereformeerde kerkregering is die byeenkoms of vergadering van kerke in 'n meerdere vergadering, soos 'n klassis of sinode nie 'n permanente liggaam (soos 'n streeks- of landskerk) of 'n regspersoon nie, maar slegs 'n geleentheid waar die kerke in die meerdere vergadering 'n agenda behandel en afhandel. Nadat die vergadering afgesluit het, ontbind die vergadering terwyl die besluite bly staan.

'n Fundamentele vertrekpunt is dat geen (plaaslike) kerk oor 'n ander kerk enige heerskappy mag voer nie, juis omdat elkeen volledig en kompleet kerk van Jesus Christus is.

Die Skrif leer ons dat die verskillende kerke mekaar in die regering van die kerk van Jesus Christus moet bystaan en help, saam oor moeilike sake sal oordeel, en mekaar tot diens behoort te wees.

In die Roomse stelsel word uitgegaan van die gedagte van een wêreldkerk wat funksioneer as 'n sigbare heilsinstituut en waarin tussen geestelikes en leke onderskei word. In reaksie teen die eensydige aksent wat die Roomse Kerk op die sigbaarheid van die kerk lê en die feit dat die koninkryk van God en die Roomse Kerk met mekaar geïdentifiseer word, het Luther weer die onsigbaarheid van die kerk oorbeklemtoon. Dit was die rede waarom die organisasie van die sigbare kerk by die Lutherse Kerk te veel in die hande van die landsvors oorgelaat is. In die Lutherse Kerk kry ons daarom ook die gedagte van landskerke onder die regering van die betrokke vors van die land. By die Kongregasionaliste word die gedagte van die selfstandigheid van 'n plaaslike kerk so beklemtoon dat dit ontaard in die outonomie en onafhanklikheid van elke gemeente (vandaar die naam independentisme). Waar die Roomse Kerk die koninkryk en kerk met mekaar vereenselwig, het die Kollegialisme die kerk weer totaal losgemaak van die koninkryk. Volgens hierdie stelsel is die kerk - soos die staat of enige ander samelewingsverband - die resultaat van die wilsbesluit van 'n groep individue, en kom die kerk derhalwe uit die mens self op en kan dit beskou word as 'n gewone vereniging.

In die Gereformeerde kerkregering is meerdere vergaderinge belangrik en die besluite daarvan bindend - hoewel altyd toetsbaar aan die Woord en konfessie - maar meerdere vergaderinge konstitueer nie 'n kerk nie. Anders gestel: dit is nie die kerk (enkelvoud) wat daar vergader nie, maar wel verteenwoordigers of afgevaardigdes van kerke wat saamkom.

Onder invloed van die Kollegialisme en Presbiterianisme bestaan die neiging om die kerk van Christus as 'n groot struktuur of selfs magstruktuur teenoor of naas die staat te beskou en wat dan deur sinodes regeer word. Op hierdie wyse word die presbiteriale regering deur sinodale regering vervang.

Waar die kerk volgens die gereformeerde belydenis op grond van die uitverkiesende genade van God in Jesus Christus as 'n gemeenskap van gelowiges beskryf word, is die charismatiese bewegings eerder samekomste van individue op grond van hul eie subjektiewe besluite.

6.4 Kerk-owerheid (staat)

In die Gereformeerde kerkregering word die taak en terrein van die kerk en die owerheid duidelik van mekaar onderskei. Sowel die kerk as die owerheid is dienaars van God en albei op eiesoortige wyse diensbaar aan die koninkryk van God.

Hiervolgens moet die kerk die owerheid gehoorsaam, voorbidding doen vir die owerheid en by geleentheid getuig teenoor die owerheid. Die owerheid weer is

geroep om vir die kerk ruimte te skep om sy roeping in die wêreld te volbring, hom te beskerm en daartoe by te dra dat die koninkryk van God gedien sal word. Elkeen regeer egter in sy eie terrein en geeneen voer oor die ander heerskappy nie.

In ander stelsels van kerkregering word die terreine van die kerk en die owerheid soms totaal geskei of heeltemal vermeng of deur een van die twee oorheers. Die Roomse Kerk glo byvoorbeeld dat die pous albei swaarde dra, naamlik die geestelike sowel as die wêreldlike swaard. Die Episkopale en Erastiaanse stelsel van kerkregering gee alle regeermag in die kerk en die wêreld aan die owerheid oor, terwyl die moderne neiging bestaan om die owerheid volkome neutraal teenoor die kerk te laat optree. Sodoende word die kerk en owerheid totaal van mekaar geskei. Die charismatiese bewegings lê eensydig die aksent op die geestelike werklikheid, staan grootliks neutraal teenoor die burgerlike regering, en in sommige gevalle selfs vyandig teenoor die natuurlike lewe en die burgerlike regering.

7 Samevattend

Dit is duidelik dat die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n kosbare kleinood is. Tog is dit geensins 'n kanonieke geskrif nie. Dit waarborg nie op sigself 'n volmaakte kerk of kerkregering nie, maar wil alleen diensbaar wees aan die Christusregering.

Die kerkorde moet noukeurig en met diskresie hanteer word. Die Skrifbeginsels van kerkregering moet telkens agter 'n bepaalde artikel van die kerkorde raakgesien of gesoek word en artikels moet sowel afsonderlik as in samehang met mekaar en selfs in die geheel van die kerkorde gelees en gebruik word.

Ons bederf is dat u die kerkorde 'n nuttige en noodsaaklike instrument sal vind wat sal meehelp om die kerk van Jesus Christus te bou.

DEEL 1: DIE KERKORDE MET VERWYSINGS

Die Sinode van Reddersburg het die Dordtse kerkorde van 1618/1619 vir die kerkregering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aanvaar. Verskillende sinodes het dit ooreenkomstig artikel 86 gewysig om nou soos volg te lui:

Artikel 1

Om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou, is daarin nodig: die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en die kerklike tug, waaroor hierna agtereenvolgens gehandel word.

Artikel 2

Daar is vier soorte dienste: die van die bedienaars van die Woord, die van die professore aan die Teologiese Skool, die van die ouderlinge en die van die diakens.

Artikel 3

Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie.

Artikel 4

Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie en wat deur die klassis waarin hy woonagtig is, voorbereidend (preparatoir) geëksamineer is, bestaan uit:

ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede, deur die kerkraad en die diakens volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of soos deur die kerkraad vasgestel is en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;

ten tweede, die ondersoek na die leer en lewe (peremptoir) van die beroepene deur die klassis (waar die beroeping ter goedkeuring voorgelê moet word) wat met advies van die deputate van die streeksinode moet plaasvind;

ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk wat daarin bestaan dat daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie;

ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die klassikale deputate, volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Saak	Bladsy
Begeleidende brief	108
Beroepbaarstelling van kandidate en proponente uit erkende Gereformeerde Kerke	74

Beroepbaarstelling van predikante wat bedank het	55
Beroepsbrief	108
Byvoegsel vir kombinasieberoepe	110
Eksamen met die oog op proponering en bevestiging	74
Eksamen van persone wat elders gestudeer het	74
Eksamens	74
Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord	
Kennisgewing van die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord aan die Klassis	116
Kombinasieberoepe	56
Ondertekeningformulier vir predikante	122
Ondertekeningformulier vir professore	124
Ondertekeningformulier vir proponente	125
Proponente wat lank wag vir 'n beroep	93
Staking van stemme by oorweging van toelating	80
Toelating van 'n blinde tot die bediening van die Woord	95
Toelatingprosedure	

Artikel 5

Waar 'n bedienaar van die Woord van een kerk na 'n ander binne die kerkverband beroep word, geskied dit soos volg:

ten eerste, die verkiesing deur die kerkraad en die diakens na voorafgaande gebede, met onderhouding van die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is en van die algemene ordinansies vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedien het en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;

ten tweede, die goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk, as daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige besware ingedien is nie;

ten derde, die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassikale deputate van die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van die losmaking.

ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is.

Saak	Blads
Begeleidende brief	108
Beroeping van 'n leraar	58
Beroepsbrief	108
Byvoegsel vir kombinasieberoep	110
Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord	
Kennisgewing van die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord aan die Klassis	116
Kennisgewing van die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord aan die Klassis	116
Losmaking en bevestiging van predikante	86
Losmaking en bevestiging van predikante as professore in teologie	86
Losmaking van 'n vertrekkende bedienaar van die Woord	119

Artikel 6

Geen bedienaar van die Woord mag onder 'n beskermheer of in gestigte of op 'n ander wyse diens van die Woord aanvaar nie, tensy hy daarvoor toestemming verkry het en toegelaat is volgens die voorgaande artikels; en hy is ook net soos die ander aan die Kerkorde onderworpe.

Saak	Blads
Ooreenkomste tussen staatsdepartemente en plaaslike kerke	90

Artikel 7

As iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde kerk beroep word, moet hy op die bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader.

Artikel 8

Iemand wat nie gestudeer het nie, sal nie tot die diens van die Woord toegelaat word nie, tensy daar sekerheid is van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidingsvermoë sowel as gawes van welsprekendheid. As so iemand hom aanmeld, moet die klassis, as die streeksinode dit goedvind, hom eksamineer en na gunstige bevinding hom vir 'n tyd lank private preekproewe laat lewer, om dan met hom te handel soos die klassis stigtelik oordeel.

Artikel 9

Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot versigtigheid en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is.

Artikel 10

'n Bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, mag die kerk waaraan hy verbonde is, nie sonder bewilliging van die kerkraad met die diakens en toestemming van die klassis verlaat om op 'n ander plek 'n beroep op te volg nie; en geen ander kerk mag hom ontvang voordat hy van die kerk en klassis wat hy gedien het, wettige getuienis van sy losmaking getoon het nie.

Saak	Blads
Beroeping van 'n predikant	58
Losmaking en bevestiging van predikante	86
Losmaking en bevestiging van predikante as professore in teologie	86

Artikel 11

Die kerkraad wat die kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou of hulle uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis met advies van die deputate van die streeksinode nie.

Saak	Blads
Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgings-kombinasie	
Reglement vir die GKSA Pensioenfonds	

Artikel 12

Omdat 'n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, mag hy nie tot 'n ander staat van die lewe oorgaan nie, behalwe om gewigtige redes waaroor die kerkraad en die klassis moet oordeel met advies van die deputate van die streeksinode.

Saak	Blads
Beroepbaarstelling van predikante wat bedank het	55
Eiewillige neerlegging van die amp	37
Samehang van artikels 12-14	44

Verlies van amp	93
-----------------	----

Artikel 13

As 'n bedienaar van die Woord, volgens oordeel van die kerkraad met goedkeuring van die klassis en advies van die deputate van die streeksinode onbekwaam word vir die uitoefening van sy diens weens ouderdom, siekte of andersins, behou hy die eer en die naam van 'n bedienaar van die Woord en moet die kerk wat hy gedien het, hom in sy nooddruf eervol versorg.

Saak	Blads
Betalingsadvies	58
Emeriteringsouderdom van predikante en professore	78
Konsep-emeritusverklaring	113
Ordereëling mediese versorging van Predikante en Emeriti	
Ordereëling Thuso-fonds	
Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgings-kombinasie	
Reglement vir die GKSA Pensioenfonds	
Samehang van artikels 12-14	44

Artikel 14

'n Bedienaar van die Woord wat weens siekte of om enige ander rede sy diens 'n tyd lank moet onderbreek, wat nie sonder bewilliging van die kerkraad en advies van die klassis mag gebeur nie, bly steeds onderworpe aan die beroeping van daardie kerk.

Saak	Blads
Onderbreking van diens vir 'n tyd	89
Samehang van artikels 12-14	44

Artikel 15

Geen bedienaar van die Woord mag in 'n ander kerk die Woord of sakramente bedien sonder bewilliging van die kerkraad van daardie kerk nie en niemand wat die diens van sy kerk onderbreek of nie in vaste diens staan nie, mag hier en daar gaan preek sonder die toestemming van die klassis of 'n streeksinode nie.

Artikel 16

Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die sakramente te bedien, om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as op die gemeente en eindelik om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind.

Artikel 17

Waar daar meer as een bedienaar van die Woord aan 'n kerk verbonde is, moet in hulle dienspligte sowel as in die ander opsigte volgens die oordeel van die kerkraad en, indien nodig, van die klassis, soveel moontlik gelykheid bestaan. Dit moet ook in die geval van die ouderlinge en die diakens onderhou word.

Artikel 18

Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool is om bedienaars van die Woord op te lei, die Heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig.

Saak	Blads
Ooreenkoms tussen GKSA en NWU	
Tug oor professore (Acta 1994:462 – 465)	

Artikel 19

Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar studente in die Teologie is wat deur hulle ondersteun word.

Saak	Blads
Oefening van preekgawes	89

Artikel 20

By die afsterwe van 'n bedienaar van die Woord moet die kerk wat hy gedien het of in die geval van 'n professor aan die Teologiese Skool, die kerkverband, sy weduwee en afhanklike(s) eervol in hulle nooddruf versorg.

Saak	Blads
Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgings-kombinasie	
Reglement vir die GKSA Pensioenfonds	

Artikel 21

Die kerkrade moet toesien dat *die* ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied.

Saak	Blads
Ooreenkoms tussen GKSA en NWU	

Artikel 22

Die ouderlinge word deur die gemeente onder die leiding van die kerkraad verkies volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is. By hierdie reëling staan dit elke kerkraad vry om vooraf aan die gemeentelede geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig en om saam met die diakens vir die verkiesing die nodige aantal ouderlinge aan die gemeente vir approbasie voor te dra of om tweetalle of 'n dubbele getal te stel waaruit die gemeente die nodige aantal kies. Die verkose broeders word, nadat hulle name verskillende male afgekondig is en geen wettige beswaar ingekom het nie, bevestig volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Saak	Blads
Formulier vir die bevestiging van ouderlinge	
Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens	

Artikel 23

Die amp van die ouderlinge is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê, ook om toesig te hou dat bedienaars van die Woord, hulle mede-ouderlinge en die diakens hulle ampte getrou bedien; verder om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na nagmaal, om die lidmate veral te vertroos en te onderrig en om ook ander tot die Christelike godsdiens op te wek.

Saak	Blads
Funksionele differensiasie	78
Huisbesoek by predikante en ouderlinge	79

Artikel 24

Wat gebruiklik is in die geval van die ouderlinge, moet ook onderhou word by die verkiesing, goedkeuring en bevestiging van die diakens.

Saak	Blads
Formulier vir die bevestiging van diakens	
Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens	

Artikel 25

Die amp van die diakens is om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. Hulle opdrag is om almal in die gemeente te besoek en uit die Skrif toe te rus en aan te spoor tot daadwerklike liefde teenoor almal, in besonder teenoor die medegelowiges; verder sien hulle toe dat niemand om watter rede ook al van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie. Die liefdesgawes moet sorgvuldig ingesamel, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitgedeel word. Die diakens doen in die kerkraad verslag van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente soos wat die kerkraad dit geskik ag.

Saak	Blads
Gebruik van opgeleide en bevoegde helpsters vir hulpdiens in diakonale arbeid	61
Inhoud van die diakenamp (Acta 1982:468-469, art. 118)	
Versorging van armes buite die diakonie om	97

Artikel 26

Die diakens moet ander liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, versoek om met hulle oorleg te pleeg sodat die gawes des te beter uitgedeel kan word onder die wat die meeste gebrek het.

Saak	Blads
Die plek van die barmhartigheidsinrigtings in die kerkverband	68
Konstitusie Kinderhuise	
Reglement SDDS	
Verhouding met die Residentia Stigting	95

Artikel 27

Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël soos hy tot die meeste stigting van die kerk ag. By periodieke aftreding na minstens twee jare diens of meer, moet 'n eweredige deel jaarliks aftree.

Artikel 28

Soos dit die plig van die owerhede as instellings van God is om aan die kerk en sy ampsdraers hulp en beskerming te bied, so is dit die plig van alle predikante, ouderlinge en diakens om die gehoorsaamheid en eerbied wat aan die owerheid verskuldig is, getrou en ywerig by die gemeente in te skerp en hulle moet trag om in die vrees van die Here, die guns van die owerheid jeens die kerke op te wek en te behou in belang van die kerke. Dit is ook die plig van die kerklike vergaderings om korrespondensie met die owerheid te onderhou om die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig.

Artikel 29

Kerklike vergaderings wat onderhou word, is: kerkraad, klassis, streeksinode en algemene sinode.

Saak	Blads
Openlike Verklaring	127

Artikel 30

Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort.

Saak	Blads
Die roeping van die kerk in die volkslewe	69

Artikel 31

As iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verontreg is, mag hy hom op 'n meerdere vergadering beroep. Wat met 'n meerderheidstem besluit is, sal vir vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit met die Woord van God of die artikels van die Kerkorde in stryd is.

Saak	Blads
Kworum	82

Prosedure vir behandeling van appèlsake	37
Reg tot repliek	94
Stemming op kerklike samekomste	95
Tyd van indiening van appèl	Error ! Book mark not defined.

Artikel 32

Alle vergaderinge moet met aanroeping van die Naam van God geopen en met danksegging gesluit word.

Artikel 33

Die afgevaardigdes na die meerdere vergaderinge moet hulle geloofsbriewe en opdragte saambring, onderteken deur die wat hulle stuur; en elke afgevaardigde sal 'n keurstem hê, behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan.

Saak	Blads
Konsep-geloofsbrief	115
Kredensiebriewe	82

Artikel 34

In alle vergaderinge moet by die praeses 'n skriba gevoeg word om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word.

Artikel 35

Op meerdere vergaderinge presideer 'n bedienaar van die Woord en die werk van die praeses is om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek, om die wat redetwis en alte heftig spreek die swye op te lê en as hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. Sy amp hou op as die vergadering beëindig is.

Artikel 36

Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad wat die streeksinode oor die klassis, die algemene sinode oor die streeksinode.

Artikel 37

In alle kerke moet 'n kerkraad wees wat bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge, wat gereeld vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of die bedienaars om die beurt as daar meer as een is.

Artikel 38

Waar 'n kerkraad vir die eerste maal of opnuut ingestel word, moet dit geskied met advies van die klassis. As die aantal ouderlinge klein is, kan die diakens deur plaaslike reëling by die kerkraad gereken word; dit moet egter altyd gedoen word waar die aantal ouderlinge minder as drie is.

Saak	Blads
Die naam van 'n kerk	87
Grensreëlins	79
Kerkseel	
Nuwe gemeentes	89

Artikel 39

Plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie, moet deur die klassis onder die sorg van 'n naburige kerkraad gestel word.

Saak	Blads
Verspreidwonende lidmate	99

Artikel 40

Die diakens moet gereeld saamkom om met die aanroeping van die Naam van God te handel oor die sake wat hulle amp aanbetref en die bedienaar(s) van die Woord moet daarvoor goed toesig hou en, indien nodig, daarby teenwoordig wees.

Artikel 41

Die klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, waar nie 'n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig. Die plek en die tyd van die volgende vergadering word deur die vorige vergadering bepaal. Op hierdie vergadering moet die bedienaars van die Woord om die beurt presideer of anders die een wat deur die vergadering gekies word, maar dieselfde bedienaar mag nie op twee agtereenvolgende vergaderinge gekies word nie. Die praeses moet onder andere vra of die kerke kerkraadsvergaderings hou, of die kerklike tug uitgeoefen word, of die armes en die skole versorg word en of daar iets is waarin 'n kerk die oordeel en die hulp van die klassis vir sy regte bestuur nodig

het. Op die laaste vergadering voor die streeksinode moet die afgevaardigdes na hierdie sinode gekies word.

Saak	Blads
Openlike Verklaring	127
Toepassing van art. 41 en 44 KO	44

Artikel 42

Waar in 'n kerk meer as een bedienaar van die Woord is, kan ook die wat nie volgens die bogenoemde artikel afgevaardig is nie, in die klassis teenwoordig wees met adviserende stem.

Artikel 43

Aan die einde van die klassikale en ander meerdere vergaderings moet sensuur uitgeoefen word oor die wat iets tugwaardigs in die vergadering gedoen of die vermaning van die mindere samekomste verontagsaam het.

Artikel 44

Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vermaan en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk.

Saak	Blads
Leidraad by die toepassing van art. 44 KO	44
Toepassing van art. 41 en 44 KO	44

Artikel 45

Elke meerdere vergadering benoem 'n korresponderende kerkraad of deputate vir korrespondensie wat alle stukke en dokumente van die vergadering ontvang en bewaar en sy handeling op die volgende vergadering besorg. Eweneens benoem elke meerdere vergadering 'n roepende kerkraad om die volgende vergadering op te roep en te ontvang op die vasgestelde tyd en plek of anders op die tyd en plek wat die roepende kerkraad in die geval van die streeksinode, volgens advies van sy klassis en in die geval van die algemene sinode, volgens advies van sy streeksinode, bepaal.

Saak	Blads
Die Argief	37

Artikel 46

Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.

Saak	Blads
Behandeling van beswaarskrifte	58

Artikel 47

Die streeksinode is 'n vergadering van naburige klassisse waarheen elke klassis 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die streeksinodes bepaal. Die streeksinode vergader jaarliks tensy dit na die oordeel van minstens twee klassisse noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.

Saak	Blads
Afvaardiging na streeksinode	37
Openlike Verklaring	127
Sekundi vir afvaardiging na meerdere vergaderings	95

Artikel 48

Onderskeie klassisse en streek sinodes onder kerke in algemene sinodale verband, kan met naburige klassisse, streeksinodes onderskeidelik, korrespondensie hou soos elkeen dit vir die algemene welsyn die beste ag.

Artikel 49

Elke meerdere vergadering benoem deputate om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag. Die streeksinode benoem in elk geval deputate om aan klassisse hulp te bied in voorkomende moeilikhede en om teenwoordig te wees by die proponent-eksamen (peremptoir). Vir die onderskeie belange, moet soveel moontlik afsonderlike groepe deputate benoem word. Hierdie deputate hou van al hulle handelinge notule om aan die meerdere vergadering verslag te doen. Slegs die betrokke meerdere vergadering kan hulle van hierdie opdrag onthef.

Saak	Blads
Deputate vir hulp hierbo genoem - vgl. artikels 4, 11, 12, 13 en 79 KO	
Riglyne vir die opstel van rapporte	93

Artikel 50

Die algemene sinode is 'n vergadering van al die streeksinodes (of betrokke mindere vergaderings) waarheen elke streeksinode (of betrokke mindere vergadering) 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos die algemene sinode bepaal, afvaardig. Die algemene sinode vergader driejaarliks tensy dit na die oordeel van minstens twee streeksinodes (of betrokke mindere vergaderings) noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.

Saak	Blads
Openlike Verklaring	127
Reglement van Die Administratiewe Buro	
Werkwyse van Algemene Sinode	99

Artikel 51

Die algemene sinode stel 'n sendingorde vas in sover algemene bepalings daarvoor nodig is.

Saak	Blads
Sendingorde	

Artikel 52

Kerklike korrespondensie en samewerking of kontak met kerke en kerklike instansies buite die algemene sinodale verband, word in 'n algemene sinode gereël.

Saak	Blads
Korrespondensie - Algemeen	81
Korrespondensie - Huidige praktyk	82

Artikel 53

Die bedienaars van die Woord en ook die professore aan die Teologiese Skool moet die drie Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht 1618-19 onderskryf en onderteken en die wat weier om dit te doen, moet metterdaad in hulle diens geskors word deur die kerkraad of klassis en in die geval van professore, deur die algemene sinode, totdat hulle hul daaroor volledig verantwoord het. As hulle hardnekkig weier, moet hulle heeltemal van hulle diens afgesit word.

Saak	Blads
Ondertekeningformulier vir bedienaars van die Woord	122
Ondertekeningformulier vir professore	124
Tug oor professore (Acta 1991:731-733, pt. 2.1.6 - 2.1.11; Acta 1994:462 – 465)	

Artikel 54

Ook die ouderlinge en die diakens en diegene wat deur 'n klassis as proponente toegelaat word, moet die genoemde Formuliere van Eenheid onderskryf en onderteken.

Saak	Blads
Ondertekeningformulier vir ouderlinge en diakens	
Ondertekeningformulier vir proponente	125

Artikel 55

Om die suiwere leer in die gemeente te handhaaf en om die valse leringe en dwalinge te weer, wend die bedienaars van die Woord en die ouderlinge by die uitoefening van hulle onderskeie ampte, by die bediening van die Woord, by die kategetiese onderrig en by die huisbesoek, die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning aan.

Artikel 56

Die verbond van God moet so spoedig moontlik aan die kinders van die Christene in die erediens met die Heilige Doop beseël word volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is.

Saak	Blads
Bediening van die doop	71
Doop deur sektes bedien	71
Doop van aangenome kinders	72
Doop van kinders in inrigtings	72
Doop van kinders in pleegsorg	72
Doop van kinders van ouers wat nie belydenis van die geloof afgelê het nie	74
Eenvormigheid van dooppraktyk	74
Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders	
Onnodige vertraging van die doop	90

Artikel 57

Die bedienaars van die Woord moet toesien dat die vader, moeder of voogde die doop vir hulle kinders aanbied.

Artikel 58

Die bedienaar van die Woord moet by die doop van klein kinders sowel as van volwasse persone die onderskeie formuliere gebruik wat daarvoor vasgestel is.

Saak	Blads
Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders	
Formulier vir die bediening van die heilige doop aan volwassenes	

Artikel 59

Volwassenes word deur die doop in die kerk van Christus ingelyf en as lidmate van die kerk opgeneem en daarom is hulle verplig om die Nagmaal van die Here te gebruik soos hulle by hulle doop belowe het om te doen.

Saak	Blads
Formulier vir die bediening van die heilige doop aan volwassenes	

Artikel 60

Die name van die gedooptes en van hulle ouers of voogde sowel as die datums van geboorte en doop moet opgeteken word.

Artikel 61

Tot die Heilige Nagmaal word alleen diegene toegelaat wat volgens gebruik van die plaaslike kerk belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome wandel besit. Sonder sodanige getuienis moet ook diegene wat uit ander kerke kom, nie toegelaat word nie.

Saak	Blads
(Gewone) Reisattestatie	120
Aansluiting by 'n Gereformeerde Kerk	37
Attestasie vir belydende lidmate en gesinne	106
Attestasie vir dooplidmate	107
Bewys van lidmaatskap	61
Doop by (her)opname (vgl. doop deur sektes bedien by art. 56 KO)	71
<i>Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof</i>	
Noukeurige attestering	52
Reisattestatie vir SANW, SAPD en Korrektiewe Dienste	121
Reisattestasies	94
Weiering om attestasie aan te vra	99

Artikel 62

Elke kerk moet die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat na die preek en algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word.

Saak	Blads
Formulier vir die viering van die heilige nagmaal	
Kelkies	80
Lees van formulier	89
Verkorte formulier vir die viering van die heilige nagmaal	
Verkorte formulier vir die viering van die heilige nagmaal (Moderne Afrikaans)	

Artikel 63

Die nagmaal van die Here moet minstens elke drie maande gehou word.

Artikel 64

Die bediening van die nagmaal vind alleen in 'n erediens plaas onder toesig van die ouderlinge.

Artikel 65

Lykpredikasies of lykdienste mag nie ingevoer word nie.

Saak	Blads
Begrafnis nie 'n erediens nie	52
Lykverbranding	87

Artikel 66

In tye van oorlog, pestilensie, algemene volksrampe en ander groot beproewings waarvan die druk oral in die kerke gevoel word, moet die klassis wat daarvoor deur die algemene sinode aangewys is, 'n dag van verootmoediging en gebed uitskrywe.

Artikel 67

Die onderhouding van die Christelike feesdae, Kersdag, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag word aan die vryheid van die kerk oorgelaat.

Artikel 68

Die bedienaars van die Woord moet op Sondag, gewoonlik in die tweede diens, die hoofinhoud van die Christelike leer soos vervat in die Heidelbergse Kategismus uitleë en soveel moontlik jaarliks afhandel volgens die Sondagsafdeling daarvan.

Artikel 69

In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander skrifberyminge en Skrifgetroue liedere wat die sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerke gelaat.

Artikel 70

Kerkrade moet toesien dat die huwelik as heilige verbintenis in die Here aangegaan word volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is.

Saak	Blads
Afkondiging van huweliksgebooie	80
Formulier vir die huweliksbevestiging	
Gemengde huwelike	78
Grond vir egskeiding	74
Huwelike sonder kerklike inseëning	80

Artikel 71

Die kerklike tug is geestelik, daarom is, afgesien van die burgerlike straf, die kerklike sensuur noodsaaklik om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.

Saak	Blads
Tug oor dooplidmate	96

Artikel 72

As iemand dan ten opsigte van die suiwerheid van die leer of vroomheid van die wandel sondig, moet, in sover dit heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie, die reël onderhou word soos Christus duidelik in Mattheus 18 voorskrywe.

Saak	Blads
Vrymesselary	99

Artikel 73

Die heimlike sondes waaroor die sondaar berou het nadat hy deur een persoon afsonderlik of in teenwoordigheid van twee of drie getuies vermaan is, moet nie voor die kerkraad gebring word nie.

Artikel 74

As iemand, nadat hy deur twee of drie persone in liefde oor 'n heimlike sonde vermaan is, geen gehoor gee nie of 'n openbare sonde bedryf het, moet dit by die kerkraad aanhangig gemaak word.

Artikel 75

Die versoening oor alle sondes wat uit hulle aard of deur veragting van die kerklike vermaninge openbaar geword het, moet, as daar genoegsame tekens van boetvaardigheid is, in so 'n vorm en op so 'n wyse plaasvind soos elke kerkraad dit vir die stigting van die kerk nodig oordeel. Indien daar verskil is in die kerkraad oor die vraag of die versoening in bepaalde gevalle in die openbaar moet plaasvind, moet daaroor met advies van twee naburige kerkrade beslis word.

Artikel 76

Diegene wat hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp en ook die wat 'n openbare of anders 'n growwe sonde gedoen het, moet van die sakramente van die Here afgehou word.

Artikel 77

Diegene wat na afhouding van die sakramente en na herhaalde vermanings geen teken van boetvaardigheid laat blyk nie, maar hardnekkig in die sonde volhard, moet eindelijk met die laaste tugmiddel, die afsnyding van die gemeenskap van die kerk afgesny word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is. Die finale afsnyding moet voorafgegaan word deur drie openbare afkondigings daarvan aan die gemeente, waarin vermeld moet word wat die oortreding van die sondaar is, dat daar veel arbeid aan hom bestee is deur bestraffing, afhouding van die sakramente en menigvuldige vermaninge en dat hy hom nie bekeer het nie. In hierdie afkondiginge moet die gemeente opgewek word om met die sondaar te spreek en vir hom te bid. By die eerste afkondiging moet die naam van die sondaar, om hom enigsins te spaar, nie genoem word nie. By die tweede moet met advies van die klassis ook sy naam genoem word. By die derde moet aan die gemeente bekend gemaak word dat die sondaar, as hy hom nie bekeer nie, van die gemeenskap van die kerk afgesny sal word, sodat sy afsnyding met die stilswyende bewilliging van die gemeente kan plaasvind as hy hardnekkig bly. Die kerkraad bepaal die tyd wat vir elke afsonderlike geval tussen die drie afkondiginge moet verloop.

Saak	Blads
Formulier vir die ban of afsnyding van 'n lidmaat van die gemeente	

Artikel 78

As iemand wat afgesny is hom weer deur boetvaardigheid met die gemeente wil versoen, moet dit - voor die viering van die Heilige Nagmaal, of anders wanneer dit

geleë is - tevore aan die gemeente bekend gemaak word, sodat hy by die eersvolgende nagmaal, as niemand daarteen beswaar inbring nie, openlik met betuiging van sy bekering weer opgeneem kan word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Saak	Blads
Formulier om 'n afgesnyde lidmaat weer in die gemeente van Christus op te neem	

Artikel 79

As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf wat in die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, moet hulle deur die kerkraad dadelik voorlopig in hul amp geskors word; ouderlinge en diakens moet dan deur die kerkraad en 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade in hulle amp geskors of daarvan afgesit word. Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade egter net geskors word, waarna die klassis met advies van die deputate van die streeksinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet word.

Saak	Blads
Beroepbaarstelling van predikante wat bedank het	55
Die woord "kerkraad" in art. 79 KO	80
Eiewillige neerlegging van die amp	37
<i>Tug oor professore (Acta 1994:462-465)</i>	
Tughandelings emerituspredikant	97
Tughandelings oor ampsdraers	96

Artikel 80

Onder die growwe sondes wat skorsing in of afsetting uit die diens verdien, is die volgende die vernaamste: valse leer of kettery, openbare skeurmakery, openbare godslastering, simonie, trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van 'n ander, meened, egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoontedronkenskap, vegtery, onregverdige winsbejag - kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en die kerk eerloos maak.

Artikel 81

Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan.

Artikel 82

Aan diegene wat uit die gemeente vertrek, moet die kerkraad 'n attestasie (getuienis) van hulle belydenis en wandel saamgee wat deur twee van sy lede onderteken is.

Saak	Blads
Attestasie vir belydende lidmate en gesinne	106
Attestasie vir dooplidmate	107
Bewys van lidmaatskap	61
<i>Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof</i>	
Noukeurige attesting	52
Reisattestatie vir SANW, SAPD, Korrektiewe dienste	121
Reisattestaties	94
Voorstellingsvorm: buiteland	117
Weiering om attestasie aan te vra	99

Artikel 83

Aan armes wat om gegronde redes uit die gemeentes vertrek, gee die diakens soveel middele as wat hulle nodig oordeel en hulle pleeg oorleg oor die verdere versorging met die diakens van die gemeente waarheen die armes vertrek het.

Artikel 84

Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie.

Artikel 85

In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, nie veroordeel word nie.

Artikel 86

Hierdie artikels wat betrekking het op die wettige orde van die kerk, is so opgestel en aangeneem met algemene stemme dat hulle, as die belang van die kerk dit anders vereis, verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word. Geen besondere kerk, klassis of sinode het egter die reg om dit te doen nie, maar hulle moet hul daarop toelê om dit te onderhou, totdat die algemene sinode anders verorden.

DEEL 2: BYLAES BY DIE KERKORDE

Aansluiting by 'n Gereformeerde Kerk

Elkeen wat uit 'n ander kerkgenootskap hom wil voeg by 'n Gereformeerde Kerk, moet deur die volle kerkraad of 'n kommissie uit die kerkraad ondersoek word oor die redes vir sy oorkoms (Acta 1873:48).

Afvaardiging na Algemene Sinode¹

- 1.1 Die streeksinodes vaardig 'n gelyke getal predikante en ouderlinge na die Algemene Sinode af; gelykstaande aan 16 predikante en 16 ouderlinge, d.w.s. 32 afgevaardigdes per streeksinode.
- 1.2 Om die band met die onderskeie kerke te behou, word die volgende aanbeveel: Afvaardiging moet geskied volgens beginsel van die Kerkorde (artikel 41, 47, 50 KO). By afvaardiging moet die volgende onderhou word:
 - 1.2.1 Die streeksinode vaardig 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge na die Algemene Sinode af.
 - 1.2.2 Uit elke klassis moet broeders afgevaardig word (Acta 1976:463-464).

Afvaardiging na Streeksinode

Die streeksinode bepaal die getal afgevaardigdes wat deur elke klassis in sy ressort gedeputeer moet word (Acta 1976:464, pt. C.3.3).

Amp - eiewillige neerlegging

Eiewillige neerlegging van die amp mag nie met kennisname afgehandel word nie. Omdat die uitwendige roeping van die kerk uitgaan, moet deur die kerk beslis word dat die eiewillige daad die reg om die werk van 'n bedienaar van die Woord uit te oefen, beëindig het. Dit word volgens die kerkordelike weg in artt. 79 en 80 KO gedoen: voorlopig deur die kerkraad en finaal deur die klassis met deputate van die streeksinode (Acta 1973:317).

Appèlsake - prosedure vir behandeling

(Goedgekeur deur Sinode 2015)

1 Basiese riglyne vir appèlle

- 1.1 'n Appèl handel slegs oor die besluit waarteen geappelleer word en nie oor omringende oorwegings of aangeleenthede nie.
- 1.2 Die doel van 'n appèl is uitsluitlik om moontlike onreg wat deur die betrokke besluit veroorsaak is of kan word, ooreenkomstig die Woord van God of die Kerkorde uit die weg te ruim.

¹ Tot 2006 was die Algemene Sinode drie onderskeie Nasionale Sinodes

- 1.3 Alles moet in werking gestel word om vooroordeel uit die appèlproses te weer.
- 1.4 Geen persoon mag regter in eie saak wees nie.
- 1.5 Alle kante van die saak moet gestel kan word en moet aangehoor word.
- 1.6 Hoewel alle tegniese, formele en prosedurele vereistes vir appèlle nagekom moet word, word bevindings oor appèlle op substantiewe en nie op bloot formele gronde nie, beslis.

Aard van 'n appèl

2.1 'n Appèl kan ingevolge Kerkorde artikel 31 teen 'n spesifieke besluit of handeling van 'n kerkraad, 'n klassis of 'n streeksinode aangeteken word. Die appèl moet van 'n mindere na 'n meerdere vergadering wees.

'n Appèl kan slegs aangeteken word wanneer 'n besluit strydig is met –

2.2.1 die Woord van God, en/of

2.2.2 'n bepaling van die Kerkorde,

en die appellant deur die besluit of handeling verontreg is.

2.3 Die beweerde verontregting moet betrekking hê op 'n kerklike aangeleentheid soos verwoord in Kerkorde artikel 30 waarby die appellant 'n regstreekse belang het.

2.4 Die appèl moet dien tot eer van God, tot stigting van die kerk van Jesus Christus en die herstel van reg.

3 Deputate vir appèl

3.1 Elke meerdere vergadering wys ooreenkomstig Kerkorde artikel 49 uit die geledere van die mindere vergaderings waaruit die betrokke meerdere vergadering saamgestel is ten minste ses en hoogstens agt Deputate vir Appèl asook 'n voldoende aantal sekundi aan.

3.2 Die Deputate word aangewys uit lidmate wat beskik oor die toepaslike kundigheid waaronder, maar nie beperk is nie, tot kundigheid oor die kerklike reg.

3.3 Die Deputate kan persone met toepaslike kundigheid uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika koöpteer vir sover dit die beoordeling van die betrokke appèl kan bevorder.

3.4 Elke meerdere vergadering begroot vir die uitgawes van Appèldeputate.

4 Kennisgewing van appèl

4.1 Aan beweerde regskrenking moet so spoedig moontlik aandag gegee word. Die appellant gee binne ses weke nadat hy redelikerwys kennis geneem het van 'n besluit van 'n kerklike vergadering waarteen hy wil appelleer, skriftelik kennis van sy voorneme om te appelleer.

4.2 Hierdie kennisgewing moet gerig word aan die Skriba van die kerkraad of die Deputate Korrespondensie van die vergadering waarteen geappelleer word asook

aan die Deputate Korrespondensie en die skriba van die Appèldeputate van die vergadering waarheen geappelleer word.

4.3 Die Skriba of Deputate Korrespondensie van die vergadering teen wie se besluit geappelleer word erken binne 14 kalenderdae of so spoedig daarna as wat redelikerwys moontlik is ontvangs van die kennisgewing van appèl en voorsien verder so spoedig moontlik op versoek van die appellant die toepaslike inligting en dokumentasie in verband met die besluit waarteen geappelleer word.

5 Inhoud van 'n appèl

5.1 Die appellant moet die amptelike redaksie van die besluit waarteen hy appelleer in sy appèldokumente aanhaal.

5.2 Die appellant moet die gronde vir sy beweerde verontregting in sy eie woorde duidelik uiteensit.

5.3 Indien 'n appèl teen die uitspraak van 'n meerdere vergadering gerig word, moet die appellant ook aantoon wat die oorspronklike oorsaak van die beweerde verontregting is.

5.4 Die appellant moet 'n duidelike uiteensetting gee van dit wat hy van die meerdere vergadering verwag.

5.5 Indien 'n appèlskrif nie aan die vereistes wat in hierdie prosedure gestel word voldoen nie, kan die betrokke Deputate vir Appèl die geleentheid aan die appellant gee om binne 'n vasgestelde termyn regstellings te maak en die appellant indien nodig daarin bystaan.

5.6 Die partye sal op aanvraag van die Deputate alle relevante dokumente beskikbaar stel, hetsy digitaal, hetsy skriftelik. Die Deputate het bevoegdheid om termyne vas te stel waarbinne die nodige samewerking gee word.

6 Indiening van 'n appèl

6.1 Die appellant voorsien die gevraagde aantal kopieë van die appèl en bylaes waar van toepassing aan die Skriba/Deputate van die betrokke mindere vergadering en die Deputate vir Appèl. Hy stel dit verkieslik ook elektronies beskikbaar.

6.2 'n Appellant is self verantwoordelik vir alle persoonlike uitgawes wat met die appèl verband hou, behalwe dié van die betrokke Deputate vir Appèl.

7 Beoordeling van 'n appèl

7.1 Konstituering van Appèldeputate

7.1.1 Wanneer Deputate vir Appèl saamgeroep word vir die aanhoor van 'n appèl, moet eerstens by eenparige besluit bevestig word dat elke deelnemende deputaat onbevange in die betrokke saak is.

7.1.2 Indien dit in 'n spesifieke geval blyk dat 'n deputaat belang by 'n appèlsaak het waardeur 'n objektiewe oordeel bemoeilik mag word, moet 'n onbevange sekundus opgeroep word vir deelname aan die beoordeling van die appèl.

7.2 *Ontvanklikheid*

7.2.1 Ná konstituering moet die Deputate eerstens die ontvanklikheid van die appèl aan die hand van die volgende maatstawwe bepaal:

7.2.1.1 die besluit waarteen geappelleer word, moet woordeliks volgens en met bewys van die amptelike redaksie daarvan aangehaal word;

7.2.1.2 die gronde vir die appèl moet duidelik uiteengesit wees en voldoen aan die vereistes wat hierbo in 5 gestel word;

7.2.1.3 daar moes binne die vasgestelde tyd soos bepaal in 4.1 kennis van appèl gegee wees.

7.3 *Partye*

Die appellant/e en respondent/e in die geskil word beskou as die partye wat by die oorspronklike beswaar betrokke was/is. Indien teen 'n uitspraak van 'n meerdere vergadering geappelleer word, word dié vergadering nie 'n party in die geskil nie.

7.4 *Vertroulikheid*

7.4.1 Die Appèldeputate moet aan die hand van die saak oordeel tot watter mate die appèlproses en -dokumente vertroulik hanteer moet word.

7.4.2 Versoeke dat getuienis as vertroulik hanteer moet word, moet deur die Appèldeputate met die nodige omsigtigheid met die oog op geregtigheid hanteer word.

7.5 *Aanhoor van 'n appèl*

Die aanhoor van 'n appèl wat ontvanklik is, verloop soos volg:

7.5.1 Die appellant kry die geleentheid om sy appèl, sowel as enige skriftelike getuienis persoonlik of met behulp van 'n toeligter aan die Deputate voor te lê en toe te lig.

7.5.2 'n Toeligter van die vergadering teen wie se besluit geappelleer word kry daarna die geleentheid om op die appèl te antwoord en aan te toon waarom die appèl nie behoort te slaag nie.

7.5.3 Nadat die Deputate die toeligting van die appellant en die betrokke mindere vergadering aangehoor het, pleeg die Deputate in camera oorleg om te bepaal wat die geskilpunte is waaroor geoordeel moet word, en deel dit by die hervatting van die verrigtinge aan die appellant en die betrokke vergadering se toeligter mee.

7.5.4 Indien die appellant getuies wil roep om oor die geïdentifiseerde geskilpunte ter ondersteuning van die appèl te getuig, kan die appellant of toeligter die getuienis lei.

7.5.5 Tydens en na die lewering van getuienis kan die Deputate vrae aan die appellant, 'n toeligter of 'n getuie ter opheldering van die getuienis vra.

7.5.6 Nadat 'n getuie vir die appellant getuig het, kan 'n toeliger van die vergadering teen wie se besluit geappelleer word in kruisondervraging aan die getuie vrae stel ter opheldering, vervollediging en kontrole van die korrektheid van die getuienis.

7.5.7 Die appellant of toeliger van die appellant kan ná afhandeling van die kruisverhoor nog een maal vrae in herondervraging aan die getuie stel, maar slegs oor aspekte wat tydens die kruisondervraging aangeraak is.

7.5.8 Elke getuie vir die appellant word volgens die voorgaande prosedure ondervra, waarna die toeliger van die mindere vergadering teen wie se besluit geappelleer word getuies kan roep.

7.5.9 Die getuies vir die betrokke vergadering word volgens dieselfde prosedure soos in paragrawe 7.5.4 tot 7.5.7 hierbo uiteengesit ondervra, onder kruisondervraging geneem en herondervra.

7.5.10 Nadat al die getuies vir die betrokke vergadering aangehoor is, kry eers die appellant of toeliger van die appellant geleentheid om die Deputate toe te spreek oor die vertolking van die getuienis en daarna die verteenwoordiger of toeliger van die betrokke vergadering.

7.5.11 Van al hierdie besprekings word 'n verslag opgestel.

7.5.12 Indien die Deputate dit nodig vind, kan bykomende getuies uit eie beweging opgeroep word om tydens die sitting en in die teenwoordigheid van die appellant en die verteenwoordiger of toeliger van die betrokke vergadering verdere lig op die saak te werp.

7.5.13 Na afhandeling van al die getuienis en betoë word die verrigtinge tydelik verdaag, die Deputate pleeg oorleg en formuleer 'n voorlopige bevinding.

7.5.14 Wanneer die verrigtinge hervat word, maak die Deputate aan die appellant en die betrokke vergadering se verteenwoordiger of toeliger die voorlopige bevinding bekend en gee dan eers aan die appellant en daarna aan die betrokke vergadering se verteenwoordiger of toeliger die geleentheid om kommentaar daarop te lewer, waarna die appellant repliek mag lewer. Die Deputate toon aan of die aanvanklike bevinding deur die repliek gewysig word. Die Deputate het die bevoegdheid om 'n geskil te skik wat tot terugtrekking van die appèlskrif sal lei.

7.5.15 Indien die partye tydens die proses tot versoening kom, verklaar die deputate die appèl as afgehandel.

7.6 *Rapport*

Die Appèldeputate stel 'n finale rapport op waarin die volgende gemeld word:

7.6.1 'n Kort historiese oorsig en samevatting van die inhoud en verloop van die saak, onder andere die weergawe van die besluit/e of handeling van die mindere vergadering waaroor die geskil aanvanklik begin het.

7.6.2 'n Samevatting van die beswaargronde wat die appellant aangevoer het.

7.6.3 'n Samevatting van die reaksie op die appèl wat die mindere vergadering aan die Deputate voorgelê het.

7.6.4 'n Oorsig oor die prosedure wat die Deputate by die beoordeling van die appèl gevolg het.

7.6.5 Die Deputate se bevinding aan die hand van 'n ontleding en beoordeling van die gronde waarop die appèl berus, die getuienis wat voorgelê is en die toepassing van die Skrif en/of die bepalings van die Kerkorde daarop.

7.6.6 Die uitspraak dat die appèl toegestaan word of van die hand gewys word.

7.6.7 Waar van toepassing, 'n uiteensetting van die regsgevolge van die uitspraak.

7.6.8 Waar van toepassing, aanbevelings aangaande 'n pastorale weg om die regskending of foutiewe persepsie daarvan uit die weg te ruim.

7.6.9 Indien die Deputate vir enige rede nie 'n bevinding kan maak of 'n uitspraak oor die appèl kan gee nie, rapporteer die Deputate die redes daarvoor aan die betrokke vergadering wat dan verder met die meerdere advies van die betrokke kerke met die appèl handel.

8 Rapportering oor 'n appèl

8.1 Die Rapport van die Appèldeputate dien soos enige ander Deputaterapport op die eersvolgende vergadering.

8.2 Slegs die Rapport van die Deputate word, sonder verdere toeligting deur die appellant of die betrokke mindere vergadering, ter tafel geneem. Aan die appellant en toeligter word geen spreekbeurt gegee nie.

8.3 Voordat die vergadering oor die Rapport van die Deputate besin en besluit, verlaat alle persone wat betrokke was by die besluit van die betrokke mindere vergadering asook die appellant, indien teenwoordig, die vergadering.

8.4 Indien die betrokke vergadering die werkwyse van die Deputate goedkeur, is die appèl dienoooreenkomstig beslis.

8.5 Indien die betrokke vergadering nie die werkwyse van die Deputate goedkeur nie, moet skriftelike redes daarvoor en 'n gemotiveerde alternatiewe uitspraak deur die vergadering aan die appellant en die betrokke mindere vergadering verstrekk word, by gebrek waarvan die Deputate se bevindings en aanbevole uitspraak geag word die bevindings en uitspraak van die betrokke vergadering te wees.

8.6 Die vergadering moet die wyse waarop die saak afgehandel word, nadat uitspraak gelewer is, goedkeur (sien Acta 2012:28 pt 2.7.8.4).

9 Onvoorsiene gevalle

In gevalle waar hierdie prosedure nie voorsien nie, tref die Algemene Sinode 'n reëling.

Argief

(Acta 1961:362-364)

- I Die Sinode is van gevoele dat alle kerklike argiewe op een plek behoort bymekaar gebring te word en meen dat die Teologiese Skool op Potchefstroom die aangewese bêreplek is (Acta 1933:124).
- II Die argief bestaan uit die dokumentêre, gepubliseerde en fotoneerslae van:
 - A Die meerdere vergaderinge van die Gereformeerde Kerke met hulle aanverwante organisasies, deputategroepe en mandaathouers. Aan alle te benoemde deputategroepe word opgedra om die argiewe in hulle besit onder oë te sien en sover moontlik te sentraliseer in die kerke-argief.
 - B Die kerkrade van die Gereformeerde Kerke, met hulle aanverwante organisasies, kommissies en mandaathouers.
 - C Privaatfamilies of individue wat bergingsruimte by die deputate vir die Kerke-argief verkry.
 - D Aanwinste, wat gekeur word deur die deputate.
- III Die Sinode besluit dat alle stukke van meerdere vergaderinge ouer as tien jaar na die sentrale argief gestuur moet word en daarna jaarliks aangevul moet word deur die stukke van die oudste jaartal. Streeksinodes en klassisse word gemaan om aandag te gee aan die indeksering, liassering, bewaring en berging van hulle onderskeie argiefstukke.
- IV Insake die argiewe van die onderskeie kerkrade, waarvan die kerkrade die juridiese eienaars is maar die kerkverband die argivariese versorging en veilige bewaring behartig, word besluit om te onderskei tussen 'n verouderde en nog lewende deel.
 - A Die verouderde deel sal, ooreenkomstig die staatsargiefwet, bestaan uit die kerkraadnalatenskap ouer as 50 jaar. Hierdie verouderde deel, bestaande uit notule-, korrespondensie-, finansiële en kommissie-, organisatoriese en verwante neerslae, behoort alleen in die sentrale kerke-argief gehuisves te word. Dit bly die eiendom van die betrokke kerkraad. Omdat die kerkverband hoë koste en arbeid bestee aan die veilige en ordelike bewaring hiervan, word deur die kerke ooreengekom dat hierdie verouderde deel nie uit die kerke-argief onttrek mag word sonder die toestemming van die deputate vir die Kerke-argief nie. Die aansoeke vir onttrekking sal meld
 - 1 presies watter stukke (op die indeks aangedui) benodig word;
 - 2 watter periode dit buite die argief sal verkeer;
 - 3 watter voorsorgmaatreëls getref word vir absolute veiligheid by vervoer en berging buite die argief. Met die verouderde argiewe mag deur geen enkele instansie enige risiko geneem word nie, omdat die waarde daarvan onberekkenbaar en onherstelbaar is.

- B Die nog lewende deel bestaan uit die nalatenskap jonger as 50 jaar. Hierdie nog lewende kerkraadsargiewe moet en kan ook in die argief geberg word. Verlof om dit uit te neem kan egter van die argivaris alleen verkry word, as aan die voorwaardes onder 4.1. hierbo vermeld voldoen is.
- V Familie- en/of persoonlike versamelings is onderworpe aan die bepalings hierbo gestel vir verouderde kerkraadsargiewe.
- VI Aanwinste word die uitsluitlike eiendom van die argief van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- VII Die raadpleging van dokumente geskied onder dieselfde reëls as wat in die Argiefwet neergelê is vir staatsargiewe. Aan die deputate word opgedra om 'n behoorlike reglement vir navorsers op te stel met betrekking tot toesig, besoekersboek, aansoekstrokies, inventarisse ens.
- VIII Elke kerkraad behou die reg om spesiale voorwaardes te stel vir die gebruik van sy argief; dit moet in die inventaris by die stukke opgeneem word en navorsers is daaraan verbonde.
- IX Waar kerkrade of ander dokumenteienaars geen spesiale voorwaardes gestel het nie, geld die volgende: Die nog lewendige argief van 'n kerkraad mag alleen met skriftelike toestemming van daardie kerkraad geraadpleeg word.

Artikels 12 tot 14 KO - samehang

Die sinode van 1967 het die volgende rapport aanvaar:

- 1 Opdrag: Die opdrag word gevind in die Handeling van die Sinode (1964), art. 57 C.
- 2 Inleiding: Die beskrywingspunt in die opdrag genoem, het betrekking op die uitwerking van die toepassing van Kerkorde, arts. 13 en 14 op die posisie, bevoegdhede, regte en pligte van predikante. Aangesien die beskrywingspunt van die Westelike Klassis (Acta 1964:100-101, pt. C) meer bepaald 'n praktyk in gedagte het wat voortgevoel het uit die besluite van 1939 en 1942 in hierdie opsig, is dit nodig om die samehang van arts. 12, 13 en 14 van die Kerkorde kortliks na te gaan.

Omdat 'n bedienaar van die Woord normaliter voltyds en lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, moet die Kerkorde gevalle van eervolle ontslag uit die amp (art. 12), emeritering (art. 13) en onderbreking van diens vir 'n tyd (art. 14) orden.

In art. 12 word voorsiening gemaak vir eervolle ontslag sodra die predikant oorgaan na 'n ander staat van lewe en dus sy amp as bedienaar van die Woord neerlê om gewigtige redes (volgens die oordeel van die kerkraad en klassis).

In art. 13 word voorsiening gemaak vir emeritering wanneer 'n bedienaar van die Woord vanweë ouderdom, siekte of ander oorsake buite sy beheer permanent onbekwaam geword het om sy dienspligte uit te voer.

In art. 14 word voorsiening gemaak vir die tydelike onderbreking van die dienswerk van 'n predikant wanneer hy weens siekte of andersins tydelik nie sy ampswerk kan verrig nie.

Samevattend word gekonkludeer dat elkeen van hierdie artikels 'n bepaalde vorm van ontheffing uit die amp (art. 12 KO) en uit die ampswerk (art. 13 en 14 KO) orden. Aangesien elke artikel ook 'n bepaalde grond vir die ontheffing het, mag die een artikel nie gebruik word om 'n ander kragteloos te maak nie. 'n Predikant wat onder art. 13 of 14 van sy ampswerk onthef is, is by oorgang tot 'n ander staat van lewe nog steeds onderworpe aan art. 12, KO" (Acta 1967:59).

Artikels 41 en 44 KO - samehang en toepassing

Op die vergadering van die eerw. Klassis Reddersburg van 12 Oktober 1954 het 'n rapport gedien oor die geskiedenis, betekenis en samehang en die toepassing van artikels 41 en 44 KO Aangesien die Klassis in hierdie rapport tot die konklusie gekom het dat die Algemene Sinodes van 1927, 1930, 1939 en 1945 'n historiese wording t.o.v. die toepassing van hierdie artikels in ons Kerk in Suid-Afrika waarskynlik verkeerdelik bestendig het, en aangesien die bevindings in die rapport ook daarom van belang is vir ons hele Kerk, het die Klassis dit goed geag om die rapport aan die eerw. Algemene Sinode voor te lê sodat sake betreffende die toepassing van die artikels in ons Kerk in die reïne gebring kan word.

Die rapport lui soos volg:

1. Geskiedenis van artikels 41 en 44 KO
 - a. Artikel 41.

In die jare pas na die Hervorming is deur die gereformeerdes die noodsaaklikheid van 'n soort onderlinge toesig oor die gemeentes en kerkrade ingesien. Hierdie toesig is hoofsaaklik aan die klassis opgedra en het o.a. gehandel oor die leer van die predikante en die "regte bestuur" van die kerkrade (met "regte bestuur" word bedoel die regering en die organisasie van die gemeentes). Om nie weer terug te val in die Roomse hiërargie met sy supervisie van bo nie en om tog toesig te hou oor die gemeentes waarvan die lidmate nog maar pas die Roomse juk afgegooi het, is die toesig op 'n gemeenskaplike en onderlinge basis gereël. Op die klassisvergaderinge is by wyse van vrae deur die praeses gestel sekere toesig gehou oor die gemeentes. Hierdie toesig of ondersoek is moontlik gemaak en het met die vrug gewerk omdat die klassisse baie dikwels vergader het (sommige selfs maandeliks), en dit is noodsaaklik geag omdat allerlei verkeerde dinge nog gebeur het en kon gebeur en omdat die gemeentes besonder op mekaar aangewys was, veral ook wat goeie raad aangaande die regte bestuur betref het. Die klassis het daarom ook om die beurt in die verskillende gemeentes vergader om enige gedagte aan hiërargie teen te gaan en om die gelykheid in gesag van die gemeentes te beklemtoon. Die sake van die gemeente wat die klassis ontvang het, kon dan ook van naby deur die vergadering ondersoek word. Op hierdie wyse kon daar op die vergaderinge van die klassis deur

die vrae van die praeses onderlinge toesig gehou word, terwyl t.o.v. die gemeente waar vergader is, die ondersoek enigsins breedvoeriger was.

Aanvanklik het hierdie toesig, sover dit artikel 41 aangaan, die drie besondere ampte en die uitoefening daarvan deur die ampsdraers gedeeltelik ingesluit. Die toesig oor die leer van die predikante, wat plaasgevind het as die predikante om die beurt op die klassisvergaderinge 'n predikasie gelewer het, het later weggeval, omdat die opleiding baie verbeter het. Hierdie toesig oor die leer is daarna visitatore opgedra. Vir die onderlinge toesig het oorgebly die vrae soos dit staan in artikel 41 KO en waarin die aksent val op die regering en die organisasie van die gemeentes.

In ons Kerk in Suid-Afrika het die toepassing van artikel 4 (en ook artikel 44) vir die eerste keer ter sprake gekom op die Algemene Sinode van 1873. Uit die O.V.S. het 'n beskrywingspunt gedien oor artikel 44 KO waaruit geblyk het dat die Algemene Vergadering van die O.V.S. jaarlikse kerkvisitasie aangevra het. Ook uit die Kaapkolonie het die Algemene Vergadering gevra dat die Sinode 'n stel vrae moes opstel wat deur die Algemene Vergadering "als eene klassieke vergadering dient te doen aan elke gemeente, volgens artikel 41 KO" In antwoord op hierdie twee beskrywingspunte het ds. D. Postma 'n ontwerp van vrae voorgelê volgens daardie artikel "en die instede van kerkvisitasie vooreerst kunnen dienen." Hierdie konsep het uit 10 vrae bestaan, maar die Algemene Sinode het nog een bygevoeg, wat navraag gedoen het oor wat in die gemeente gedoen word vir die uitbreiding van Gods Koninkryk.

Hier vind ons dus die belangrike besluit dat die vrae wat opgestel is deur die Sinode van 1873 en later in 1939 tot 12 vermeerder is, onder artikel 41 KO gevra moes word "instede van kerkvisitasie." (By die opstelling van hierdie 11 en later 12 vrae vir artikel 41 is klaarblyklik sekere vroeëre *visitasie* – reglemente gevolg; daar was blykbaar t.o.v. die toesig soos in artikel 41 bepaal, nooit enige reglement of selfs nader uitwerking van die vrae nie, behalwe dat vroeër die volgende vrae ook nog voorgekom het: "of zij eenigen strijd hebben met eenig hoofdstuk der Leere?" (Acta Emdensche Sinode 1571. Vgl. P. Biesterveld en H.H. Kuyper: *Kerklike Handboekje*, bl. 56.) Dieselfde geld vir Art. XIV Acts Nas. Sinode Dordrecht 1578 (a.w., bl. 105). In art. XXX KO Nas. Sinode Middelburg 1581 (a.w., bl. 149) en art. XXXVIII KO Nas. Sinode 's-Gravenhage 1586 (a.w., bl. 201) en art. XLI van die KO Nas. Sinode Dordrecht 1618-19 (a.w., bl. 236) is hierdie vrae aangaande die leer en Die ketters egter weggelaat en het hulle, gewysig en uitgebrei, voorgekom in *visitasiereglemente* en artikels in kerkordes wat op *visitasie* betrekking het.)

Artikels 41 en 44 is dus in 1873 saamgevoeg in ons kerklike praktyk, en dit is opmerklik dat die Algemene Sinode van 1927 wel die woorde "instede van kerkvisitasie" geskrap het maar verder geen aandag geskenk het aan die saak om die twee artikels tot hulle reg te laat kom nie. Dit het selfs ook nie gebeur toe die Algemene Sinode van 1930 gevra is om die noodsaaklikheid van kerkvisitasie te beklemtoon nie, want toe is besluit: "Die Sinode verwys die kerkraad van Johannesburg-Oos na die Klassis waaronder hy sorteer."

Die feitlike toestand is dus vandag dat artikels 41 en 44 KO in 1873 saamgevoeg is met 'n stel vrae wat onder artikel 41 gevra moes word en waardeur die Algemene Vergadering 'n totaalbeeld kon kry oor die kerklike lewe van die provinsie. Hierdie toestand is bestendig toe in 1927, 1930, 1939 en 1945 wel aandag geskenk is aan die vrae maar nie aan die Kerkorde-artikels nie.

B Artikel 44.

Kerkvisitasie is die instel van 'n ondersoek na toestand van die gemeente, en dit is so oud as die kerk self (vgl. Hand. 9:32 in H. Bouwman: *Gereformeerde Kerkrecht*, bl. 163). In die Roomse Kerk het die visitasie 'n belangrike kenmerk geword van die hiërargie, en daarom was die gereformeerdes nie ten onregte bang vir hiërargie in die kerklike lewe deur middel van visitasie of visitatore nie. Aanvanklik is hierdie soort kerklike toesig of ondersoek ook nie noodsaaklik geag nie, aangesien die klassisse dikwels vergader het en die onderlinge toesig of ondersoek op die klassisvergaderinge in hierdie behoefte voorsien het.

Gaandeweg het visitasie tog noodsaaklik geword, omdat die kerklike lewe meer gereeld geword het, die klassisse minder dikwels vergader het en daar 'n aantal predikante en gemeentes was wat hulle nie alte veel aan die kerkverband en meerdere vergaderinge gesteur het nie. Dit het ook later om verskillende redes moeilik geword om die toerbeurt van die plek van die vergaderinge vol te hou, sodat 'n belangrike deel van die onderlinge toesig weggeval het (vgl. Ook art. 41 hierbo). Klassisse en gemeentes wat visitasie bepleit het, vanaf 1581 reeds, het daarop gewys dat 'n geheelbeeld van 'n gemeente nodig is vir deeglike klassistoedig en dat jaarlikse visitasie so 'n beeld aan die klassis kan gee; meteen kan ook enige moeilikhede of vraagstukke wat in die gemeentes mag ontstaan, betyds ter hand geneem en opgelos word.

Op die Sinode van Dordrecht 1618-19 is besluit om die visitasie verpligtend te maak vir alle klassisse en 'n breë omskrywing van die taak van visitatore is gegee; die bepalinge is as artikel 44 in die D.KO opgeneem. Die bedoeling van die Sinode was om meerdere vastigheid aan die kerklike lewe te gee deur gereelde visitasie van die gemeentes, maar daar is tewens gewaak daarteen dat hiërargiese suurdeeg in die gereformeerde kerkregering binnegeloods sou word. "Er is volstrekt geen sprake in artikel 44 van een administratief of statistisch onderzoek, of een onderzoek naar de kerklijke gebouwen, neen, die kerkvisitatie dient allereerst om voor die zuiverheid van de leer te waken, in de tweede plaats om toe te zien dat naar de orde der kerken geleefd wordt, en ten slotte om de kerken met goeden raad te steunen" (Bouwman: a.w; bl. 166).

(In hierdie verband is dit goed om op te merk wat Bouwman sê oor die karakter van die visitasie in die provinsie Groningen (a.w. bl. 169): "Ofschoon deze wijze van visitasie ... gaande zoowel over stoffelijke en geestelijke zaken, bevorderlijk was voor de ... reformatie in de provincie Groningen, is zij mede een middel geweest voor de verbastering der visitatie in ongereformeerde geest.")

In Suid-Afrika vind die visitasie plaas volgens artikel 44 K.O en visitasiereglemente wat deur die klassisse kragtens artikel 44 opgestel word. Hier moet ook opgemerk word dat meeste visitasiereglemente gebruik maak van die 12 vrae wat in die loop van die tyd opgestel is vir die *toepassing van art. 41 KO* met die byvoeging van 'n aantal vrae wat meer op die stoflike en administratiewe aangeleenthede betrekking het.

2. Die betekenis en samehang van artikels 41 en 44 KO

Uit die voorgaande historiese oorsig van die artikels 41 en 44 KO blyk die volgende sake betreffende die betekenis en samehang van die artikels:

- a. Die artikels het altwee te doen met klassistoebesig oor die gemeentes. Die toesig was aanvanklik slegs op 'n onderlinge en gemeenskaplike basis en het gegaan om die suiwerheid van die leer, die uitoefening van die besondere ampte en die regte bestuur in die gemeentes. Later het die toesig ook partikulier plaasgevind deur visitatore en is die sake betreffende die suiwerheid van die leer, die uitoefening van die ampte en die toepassing van die Kerkorde bepaaldelik aan visitatore opgedra. Die toesig op die klassisvergadering is toe meer bepaal by sake betreffende die regte bestuur (regering en organisasie) van die gemeentes.
- b. Die gees en betekenis van artikel 41 laat derhalwe die aksent val op die regte bestuur of instelling (regering en organisasie) van die gemeentes. Wat die sake betref, noem die artikel slegs die kerkraadsvergaderinge, die tug en die versorging van die armes en die skole. Om die organiese karakter van die KO egter ook in hierdie artikel te bly bewaar, d.w.s. om o.a. nie onnodig te reglementeer nie, lui die artikel: "Verder moet die praeses onder ander elkeen afvra ... " (vgl. KO art. 41). Of soos dit oorspronklik gelui het in die Acta van die Emdense Sinode: " ... en diergelyke dinge meer" (Kerkelyk Handboekje, bl. 56). Hiervan sê Van Dellen en Monsma (The Church Order Commentary, bl. 189): "The president of classis should therefore feel free to vary the prescribed or suggested questions as he deems best, and to add other questions as circumstances may demand."

Aangesien hier as laaste vraag nog bykom of daar iets is waarvoor die gemeente die oordeel of hulp van die klassis vir die regte bestuur van hulle kerk nodig het, lê dit voor die hand dat artikel 41 nie 'n vaste reglement t.o.v. die onderlinge toesig wil wees nie maar dat die praeses van die klassis na gelang van omstandighede moet besluit wat gevra word t.o.v. die regering en organisasie van die gemeentes en watter vrae voorrang moet geniet. Dit is derhalwe geensins die doel van artikel 41 om by die klassisvergadering deur middel van vrae die hele veld van die gemeentelike aangeleenthede te dek nie. (hoewel die doel van die 12 vrae wat by hierdie artikel bygevoeg is, soos dit uiteengesit is in die historiese gedeelte wat Suid-Afrika betref, juis daarop bereken was om 'n geheelbeeld van die gemeentes en gemeentelike aangeleenthede te kry "insteede van kerkvisitasie").

- c. Hierteenoor staan die toesig en ondersoek van artikel 44 by wyse van visitasie in opdrag van die klassis, wat enigsins gereguleer toegaan om 'n geheelbeeld van die gemeentes te kry. In die visitasie val die aksent op die leer en die Kerkorde, en dit veronderstel derhalwe 'n ondersoek in besonderhede van die ampsdraers en die uitoefening van die ampte t.o.v. die gereformeerde leer en kerkregering. Dit is noodsaaklik dat gewaak word teen 'n oorbeklemtoning (of selfs beklemtoning) van 'n ondersoek na die stoflike en administratiewe aangeleenthede van 'n gemeente. Eintlik is so 'n ondersoek nie gewens nie, tensy die kerkraad en gemeente dit verlang.
- d. Die klassis vergader volgens artikel 41 elke kwartaal, en volgens artikel 44 word die gemeentes jaaliks gevisiteer. Dit beteken dat die klassis elke jaar ten volle onderling en spesiaal of partikulier oor al die gemeentes toesig kan hou naamlik:
 - (1) t.o.v. die regte bestuur (regering en organisasie) van al die gemeentes deur variëring van die betrokke vrae en aanbieding van raad en hulp en oordeel (art.41),
 - (2) en t.o.v. die leer en kerkordelike aangeleenthede van al die gemeentes om moeilikhede in die opsig te voorkom en probleme op te los en die gemeentes van klassishulp en raad te dien (art. 44).
- e. Ons eerwaarde Klassis en ook ander klassisse van ons Kerk voel egter i.v.m. die klassistoebesig oor die gemeentes kragtens artikels 41 en 44 KO 'n mate van dubbelslagtigheid en duplikasie en oorbeklemtoning. Die gevoel is oorsaak daarvan dat sommige klassisse artikel 41 nie meer toepas nie en dat die toepassing van hierdie artikel in ander klassisse saam met die toepassing van artikel 44 'n lang en saai en tydrowende vergadering as gevolg het. Die oorsaak van hierdie toestand wat sekerlik nie deur die betrokke artikels gewens word nie is o.a. die gelykstelling van die artikels deur die Sinode van 1873 en die bestendiging van die gelykstelling deur die Sinode van 1927, 1930, 1939 en 1945, ten spyte van die feit dat ons kerklike lewe so ontwikkel het dat visitasie algemeen ingevoer kon word.

Die handhawing van die 12 vrae by artikel 41 berus dus op 'n gelykstelling van artikels 41 en 44 in die verlede wat nou nie meer nodig is nie; sodra as artikel 44 in die praktyk toegepas word, moet die 12 vrae van art. 41 wegval, anders sou dit 'n ongewenste reglementering van die artikel beteken wat die organiese betekenis daarvan grootliks laat verlore gaan.

Die twaalf vrae sou inderdaad beter by artikel 44 gepas het as 'n sinodale leiding vir die klassisse t.o.v. visitasie. In die praktyk het meeste klassisse daarom ook hierdie vrae in hulle visitasiereglemente geïnkorporeer.

3. Die toepassing van artikels 41 en 44 KO

Vir die goeie toepassing van artikels 41 en 44 KO wens ons nou die volgende aan die eerw. Klassis voor te lê:

- a. Toesig oor die gemeentes volgens artikel 41 en 44 vorm 'n belangrike deel van elke klassisvergadering. Dit is ook duidelik dat op elke klassisvergadering sowel die onderlinge as die partikuliere toesig aanvullingderwys behoort plaas te vind en dat 'n praktyk om slegs een van die artikels op 'n vergadering te laat werk, nie of in elk geval minder gewens is, of deurdat dit by wyse van weglating van artikel 41 geskied of dat die artikels al om die ander vergadering alleen in werking is.
- b. Om op elke klassisvergadering sowel die onderlinge (art. 41) as die partikuliere (art. 44) toesig te laat plaasvind sonder om die agenda te oorlaai, stel ons die volgende voor:
 - (1) Die praeses (of die klassis) besluit welke vraag of vrae na gelang van omstandighede en aktualiteit benewens (of ook sonder) die vrae in art. 41 KO genoem, op die volgende vergadering gestel sal word, sodat die gemeentes die vraag of vrae desverkiezend skriftelik kan beantwoord. Die belangrikheid van die vraag of vrae eerder as die hoeveelheid vrae moet beklemtoon word.
 - (2) Die kerkrade behoort ruim gebruik te maak van hierdie onderlinge toesig deur met vrymoedigheid die oordeel of hulp van die klassis aan te vra vir die regte bestuur van die gemeentes. Mede hierdeur kan die klassis ook vasstel of partikuliere toesig deur spesiale visitasie miskien nodig is.
 - (3) Visitatore dien daarop te let dat die eintlike visitasie handel oor die suiwerheid van die leer, die uitoefening van die ampte, die toepassing van die KO en die noodsaaklikheid of gewenstheid van raad of hulp van die klassis. Ons haal met aanbeveling aan: "Visitors should not dwell overly long on matters which are of minor import. They should conserve their time for matters of greater import. Certain matters require a very brief annual check-up, as a matter of safety. But the greatest amount of good proceeds from the work of Church Visitors if they will reduce the routine aspect of their labours to a minimum and individualize their work in each Church stressing those matters which require special attention. They should by all means so arrange their work that ample time will be left for the consideration of questions which the Consistory may desire to present" (Van Dellen en Monsma, a.w., bl. 198). Die rapport wat oor die visitasie aan die klassis voorgelê word, moet dan ook by voorkeur sodanig wees dat juis die belangrike aspekte van die toesig beklemtoon word.
 - (4) Die 12 vrae genoem by artikel 41 (bl. 65 en 66 KO) word nie in die Onderlinge toesig van toepassing gemaak nie maar kan moontlik as 'n leidraad by die toepassing van artikel 44 gebruik word.
- c. Omdat die klassis nie kwartaalliks nie maar hoogstens twee keer in die jaar vergader, is dit in die praktyk moeilik om die gemeentes jaarliks te visiteer, en dit vermeerder ook die aantal visitasierapporte wat op die vergaderinge behandel word. Dit moet egter aanbeveel word dat die klassis s gou as

omstandighede dit toelaat, vier keer per jaar sal vergader en dat die gemeentes jaarliks gevisiteer sal word. Onses insiens laat omstandighede dit al toe.

Die Sinode van 1952 (Acta, bl. 234) het 'n besluit geneem i.v.m. artikels 41 en 44. Die saak is toe na die onderskeie Klassisse verwys. Ons wil egter daarop wys dat agtereenvolgende *algemene sinodes*, soos ons in hierdie rapport probeer aantoon, die regte toepassing van artikels 41 en 44 deur hul besluite in die weg staan; gevolglik is dit die aangewese weg dat die Algemene Sinode sy aandag by vernuwing aan hierdie saak sal gee. Ons wil ook net meld dat die kommissie van die Klassis wat hierdie saak in studie geneem en daaroor gerapporteer het bestaan het uit dr. K. S. Van Wyk de Vries en dr. P. J. Coetzee

Artikel 44 KO - moontlike leidraad by visitasie

- Vraag 1: Of daar in die reël op die dag van die Here tweemaal gepreek word en of by afwesigheid van die predikant die leesdienste getrou waargeneem word en of die bywoning van die dienste deur die gemeente goed is?
- Vraag 2: Of daar elke Sondag eenmaal volgens kategismus gepreek word en of die bywoning deur die gemeente goed is?
- Vraag 3: Of Sondae en in die week ook met die jeug gekatkiseer word en of die kerkraad toesig hou oor die katkisasies en hom vergewis of die ouers gereeld huiskatkisasie hou?
- Vraag 4: Of die predikasies eenvoudig volgens Gods Woord gedoen word?
- Vraag 5: Of die kerkraad toesien dat die Doop so spoedig moontlik aan die kinders bedien word?
- Vraag 6: Of daar gereeld huis- en krankebesoek gedoen word deur die lede van die kerkraad na eis van elkeen se roeping?
- Vraag 7: Of die kerkraad gereeld saamkom, veral voor die Nagmaal om onder mekaar die Christelike sensuur uit te oefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik te vermaan?
- Vraag 8: Of die Heilige Nagmaal gereeld, op die bepaalde tye in die jaar gehou word met behoorlike voorbereiding en tug oefening?
- Vraag 9: Word die armes behoorlik versorg en hoe geskied dit?
- Vraag 10: Hoe gaan dit met die onderwys en die opvoeding van die jeug en wat word gedoen tot bevordering van Christelike Nasionale Onderwys?
- Vraag 11: Wat word in u gemeente, finansieel en andersins, gedoen vir die uitbreiding van Gods koninkryk op die gebied van sending en evangelisasie?
- Vraag 12: Of daar iets is waarin u gemeente die raad of die hulp van die klassis nodig het?

(Acta 1955:185, pt. (4); vgl. ook Acta 1939:42-43, Acta 1945:175 en Acta 1949:249-250).

Attestering

Die Sinode beklemtoon opnuut weer dat kerkrade noukeurig moet attesteer (Acta 1991:551-552, pt. 22.27).

Begrafnis nie 'n erediens nie

'n Begrafnis is in hoofsaak 'n familie-aangeleentheid en dus nie 'n erediens nie (Acta 1985:423-424, pt. 4.9).

Beroepbaarstelling KO Artikels 4, 8 & 9

(TOELATING) (Art 151)

1 Sake waarvan die Sinode kennis neem: Beroepbaarstelling in terme van KO artt 4, 8, 9 (SR3.1)

Die November 2011-Kuratorevergadering het kennis geneem van die onderstaande riglyne, vir deursending aan die Sinode vir goedkeuring:

1.1 Formele aspekte

1.1.1 Konstituering

Die Kommissie, bestaande uit dr HG Stoker (s), ds PA Coetzee en prof J Smit, het op 30 Julie 2010 vergader. Dr HG stoker is as voorsitter aangewys en prof J Smit as skriba.

1.1.2 Opdrag

Benoem, in die lig van die Kommissieverzoek, 'n Kommissie bestaande uit dr HG Stoker (s), ds PA Coetzee en prof J Smit om die nodige riglyne op te stel met die oog op die aard en omvang van die ondersoek van persone wat aansoek doen in terme van onderskeidelik KO, artt 4, 8 en 9 van die Kerkorde (KD-notule 17 Mei 2010:10, 11).

1.2 KO art 4

1.2.1 KO-bepaling en Sinodebesluite

KO art 4² veronderstel die opleiding van teologiese studente én stel eksaminering³ as vereiste vir die toelating tot die diens. Sinode 2006 besluit soos volg: (i) die ideale situasie is dat teologiese studente hulle volle opleiding in Potchefstroom doen. (ii) Voorsiening kan gemaak word om die Kandidaats I-III by 'n erkende instelling of deur middel van telematiese studie te doen. Die Kandidaats IV-VI word in Potchefstroom gedoen⁴.

1.2.2 Prosedure

- 1.2.2.1 By die voorneme om teologie met die oog op die verwerwing van 'n kandidaatsertifikaat te studeer moet studente by die Kuratore aanmeld. Hierdie reëling is van toepassing op alle studente – diegene wat die BTh I-III by die TSP of by 'n erkende instelling wil voltooi.
- 1.2.2.2 Studente wat by die Kuratore aanmeld word by wyse van psigometriese toetse, onderhoude en ander vereistes wat tans geld, geëvalueer.
- 1.2.2.3 Studente wat die Kandidaats I-III met toestemming van die Kuratore by ander instansies voltooi, meld by voltooiing van die studie by die TSP aan vir 'n colloquium doctum. Hierdie colloquium is 'n assessering van 'n aansoeker se kennis en insig met die oog daarop om vas te stel of die aansoeker met die Kandidaats IV-VI kan voortgaan. Die Senaat maak 'n aanbeveling oor die vraag (i) of die aansoeker vir die Kandidaats IV-VI kan inskryf; (ii) wat die aansoeker te doen staan om

² “Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie en wat deur die Klassis waarin hy woonagtig is, voorbereidend (preparatoir) geëksamineer is, bestaan uit: ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede, deur die Kerkraad en die diakens volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of soos deur die Kerkraad vasgestel is en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die Klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die Klassis aangewys is; ten tweede, die ondersoek na die leer en lewe (peremptoir) van die beroepene deur die Klassis (waar die beroeping ter goedkeuring voorgelê moet word) wat met advies van die Deputate van die Partikuliere Sinode moet plaasvind; ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk wat daarin bestaan dat daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie; ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die Klassikale Deputate, volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is.”

³ Kyk Acta 1970:122 e.v. oor die samevoeging van die van die preparatoir- en peremptoir eksamens.

⁴ “2.3.4 Kerkregtelike aspekte

2.3.4.1 Aspekte ten opsigte van predikantsopleiding

2.3.4.1.1 Plek van opleiding

(i) Die ideale situasie is dat voornemende predikante hulle volledige opleiding in Potchefstroom doen. Waar nodig (soos bepaal deur studente se aansoekerlike omstandighede of die behoeftes van kerke) kan daar egter voorsiening gemaak word dat studente hulle Kandidaats I-III buite Potchefstroom aan een van die erkende instellings doen of deur middel van telematiese studie, met die Kandidaats IV-VI in Potchefstroom. Uitsondering op hierdie ideale situasie is moontlik en kan op 'n ad hoc-basis deur die Kuratore gereël word (vgl hierbo).

(ii) As uitdrukking van eenheid in opleiding moet studente wat hulle aanvanklike studie vir Kandidaats I-III buite Potchefstroom doen, dieselfde keuringsproses deurloop as die huidige Potchefstroom studente (dit wil sê: psigometriese toetse, onderhoude en ander vereistes wat tans geld, moet ook vir hierdie studente geld). Hierdie vereiste tree eers in werking wanneer 'n student inskryf vir BTh I (=Kandidaats I), en geld nie vir studente wat die sertifikaat, diploma of BTh (nie-Bybeltale) wil volg nie.

(iii) Alle kandidate wat predikant wil word, volg die BTh (Bybeltale) program.” (Acta 2006:803).

sy kennis en insig te verbeter met die oog daarop om vir die Kandidaats IV-VI te kan inskryf.

1.2.2.4 Vir studente wat hulle volledige studie by 'n ander instansie voltooi het geld die volgende:

1.2.2.4.1 Kyk by 1.2.2.2.

1.2.2.4.2 'n Assessering vind plaas op grond van die sertifikaat/dokumente wat ingedien moet word, waaronder ook 'n evaluering van die instelling(s) waar die dokumente verwerf is.

1.2.2.4.3 Die aansoeker meld by die TSP aan vir 'n colloquium doctum. Die doel van hierdie colloquium is om vas te stel of die persoon se kennis op 'n standaard is vir die verkryging van 'n Kandidaatsertifikaat. Na aanleiding van die uitslag van die colloquium bevind die Senaat dat die student die Kandidaatsertifikaat kan verkry of maak verdere aanbevelings ivm die persoon.

1.3 KO art 8

1.3.1 KO-bepaling: Iemand wat nie gestudeer het nie, sal nie tot die diens van die Woord toegelaat word nie, tensy daar sekerheid is van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënhed, goeie verstand en onderskeidingsvermoë sowel as gawes van welsprekendheid. As so iemand hom aanmeld, moet die klassis, as die Streeksinode dit goedgevind, hom eksamineer en na gunstige bevinding hom vir 'n tyd lank private preekproewe laat lewer, om dan met hom te handel soos die klassis stigtelik oordeel.

1.3.2 Prosedure:

1.3.2.1 Die aanvanklike aansoek om in terme van KO art 8 tot die bediening toegelaat te word, word aan die aansoeker se Kerkraad gerig.

1.3.2.2 Indien die Kerkraad oordeel dat die aansoek meriete het, word die KO art 8 aansoek (deur die aansoeker met volledige motivering soos art 8 beskryf tesame met 'n aanbeveling van die Kerkraad) by die TSP ingedien. (Dit sal verstandig wees indien die Kerkraad ook die advies van die Klassis mbt die KO, art 8 aansoek vra).

1.3.2.3 Die aansoeker meld by die TSP (Senaat en Kuratore) aan vir 'n colloquium doctum. Die colloquium doctum dien as 'n assessering van die teologiese akademiesegeskiktheid van die aansoeker. Drie preke (OT, NT en HK) word geëksamineer.

1.3.2.4 Die TSP maak die uitslag van die assessering aan die Kerkraad bekend.

- 1.3.2.5 Die Kerkraad gee die nodige dokumentasie en motivering aan die aansoeker om by die Streeksinode aan te meld.
- 1.3.2.6 Indien die Streeksinode bevind dat die aansoeker slaag, word die student na 'n Klassis gestuur om 'n tyd lank preekproewe te lewer, en om dan met hom te handel soos die Klassis stigtelik oordeel.
- 1.4 KO art 9
 - 1.4.1 KO-bepaling: Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot versigtigheid en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is.
 - 1.4.2 Prosedure
 - 1.4.2.1 Aansoekers wat uit ander kerke aansluit, moet by 'n plaaslike kerk aansluit of in proses wees of getuienis gee daarvan.
 - 1.4.2.2 Die aanvanklike aansoek om in terme van KO art 9 tot die bediening toegelaat te word, word normaalweg aan die aansoeker se Kerkraad gerig.
 - 1.4.2.3 Kyk by 1.2.2.4.3.
 - 1.4.2.4 Predikers van kerke in die buiteland kan, indien hulle nie hier aan 'n plaaslike kerk verbonde is nie, maar van voorneme is om predikant in die GKSA te word, hulle aanmeld by die TSP wat sal oordeel of artt 4/9 van toepassing is. Indien art 9 van toepassing is, word 'n colloquim doctum met die persoon gereël.

Beroepbaarstelling van kandidate en proponente uit erkende Gereformeerde Kerke.

Kerklike getuienis en beroepbaarstelling deur ons word ook geëis van kandidate in die Teologie en proponente uit die erkende Gereformeerde Kerke in Nederland en Amerika, wat wel nie weer geëksamineer sal word nie, maar tot 'n broederlike onderhoud met die Kuratore verplig is (Acta 1904:37-38)

Die "erkende Gereformeerde Kerke" is die wat met ons Kerke in korrespondensie is (Acta 1991:212).

Beroepbaarstelling van predikante wat bedank het

Die Sinode van 1973 het die volgende hieroor goedgekeur (Acta 1973:317-318):

In ons opdrag word die volgende beskrywingspunt ingesluit: "Die eerwaarde Sinode spreek hom uit oor die volgende vraag: Mag 'n ampsdraer sy amp neerlê (bedank) en waar dit in die verlede voorgekom het dat predikante hulle amp neergelê het en dit aanvaar is - watter weg tot beroepbaarstelling moet gevolg word indien so 'n persoon aansoek doen om herstel?" (Acta 1970:430).

- 4.1 Ten eerste vra die beskrywingspunt antwoord op die vraag of 'n ampsdraer sy amp mag neerlê (bedank). Hierop moet geantwoord word dat 'n ampsdraer wel

mag bedank; maar daardeur beëindig hy op eiewillige wyse sy ampspligte en ampsregte. Daarmee word die kerk voor 'n voldonge feit gestel wat behandel moet word soos reeds in 3.2.1 [3 hierbo] hiervan gerapporteer is.

- 4.2 Die tweede vraag wat beantwoord moet word, is: Watter weg tot beroepbaarstelling moet gevolg word indien so 'n persoon aansoek doen om herstel?
- 4.3 Eiewillige neerlê van die amp is 'n ontduiking van die oordeel van die kerke, soos bepaal in artt. 12 en 79 KO. Daarom moet 'n persoon wat hom hieraan skuldig gemaak het, eers die oordeel en die aanbeveling van die kerk waar hy lidmaat is, verkry, voordat hy by die kerk en klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n aanbeveling waarna hy hom wend tot die Streeksinode (in wie se ressort laasgenoemde kerk en klassis ressorteer) met die aansoek om beroepbaarstelling (vgl. Acta 1970:127-128, art. 122).
- 4.4 'n Persoon wat sy predikantsamp eiewillig neergelê het, moet ooreenkomstig art. 4 KO aansoek doen om beroepbaar gestel te word. Die prosedure genoem in 3.2.2.3 [c hierbo] geld ook van predikante wat onder artikels 12 of 79, KO uit die amp is. (Die besluit van Sinode 1958:134, art. 68, pt. 8.a. word herroep.)
- 4.5 Berou alleen kan nie genoegsame grond wees om weer beroepbaar gestel te word nie. By oorweging van 'n aansoek om beroepbaarstelling sal beslis moet word of die persoon weer met stigting in die kerk sal kan dien en of hy die gawes van roepingstrou, selfverloëning en volharding besit. (Vergelyk ook die gawes genoem in die Teologiese Skool-boekie, 1968:28-29). Indringende ondersoek moet ook ingestel word na die beweegredes tot die aansoek.

Beroepe in kombinasie (Acta 1939:34-38)

Dadelik moet vasgestel word dat daar in hierdie saak geen strikte eenvormigheid kan wees nie. Hierdie feit word beklemtoon sowel deur dr. F.L. Rutgers (Kerkelijke Adviezen, I, bl. 36 e.v.) as deur dr. Bouwman (Kerkrecht I, bl. 421). Reeds vanaf die tyd van die Reformasie was daar verskillende maniere van kombinerings van gemeentes met die oog op beroep. By elke kombinasie moet op die voorgrond staan wat die meeste in die belang van die betrokke gemeentes is, waarby natuurlik plaaslike omstandighede 'n rol sal speel. Om in hierdie saak eenvormigheid te forseer, kan slegs tot skade van die gemeentes wees. Wat hier volg, moet dus slegs as leidraad beskou word.

Die stof wat ons hier besighou, kan onder drie hoofde saamgevat word:

- 1 Reëlinge wat aan die beroeping voorafgaan.
- 2 Die beroepsbrief.
- 3 Die byvoegsel by die beroepsbrief.

Reëlinge wat aan die beroeping voorafgaan.

- I. Vooraf moet gesê word dat die sinode uitgaan van die gedagte dat dit drie gemeentes, A, B en C is wat in kombinasie gaan. As daar meer of minder gemeentes is, word alles natuurlik dienooreenkomstig gewysig.

Sodra deur die afsonderlike kerkrade van gemeentes A, B en C die beginsel van kombinerings goedgekeur is, moet 'n gekombineerde kerkraadsvergadering gehou word. Hierdie vergadering word op dieselfde wyse gekonstitueer en die besluite word op dieselfde manier geneem as wat uiteengesit is onder punt 9 op K – 71 .

Op die gekombineerde vergadering moet dan die volgende punte behandel word:

- A. 'n Akte van kombinasie moet opgestel word. Hierdie akte dien terselfdertyd as byvoegsel by die beroepsbrief. 'n Konsep hiervan word dus gegee op bl. 67. (Die deputate vir die bevestiging moet ondersoek instel of die akte behoorlik opgestel is. 'n Kopie van die akte word aan die klassis gestuur vir kennisgewing).
- B. Daar moet besluit word hoe die beroeping sal plaasvind. Hier moet die verskillende punte oorweeg word:

1. Moet daar 'n vrye verkiesing wees of 'n twee- of drietal gestel word? Die sinode beveel aan dat daar reeds voor die gekombineerde vergadering 'n groslys by die betrokke gemeentes opgevra word, waaruit op hierdie vergadering 'n twee- of drietal saamgestel word.

Moet A, B en C al drie aan die stemming deelneem of moet die stemming alleen gehou word in A, terwyl B en C hulle aan die beslissing onderwerp? Die sinode beveel aan dat die eerste alternatief gekies word, aangesien anders die gedagte kan ontstaan dat die leraar net aan die een gemeente behoort.

Dit kan so gereël word dat die gemeentes wat eerste beroep, die stembrieffies in verseëelde koeverte stuur na die gemeente wat laaste beroep, waar die brieffies dan behoorlik gemeng en gesamentlik getel word. Twee deputate van elk van die ander gemeentes moet hierby teenwoordig wees, sodat terselfdertyd die beroepsbrief onderteken kan word. In hierdie geval kan die moeilikheid ontstaan dat daar 'n herstemming moet plaasvind, waaraan ook weer die ander gemeentes moet deelneem, tensy daar op die gekombineerde vergadering besluit is dat die gemeente wat laaste beroep, ook beslis in die geval van 'n herstemming. Om hierdie moeilikheid te voorkom, is dit miskien wenslik dat daar slegs 'n tweetal gestel word. 'n Ander moontlikheid is dat die gemeentes almal gelyktydig beroep. Dit kan bv. die Saterdagmiddag gebeur, terwyl die uitslag van die stemming in B en C telefonies of andersins direk aan A bekend gemaak word. A laat dan weet of daar 'n herstemming moet plaasvind al dan nie. Reëling moet

dan getref word waar en wanneer die beroepsbrief deur die deputate van die verskillende gemeentes onderteken moet word en deur watter konsulent.

Waar moet die bevestiging plaasvind? Die sinode beveel aan dat dit gebeur in die gemeente waar die leraar sal woon. Dit sluit nie uit dat in die ander gemeentes van die kombinasie intree-predikasies gehou sal word nie. (As die bevestiging in gemeente A plaasvind kan gemeentes B en C nie as genabuurde gemeentes vir hierdie doel geld nie).

Beroeping van 'n predikant

- 1.1 "Wanneer 'n leraar oordeel dat hij binne een jaar moet vertrekken, dan zal de roepende gemeente de onkosten teruggeven die door de gemeente om hem te verkrijgen, gemaakt waren". (Acta 1879:46).
- 1.2 Die Sinode ag dit nie wenslik dat 'n leraar wat nog geen twee jaar in sy gemeente werksaam is nie, beroep sal word, aangesien die kort bediening in stryd is met die belange van die gemeente (Acta 1945:113).

Beswaarskrifte indieningsprosedures

Indieningsprosedures vir Beswaarskrifte in die lig van die Sinodebesluite van 1967, 1991 en 1994.

- 2.1 Sinode 1955 (35-37) stel by monde van die Moderamen die vraag of 'n eenvormige prosedure vir Beswaarskrifte daargestel behoort te word en verwys dit na Deputate (1955:35-37).
- 2.2 Sinode 1958 (101, 106-107, 116-117) kry as aanbeveling van die Deputate dat elke vergadering sy eie prosedure ten opsigte van Beswaarskrifte daarstel. Die saak word weer na Deputate verwys.
- 2.3 Sinode 1961 (512-517) hanteer 'n Meerderheids- en Minderheidsrapport. Geen besluit word geneem nie en die saak word weer na Deputate verwys.
- 2.4 Sinode 1964 (444, 446) besluit dat 'n Beswaarskrif aan die vergadering wat die betrokke besluit geneem het gerig moet word.
- 2.5 Sinode 1967 (349-350) keur 'n Beskrywingspunt goed dat KO, art 33 konsekwent toegepas word sodat alleenlik opdragte van die Streeksinodes ter tafel geneem mag word.
- 2.6 Sinode 1991 (526-528) handhaaf 'n beswaar teen die besluit van 1964. Die wese van die beswaar is dat 'n aparte prosedure vir Beswaarskrifte nie nodig is nie, aangesien 'n Beswaarskrif soos 'n saak (Beskrywingspunt) hanteer behoort te word. Die Sinode keur dit goed dat sake wat volgens KO, art 46 op 'n meerdere vergadering moet dien, die weg van KO, art 33 behoort te volg.
- 2.7 Sinode 1994 (52-54) word deur die Regsdeputate insake Appèlle en Beswaarskrifte na aanleiding van die besluit van 1991 voor die vraag gestel of daar net een weg is vir die hantering van 'n Beswaarskrif, nl. toetsing van 'n

saak langs die kerklike weg, of twee weë, naamlik dat 'n beswaar deur 'n individu ook na toetsing en afwysing nog steeds by 'n betrokke meerdere vergadering ingedien kan word (52, 3.1). Die Sinode bevind dat die gewone kerklike weg vir die behandeling van alle sake onder KO art 46 onder gewone omstandighede gevolg moet word met inagneming van KO artt 30, 31 en 33.

Verder dat die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering vir aangeleenthede wat dit Skriftuurlik regverdig, nie deur 1991 se besluit geblokkeer word nie (53, 3.2).

- 2.8 Sinode 2006 wys Studiedeputate aan om die Sinode by sy volgende sitting oor die reikwydte van die besluite van Sinodes 1967, 1991 en 1994 insake die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering te adviseer.
- 2.9 Sinode 2009 behandel die Rapport van die Studiedeputate van 2006 maar verwys die Rapport terug na Studiedeputate vir 'n duidelike aanbeveling oor indieningsprosedure van Beswaarskrifte. Die rede hiervoor omdat die Rapport van 2006 twee moontlikhede stel en nie by een aanbeveling oor indieningsprosedure uitkom nie.

3 Beredenering

- 3.1 Die Sinode van 1964 het 'n duidelike besluit oor prosedure vir indiening van Beswaarskrifte geneem (444):
 - a 'n Gravamen moet gerig word tot die vergadering wat die betrokke besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word.
 - b Dit moet betyds vir opname in die Agenda van die betrokke vergadering ingedien word.
 - c Die besluit waarteen die beswaar ingedien word, moet duidelik woordeliks aangegee word.
 - d Die gronde waarop die beswaar steun, moet ook duidelik aangegee word.
 - e 'n Beswaarskrif oor 'n besondere besluit mag nie meer as een keer ingedien word nie, tensy die beswaarde met gewigtige redes aantoon waarom nie berus kan word nie."
- 3.2 Die Sinode van 1967 (350) handhaaf 'n Beskrywingspunt rakende KO art 33 dat alleen opdragte van Streeksinodes ter tafel geneem mag word wat, op die keper beskou, in kontradiksie is met die besluit van 1964 dat Beswaarskrifte direk by die vergadering wat die besluit geneem het, ingedien moet word.
- 3.3 Die Sinode van 1991 bring deur die handhawing van 'n Beswaarskrif teen die besluit (prosedure) van 1964, die Sinode in lyn met die besluit van 1967 dat slegs opdragte van Part Sinodes ter tafel geneem mag word. Dit beteken dat sake wat volgens KO art 46 op 'n meerdere vergadering moet dien, die weg van KO art 33 behoort te volg.

- 3.4 Die Sinode van 1994 bevind na aanleiding van 'n vraag deur die Regsdeputate insake Appèlle en Beswaarskrifte dat vir alle sake (ook Beswaarskrifte) onder gewone omstandighede die gewone kerklike weg (KO art 33) van behandeling geld, maar dat dit nie beteken dat direkte toegang tot enige meerdere vergadering vir aangeleenthede wat dit Skriftuurlik regverdig geblokkeer is nie. Volgens hierdie bevinding bestaan die reg tot direkte toegang steeds met inagneming van die besluite van 1967, 1991 en 1994.

4 Bevinding

- 4.1 Tans is daar twee moontlikhede vir die indiening van Beswaarskrifte. Die eerste en die verkiesliker manier van indiening is die indiening wat die weg van KO art 33 volg. Hierdie indiening kan egter nie as die enigste beskou word nie. In terme van die besluit van Sinode 1994 (52-54) is daar tweedens die weg van direkte indiening by die vergadering wat die besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word.

5 Aanbeveling

- 5.1 Die bevinding van Sinode 1994 dat daar twee moontlikhede van indiening van Beswaarskrifte is (2.7 en 4.1 van hierdie Rapport) gehandhaaf word met die gevolglike uitvloeisel dat dit (twee moontlikhede) in kerklike vergaderings so toegepas word.

5.2 Motivering

- 5.2.1 'n Beswaarskrif behoort verkieslik die weg van KO art 33 te volg ten einde geleentheid aan die plaaslike kerk en meerdere vergaderings te bied om die beswaar(skrif) te behandel en indien nodig te verfyn en/of advies te gee oor die verdere verloop van die saak.
- 5.2.2 Sou 'n Beswaarskrif langs die weg van KO art 33 nie die nodige ondersteuning ontvang nie, en die beswaarde/s nie die advies van die betrokke mindere vergadering kan aanvaar nie, kan die beswaarde/s steeds die Beswaarskrif by die vergadering wat die besluit geneem het vir oorweging indien.
- 5.2.3 'n Meerdere vergadering behoort by die beoordeling van ontvanklikheid van sake onder KO art 46 die kerkordelike beginsels soos byvoorbeeld verwoord in KO artt 30, 33, en 46 deeglik in ag te neem en daarteen waak om ongemotiveerd en op rigiede wyse sake onontvanklik te verklaar.
- 5.2.4 Hierdie werkswyse/prosedure verseker dat sake onder KO art 46 op eie inhoud en meriete oorweeg sal word.

Betalingsadvies

Die Algemene Sinode van die GKSA in 2003 word versoek dat die Admin. Buro asook kerkrade, kragtens arbeidswetgewing en deursigtigheid, maandeliks aan

emeriti asook dienende predikante 'n volledige betalingsadvies rakende emeritaats- asook traktementsbetalings verskaf.

Beredenering en motivering

- 1 Alhoewel die kerke nie deel uitmaak van die privaatsektor nie, en totaal 'n andersoortige instelling is, moet onthou word dat alle probleme in kerkverband nie altyd op die voorgeskrewe Bybelse en kerklike wyse geskik of hanteer word nie. Om daarom die algemene arbeidswetgewing te gehoorsaam, in soverre dit nie in stryd met die Woord van God is nie, sal 'n wyse besluit van die kerke wees.
- 2 Daarom, en op grond van die Bybelse beginsel van eerlike deursigtigheid is dit nodig dat kerke en die Admin. Buro deurlopend predikante en emeriti maandeliks voorsien van 'n volledig berekende betalingsadvies.
- 3 Versoeke in die verband deur emeriti is tot op hede nie aan gevolg gegee nie, en dit skep onnodig spanning en kan tot groot misverstande lei.
- 4 Kerkrade met emeriti kan baie baat vind daarby as hulle ook van 'n afskrif van hulle emeritus se betalingsadvies voorsien word sodat hulle deurlopend op hoogte kan bly van sy versorgingsituasie.

Bewys van lidmaatskap

Die Sinode herroep alle vorige besluite in die verband en verklaar dat die saak van lidmaatskap as sodanig tuishoort by die plaaslike kerkraad (Acta 1958:138, pt. C).

Die gebruik van opgeleide en bevoegde helpsters vir hulpdiens in diakonale arbeid

Hierdie saak is afkomstig van 'n beskrywingspunt van die Klassis Johannesburg voor die Sinode van 1952 wat soos volg gelui het:

“Die Sinode spreek hom uit oor die kwessie van opgeleide of bevoegde helpsters vir hulpdiens in diakonale arbeid.”

Die kwessie is deur die betrokke Sinode verwys na 'n deputaatskap om 'n studie daarvan te maak en die e.v. Sinode van advies te dien (Acta Sinode 1952, bl. 172).

Die betrokke deputaatskap se studierapport is voor die Sinode van 1952 gelê, en laasgenoemde Sinode het o.a. besluit om die ondergetekende deputate te benoem om van die saak nog verder studie te maak omdat die betrokke studierapport net die een kant van die saak beklemtoon het, nl. om wel gebruik te maak van die helpsters (Acta Sinode 1955, bl. 153-155).

In die vorige studierapport word o.a. aan die volgende aspekte van die saak aandag geskenk:

- Opleiding en besoldiging van helpsters,
- die behoefte aan sodanige helpsters,

- die beskikbaarheid van geskikte sodanige helpsters,
- die verhouding tussen sodanige helpsters en die diakonieë.

Hierdie Deputaatskap kan sy bevindinge oor hierdie vier aspekte van die saak kortliks soos volg uiteensit:

A Opleiding en besoldiging van helpsters.

- (1) Die Deputaatskap onderskryf die beginselstandpunt soos geformuleer in punt 5 (1) van die rapport van Kommissie VI van die Sinode van 1955, wat soos volg lui:

“Net soos daar op Skriftuurlike gronde geen beswaar kan bestaan as 'n broeder diaken hom verder bekwaam en laat oplei om sy amp as diaken beter te kan uitvoer sonder traktement, besoldiging of loon nie, so kan ook geen beswaar bestaan as 'n gelowige, man of vrou, in die amp van gelowige hom of haar verder bekwaam of laat oplei om in die amp van die gelowige beter naastediens te kan lewer nie, met die verstande dat hierdie Christelike beginsel sal bly geld dat die linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie. Word hierdie laaste beginsel in ag geneem, dan is die noodwendige gevolgtrekking dat vir sodanige opgeleide broeder of suster geen besoldiging moontlik is nie, en dit moet altyd bly: werk in die amp van die gelowige. So iemand mag dus nie gebruik word as 'n blywende besoldigde of nie-besoldigde hulpkrag nie” (Acta Sinode 1955, bl. 155).

- (2) Die Deputaatskap bevind dat die parallel wat soms getrek word tussen “professionele” maatskaplike werkers aan die een kant en geneeshere, verpleegsters ens. aan die ander kant om daardeur te betoog dat maatskaplike werk ook 'n erkende “professie” is, op veralgemening berus en nie rekening hou met die werklike toestand sowel hier te lande as in die buiteland nie.

Die feit dat in Suid-Afrika maatskaplike werk tans onder die vakkundige afdeling van die Staatsdiens geklassifiseer word, word deur baie deskundiges as voorbarig beskou, aangesien hulle meen dat maatskaplike werk nie aan die erkende standaard vir 'n professie voldoen nie. Sowel in Suid-Afrika as in die buiteland is dit selfs onder verantwoordelike maatskaplike werkers nog geen uitgemaakte saak dat hulle wel professionele dienste lewer nie. In Amerika is 60% en in Suid-Afrika 40% van alle maatskaplike werkers ongekwalifiseerd en daar is genoegsame aanduidings dat hulle “gespesialiseerde roetinetake in die versorgingsaksie” minstens net so goed en soms beter verrig as die sogenaamde professioneel opgeleide persone.

- (3) Besoldiging

Die Deputaatskap onderskryf die standpunt dat daar geen beginselbeswaar bestaan teen die besoldiging van professionele persone soos geneeshere, verpleegsters ens. uit diakonale fondse nie. Hier word slegs vir die professionele dienste betaal.

Afgesien daarvan of maatskaplike werksters wel professionele dienste lewer of nie, bevind die Deputaatskap egter dat hy by die indiensneming van maatskaplike werksters slegs hulle dienste uit diakonale fondse besoldig sal moet word nie maar ook items soos die huur van kantore, aankoop van kantoortoerusting, motorvervoer ens.

Die ervaring by ander instansies wat maatskaplike werksters in diens neem, toon dat vrywel die grootste deel van die inkomste aan hierdie tipe uitgawes bestee word en nie aan werklike barmhartigheidsdiens nie. Waar daar twyfel bestaan of die sogenaamde “professionele” dienste werklik beter vrugte afwerp as die amptelike werk van die diakens, skyn dit nie of hierdie koste geregverdig sal wees nie.

Om sodanige professionele werkster in diens te neem en te besoldig sal diakonieë

- (a) fondse spesiaal daarvoor en vir die instandhouding van haar kantoor moet insamel;
- (b) oor regs persoonlik moet beskik, wat belangrike kerkregtelike implikasies en beginselbesware sal meebring, en
- (c) om praktiese redes genoodsaak wees om by die Registrateur van Welsynsorganisasie as 'n welsynsorganisasie te registreer onder Wet no.40 van 1947, wat sal meebring dat jaarlikse volledige finansiële state en ander besonderhede aan die Registrateur voorgelê moet word;
- (d) die werkster se volle salaris (beginsalaris tans byna £40 per maand) moet betaal as die indiensneming nie deur die Departement van Volkswelsyn gesubsidieer word nie. In laasgenoemde geval moet die diakonieë bereid wees om hulle werksaamhede deur die Departement van Volkswelsyn te laat inspekteer.

Punt (b) hierbo i.v.m. die regs persoonlikheid van die diakonieë sal wel oorkom kan word indien kerkrade die dienskontrak met die maatskaplike werkster sluit, maar dan word punte (a), (c) en (d) outomaties op die kerkraad van toepassing, wat nie slegs kerkregtelike nie maar ook belangrike staatsregtelike implikasies meebring. Inspeksie en verslae sal natuurlik alleen daardie sake (gehalte werk, finansiële state, ens.) geld wat betrekking het op die diakonale werk en veral die in verband met die werkster.

B Behoeftte aan sodanige helpsters.

- (1) Die Deputaatskap onderskryf die standpunt soos geformuleer in punt 5 (2) van die rapport van Kommissie VI van die Sinode van 1955, wat soos volg lui:

“Wat die behoefte aan besoldigde helpsters betref, is dit van sodanige aard en karakter dat die behoefte met ervaring en studie binne die bestaande

amp te uitgevoer en tot sy volle reg kan kom sonder om die diakonale amp te belas om gelde in te samel en te bestee vir die doel van besoldigde helpsters.” (Acta Sinode 1955, bl.155),

- (2) Die argument dat sodanige helpsters benodig word vir die uitoefening van roetinetake soos kommittering van kinders, opstel van verslae aan die Kommissaris van Kindersorg, bywoning van Kinderhofsittings, ens... d.w.s. gedeeltelike implementering van die Kinderwet No. 31 van 1937--gaan om die volgende redes nie op nie:
- (a) Dit is die beleid van die Departement van Volkswelsyn dat sodanige take slegs deur die vakkundige beampte van die Departement van Volkswelsyn uitgevoer behoort te word (vgl. Omsendbrief No. 56 van 1955, gedateer 20/12/1955, van die Departement van Volkswelsyn Oor Werkverdeling tussen vrywillige welsynsorganisasies en die Buitekantore van die Departement).
 - (b) Indien diakonieë of kerkrade nogtans daarop sou aandring dat hulle maatskaplike wersters (wanneer hulle dië in diens geneem het) met hierdie take behulpsaam moet wees, sal hulle hulle moet onderwerp aan voorskrifte en beleidsbepalings van die amptenare van die Departement van Volkswelsyn (vgl. Omsendbrief 56/55, hierbo vermeld).
 - (c) Om sodanige take deur 'n maatskaplike werkster te laat onderneem sal so 'n diakonie of kerkraad onder die Kinderwet No. 31 van 1937 (art. 45 (i)) goedgekeur moet word, welke stappe die betrokke diakonie of kerkraad onderhewig sal stel aan inspeksie deur amptenare van die staat;
 - (d) Al sou die besware in (a), (b) en (c) te bowe gekom kan word, dan bestaan daar nog geen waarborg dat sodanige werkster die betrokke take altyd sal kan verrig nie, daar dit bloot van die diskressie van elke betrokke Kommissaris van Kindersorg afhang of hy van haar dienste gebruik wil maak in stede van die van die vakkundige beamptes van die Departement van Volkswelsyn.

Die verstandhouding bestaan dat Kommissarisse van Kindersorg in toenemende mate slegs van die dienste van die vakkundige beamptes van die Departement van Volkswelsyn gebruik maak (vgl. Omsendbrief 56/55, hierbo vermeld).
 - (e) Die Deputaatskap is verder van mening dat dit nie op die weg van die Kerk en sy diakonië of kerkrade lê om funksionarisse aan te stel om die Kinderwet No. 31 van 1937 geheel of gedeeltelik te implementeer nie. Prinsipieel is dit die taak van die Staat. Bowendien behoort toepassing van sekere bepalinge van die Kinderwet op Gereformeerde kinders sover moontlik ontmoedig te word, daar hierdie wet ook 'n bepaalde, nie-Gereformeerde lewens wêreldbeskouing bevorder.

- (3) Die Deputaatskap betwyfel dit of die behoefte aan die uitvoering van gespesialiseerde roetinetake onder die Kinderwet deur Gereformeerde diakonieë werklik so groot is dat dit die indiensneming van maatskaplike werksters teen 'n salaris van gemiddeld £40 per maand sal regverdig.
- Word daar werklik sò baie Gereformeerde kinders voor die Kinderhof gebring? Watter addisionele take sou so 'n werkster verrig om haar indiensneming ekonomies te maak? Die toestand sal die grootste versoeking aan diakens bied om hulle ampswerk op so 'n werkster af te skuif net om haar nie te laat ledig sit nie.
- (4) Wat betref die gedagte dat sodanige maatskaplike werksters die behandeling van gedragsprobleme van kinders in inrigtings as gevolg van vroeëre huislike lewe moet onderneem, wens die Deputate te meld dat hulle nie oortuig is van òf die noodsaaklikheid òf die vermoë van 'n professionele maatskaplike werkster om hierdie funksie te verrig nie. Die aantal professionele maatskaplike werksters wat in Suid-Afrika sodanige werk verrig, is sò gering dat ons uit hierdie feit moet aflei dat diè tipe werk by inrigtings òf nie geslaagd is nie, òf nie ekonomies is nie. Bowendien bestaan daar 'n onversoenbare beginselbotsing tussen die sekulêre beginselgrondslag en daaruit spruitende lewenspraktyk van die professionele maatskaplike werk aan die een kant en die Gereformeerde leer en lewenswandel aan die ander kant.
- 'n Pedagoog is die aangewese persoon om hierdie funksie te onderneem, en daar is genoeg Gereformeerde opvoedkundiges vir hierdie doel beskikbaar.
- (5) Ondervinding en navorsing in die Lutherse lande het getoon dat gebruikmaking van opgeleide besoldigde helpsters nie werklik 'n vermeende behoefte bevredig nie, en daar bestaan 'n sterk neiging om gebruik te maak van onopgeleide vrywillige kragte, wat baie op die geaardheid van ons kerkrade georganiseer word. Goeie wetenskaplike argumente word vir hierdie neiging aangevoer.

C Besikbaarheid van geskikte sodanige helpsters.

Die Deputaatskap bevind dat sodanige geskikte helpsters nie beskikbaar sal wees nie.

Die P.U. vir C.H.O. neem vanaf die begin van 1957 nie meer studente in om hulle as maatskaplike werkers op te lei nie. Die getal maatskaplike werksters wat vantevore aan hierdie Inrigting opgelei was, is so gering dat dit te betwyfel is of uit hulle geledere vir 'n onbeperkte tyd voldoende rekrute gewerf sal kan word.

Die totale aantal studente wat jaarliks in Suid-Afrika as maatskaplike werksters opgelei word, is so gering dat hulle op verre na nie in bestaande behoeftes voorsien nie. Bowendien heers aan die verskillende universiteite in Suid-Afrika, soos oor die res van die wêreld, die grootste verwarring en onsekerheid oor die inhoud en

beginselgrondslag van die opleiding vir maatskaplike werksters. Onder die geledere van die maatskaplike werkers self heers onsekerheid en verwarring.

Dit staan te betwyfel of die beginselgrondslag en inhoud van bestaande opleidingskursusse vir maatskaplike werkers 'n toets aan Gereformeerde prinsipes sal kan deurstaan.

Gereformeerde skrywers, waaronder prof. Dr. G. Brillenburg Wurth, meen dat die diepste gedagte van die moderne professionele maatskaplike werk ("social casework") vir geen Christelike toepassing vatbaar nie. So verklaar prof. Wurth o.a. in hierdie verband:

"Daarom dienen wij ons tegen al wat ook in Protestantse kring zich in die richting beweegt met kracht te verzetten en daarbij gedachtig te zijn aan het "prinsiis obsta" d.w.z. ons niet slechts keren tegen uitwassen, maar het kwaad in de wortel aan te tasten.

"Wat is dat kwaad. . . . dat de zielszorg hier heerst in plaats van te dienen, dat de mens hier God van Zijn plaats verdringt." (Christelijke zielezorg in het licht der moderne psychologie, bl 307).

Volgens 'n artikel in Koers, Augustus 1955, skyn dit asof daardie metode van maatskaplike sorg bekend as professionele maatskaplike werk, gesien in sy ganse eksistensiële posisie, met die Calvinisme in die besonder en met die Christendom in die algemeen prinsipieel totaal onversoenbaar is. Dit het oorspronklik gespruit uit 'n sekere Angel-Saksies-deistiese lewens-en wêreldbeskouing. In Amerika het dit gegroei en ontwikkel tot sowel die speerpunt en gangmaker as die aktiewe draer van 'n nuwe, na-Christendomlike wêreldwye internasionale skynkultuur.

Dit skyn dus, soos reeds aan die begin gesê, nie asof persone met die regte opleiding beskikbaar sal wees vir besoldigde professionele hulpdiens in diakonale arbeid nie.

In ooreenstemming met die sienswyse geformuleer in punt 5 (1) van Kommissie VI se rapport voor die Sinode van 1955 (hierbo aangehaal) is dit egter vir mans-of damestudente aan die P.U. vir C.H.O. moontlik om die graadkursus in Maatskaplike Sorg te volg om hom of haar verder te bekwaam of op te lei om in die amp van die gelowige beter naastediens te kan lewer.

D Die verhouding tussen sodanige helpsters en die diakonieë.

(1) Die Deputaatskap vind afdoende regverdiging vir die standpunt soos geformuleer in punt 5 (3) van Kommissie VI se rapport voor die Sinode van 1955, wat soos volg lui:

"Die praktyk van sodanige besoldigde hulpdiens hier te lande en elders het geblyk te wees 'n wesenlike gevaar vir die uitvoering en selfs voortbestaan van die diakonale amp, omdat dit nie by hulpdiens bly nie maar die diens van diakonale barmhartigheid langsamerhand verdring". (Acta Sinode 1955, bl. 155).

- (2) Getuigenis van die wesenlikheid van hierdie gevaar blyk o.a. uit die volgende:

In 'n redaksionele artikel in Die Kerkbode 15 April 1953, bl. 491, lees ons onder andere die volgende:

“Die strewe was al die jare om die diakenamp tot ryker en voller ontplooiing te bring. Maar hierdie strewe . . . (het) ons . . . self verydel deur 'n organisasie op te bou waarin die beroepswerker of werkster nie naas die diaken gestel is nie, maar hom verdring het by die versorging van die armes”.

In die Hervormde Kerk in Nederland het dit reeds sover gekom dat 'n vooraanstaande kerklike maatskaplike werkster nie net alleen met geringskatting van die diakonale arbeid verwys na “de zo noodzakelijke heroriëntering van die practijk van de dienste der barmhartigheid” van de Kerk” nie maar openlik pleit vir 'n vervanging van die “verouderde” leerstellinge en mensbeskouing soos o.a. uitgedruk in die instellingsformulier vir diakens, met die leerstellinge en mensbeskouing van die “social casework”. Van laasgenoemde het prof. Brillenburg Wurth, soos hierbo gemeld, gesê dat die diepste gedagte daarvan vir geen Christelike toepassing vatbaar is nie. (Vergelyk die artikel van mej. M. James in Evangelische benadering van die mens, deur Idenburg, Van Lennen, e.a.; Keulen, Delft, 1951 bl. 210.)

In die Anglikaanse Kerk het die maatskaplike werk en die deurwerking van die geestelike grondslae waardeur die maatskaplike werk gedra word, tot gevolg gehad dat 'n vooraanstaande skrywer moes uitroep: “Today a social philosophy which substitutes gadgets . . . for sad, weary, stumbling, shame-faced souls, has successfully, evicted the Church from the field of her service” (J.C. Pringle: Social work of the London churches; Oxford University Press, 1937; bl. 155).

Oor die toestand in Swede lui een verslag o.a. soos volg: “... in modern Sweden, where sociology has become a religion in itself, and birth control, abortion and promiscuity . . . are recognised as inalienable rights Newspapers thundered that bishops had no business meddling in such matters; citizens told them (the bishops) to mind their own business and even a few parsons accused their superiors of aspiring to emulate the Church of Rome . . . All a woman need to have (a legal abortion) is to convince a social worker that the birth is unsuitable”. (Ons onderstreep) (Uit die tydskrif Time, 25 April 1955, bl. 29).

Van die kant van professionele maatskaplike werkers in Amerika word die sterkste mag waarmee hulle te kampe het om hulle “professie” as 'n selfstandige professie gevestig te kry, deur Herbert Bismo bestempel as: “The Puritan tradition, which has been such a pervasive influence in our cultural history (and which) represents, in a sense, the fullest expression

of the Protestant Ethic" (The Philosophy of Social Work; Public Affairs Press, Washington; bl. 87).

In 'n ongepubliseerde meestersverhandeling oor Professionele maatskaplike werk in sy verhouding tot pastorale werk binne die gemeente in'n Calvinisties-gereformeerde kerkverband: 'n teoreties-prinsipiële uiteensetting, in 1954 aangebied in die Fakulteit van Sosiale Wetenskappe aan die P.U. vir C.H.O., word bevind dat die professionele maatskaplike werk vanweë sy anti-Christelike beginselgrondslae uiteraard 'n wesenlike gevaar inhou vir die uitvoering en selfs voortbestaan nië slegs van die diakonale amp nie maar van aldie ampte in die kerk.

5 Aanbevelings.

- A Op grond van voorafgaande uiteensetting beveel die Deputate aan dat die eerw. Sinode hom sowel om prinsipiële as om praktiese oorweginge uitspreek teen die gebruik van besoldigde professionele helpsters of maatskaplike werksters vir hulpdiens in diakonale arbeid.
- B Die Deputate beveel verder aan dat diakonieë, gesien die besondere eise wat ons huidige tydsgewrig aan die uitoefening van hulle ampswerk stel, van hierdie rapport deeglik kennis neem en ook trag om artt. 25 en 26 van die Kerkorde behoorlik in praktyk te bring.

Die plek van barmhartigheidsinrigtings binne die GKSA

Die plek wat die barmhartigheidsinrigtings binne die kerkverband, en oor hul beheer deur die Algemene Sinodes, deur soos volg daarop te antwoord:

- 1 Die beheer oor die diakonale inrigtings berus by die plaaslike kerk waaronder elke inrigting ressorteer.
- 2 Die kerkverband het ook belang by die diakonale inrigtings. Daarom Benoem die Sinode deputate vir diakonale sake om:
 - 2.1 korrelerend op te tree,
 - 2.2 geldelike hulp te bied, en
 - 2.3 met die Owerheid te skakel.
- 2.4 Die opdrag aan die te benoemde deputate vir diakonale sake is:
 - 1 om met die Regering te onderhandel ten einde die bestuur en beheer van die barmhartigheidsinrigtings in ooreenstemming met die Kerkkode te kan bring;
 - 2 om trustees te wees vir alle eiendomme wat verkry word kragtens sy opdrag, en in regte op te tree vir daardie belange;
 - 3 om 'n kantoor in stand te hou met 'n voltydse amptenaar;

- 4 om die ingesamelde geld vir die barmhartigheidsinrigtings onder sy opdrag te administreer;
- 5 om 'n studie te maak van barmhartigheidsdiens onder sy opdrag, en skakel te wees met die Regering en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO art. 26.

3 Motivering:

- 3.1 Die meerderheidsrapport rus op die studierapport 1973 wat 'n nuwe struktuur in die presbiteriale kerkregering wil inbring wat geen presedent in die geskiedenis het nie, en wat ook nie afdoende Skriftuurlik en kerkregtelik bewys is nie.
- 3.2 In KO art. 25 word o.a. die verhouding van die diakenamp tot die Kerkraad plaaslik gereël. In die meerdere vergaderings daarenteen gaan dit nie om verteenwoordiging van ampte nie maar van kerke.

Derhalwe is die diakenamp tog verteenwoordig op die meerdere Vergaderings waar die kerke saamkom. Die plaaslike verhouding volgens KO art. 25 kan dus nie na meerdere vergaderings Deurgetrek word nie.
- 3.3 Net as die KO diakens sou beskou as deel van die plaaslike kerkraad, sou hulle na meerdere vergaderings afgevaardig kon word.
- 3.4 Die versorging van inwoners in die diakonale inrigtings lê volgens KO art. 25 op die terrein van die plaaslike diakonie onder toesig van die kerkraad. Dit behou die noue band tussen die diakonale inrigting en die diakonale amp in die plaaslike kerk.
- 3.5 Die samewerking van die diakonieë in die kerkverband ten opsigte van die diakonale inrigtings, word bewerkstellig deur die sinode deputate vir diakonale sake.
- 3.6 Die deputate vir diakonale sake moet allereers uit diakens bestaan. Volgens KO art. 40 word ook predikante bygevoeg.

Die roeping van die kerk in die volkslewe

N.B.: Die besluit het alleen betrekking op die volgende sinsnede in art. 30: "In hierdie (kerklike) samekomste moet geen ander as kerklike sake en dit op kerklike wyse, behandel word nie."

Die woorde "geen ander" moet ons hier nie in absolute sin opvat nie. Die KO self handel oor die korrespondensie met die owerheid in art. 28, waarvan ten minste die tweede deel algemeen gehandhaaf is sonder die beswaar dat dit nie in 'n kerkorde tuishoort nie. En in art. 21 word oor die toesig op die skole gespreek in die sin dat die Christelike karakter van alle skoolonderwys gehandhaaf moet word.

Wat die kerklike praktyk betref, weet ons dat die kerk hom uitgespreek het oor die armversorging in verband met ander armbesture (vgl. art. 26 KO), oor

huwelikskwessies, oor egskeidings, oor die bestryding van onsedelikheid, oor vrouestemreg, oor die eed en derglike.

Duidelik is dus dat die betrokke sinsnede van art. 30 net soos al die ander artikels van die KO histories verklaar moet word. Met ander woorde, ons het hier nie te doen met 'n bepaling van 'n wetboek nie maar met 'n artikel van 'n kerkorde wat in die algemeen die orde wil handhaaf in die gemeente van Christus.

Dat die kerklike samekomste nie bedoel is vir die bespreking en beslegting van staatkundige, maatskaplike of streng wetenskaplike kwessies nie - dit is die punt wat art. 30 wil vasstel. Daarvoor word die kerklike vergaderings nie gehou nie.

Wel het die gereformeerde kerke in dae van vervolging hulle ook met politieke kwessies ingelaat, maar dit het geskied omdat Rome die politieke mag te hulp geroep het om die reformasie teë te werk.

Sedert 1572, toe in Nederland al meer vryheid gekom het, het die gereformeerde kerke prinsipiël duideliker uitgespreek dat in kerklike vergaderinge alleen kerklike sake behandel moet word (vgl. Dordrecht 1574, art. 4). Op die sinode van Dordrecht 1578 is bepaal dat by gemengde sake die beslissing "by die owerheid en kerkraad tesame sou staan" (art. 17), terwyl die sinode van Middelburg 1581 die redaksie van die artikel vasgestel het soos dit nou lui. Hiermee het die geref. kerke stelling geneem teenoor die roomse konsilies wat van die standpunt uitgegaan het dat staat en maatskappy sowel as wetenskap en kuns in diens van die kerk staan, sodat die kerk daarvoor seggenskap het.

Hierteenoor handhaaf ons die geref. beskouing:

- 1.1 dat die Here vir die kerk 'n eie opdrag gegee het, nl. die verkondiging van die Heilige Woord en wat daarmee verband hou. (Sien Matt. 28:19);
- 1.2 dat die kerk, veral in die prediking, geroep is om die lig van die Woord van God oor alle lewensfunksies te laat uitstraal en
- 1.3 dat daar gemengde sake is waarby kerk, staat en maatskappy gemeenskaplike belang het.

Oor die eerste twee punte hoef ons hier nie verder te spreek nie. Wat in geding is, is die gemengde sake waar gemeenskaplike belange aan die woord is.

Om die gedraglyn van die kerk in hierdie opsig te omskrywe, verwys ons liefs na ons uitnemende KO self. Die woord "korrespondensie" wys ons hier die goeie weg. Daaronder het ons vaders verstaan dat belanghebbendes na gelang van voorkomende gevalle mekaar van die gewigtigste sake op hoogte hou, nou en dan verskillende belange met mekaar bespreek, mekaar se oordeel aangaande gewigtige punte inwin en daartoe desverkiekend oor en weer afgevaardigdes stuur.

Hiermee meen ons is alles gesê wat in algemene sin oor die saak gesê kan word.

Aan die kerklike vergaderinge moet dit verder oorgelaat word om self te bepaal wat die gemengde sake is en hoe die "korrespondensie" of verband bewerkstellig sal word (Acta 1942:24-26).

Doop - bediening

Omdat dit die Bybels reformatoriese volgorde is dat die sakrament op die Woord volg, besluit die Sinode van 1985 dat die doopbediening na die Skriflesing of na die prediking plaasvind (Acta 1985:421, pt. 4.2.1. en 4.2.4.1).

Doop deur sektes bedien

2.1 Die doop moet nie erken word nie:

2.1.1 Wanneer dit bedien is in 'n antitrinitariese gemeenskap, wat hetsy die Persoon of die Goddelike Natuur van die Seun of die Goddelike Natuur van die Heilige Gees ontken.

2.1.2 Wanneer dit bedien is in 'n geselskap wat die Nuwe Verbond of Testament van genade ophef, d.w.s. wat die soendood en die Middelaarswaardigheid van Christus ontken en wat Hom miskien net as ideaalmens, profeet, genie of voorbeeld voorhou.

2.2 Op grond hiervan het die Sinode die volgende konklusie aanvaar:

2.2.1 Persone wat deur herdoop hulle Christelike doop misken het, moet nie weer oorgedoop word nie, maar moet hulle dwalings herroep wanneer hulle toegelaat word tot die gemeenskap van 'n Gereformeerde Kerk. Of hierdie herroeping voor die kerkraad alleen, of openbaar voor die gemeente sal geskied, moet deur elke kerkraad self uitgemaak word (vgl. ook art. 75 KO).

2.2.2 Persone wat alleen gedoop is in 'n antitrinitariese geselskap (bv. die Unitariërs of Russeliete) of in 'n gemeenskap wat die Nuwe Testament of Verbond, gevestig in die bloed van Christus ophef, moet weer gedoop word wanneer hulle in die gemeenskap van 'n Gereformeerde Kerk opgeneem word, aangesien hulle vorige doop nietig was of fiktief. Elke kerkraad moet self kennis neem in voorkomende gevalle of die geselskap waaruit 'n persoon oorkom, een is wat so 'n nietige of fiktiewe doop onderhou. Wanneer hieroor verskil van gevoele bestaan, moet die meerdere vergadering geraadpleeg word.

2.2.3.1 In die geval van kinders van mense wat oorkom uit 'n antitrinitariese geselskap of een wat die middelaarsdood en -waardigheid van Christus ontken, dieselfde as in konklusie 2.2.2.

2.2.3.2 In gevalle waar ouers uit sektes oorkom en ongedoopte kinders het, moet die kinders gedoop word (Acta 1930:28-30). In gevalle waar kinders tot jare van verstand gekom het, waaroor die kerkraad sal oordeel, sal die doop geskied volgens die formulier vir volwassenes (Acta 1945:126?).

- 2.2.3.3 Die Sinode is van oordeel dat as 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk hom deur 'n sekte laat doop het, hy daardeur by sodanige sekte aangesluit het. Daardeur vervall hy as lidmaat van die Gereformeerde Kerk en kan alleen weer opgeneem word na openbare belydenis van geloof (Acta 1945:126).

Doop van aangenome kinders

Oor die vraag of die doop aan aangenome kinders bedien mag word, besluit die Algemene Sinode van 1970 dat dit wel gedoen mag word. Wanneer lidmate aansoek doen om die doop van hulle aangenome kinders moet Kerkrade hulle vergewis dat:

6.1 die aanneming ook in wetlike vorm sy beslag gekry het en

6.2 die ouers die aanneming beleef as 'n aanneming in die Here.

Dieselfde prosedure word gevolg as by die doop van natuurlike kinders en dieselfde formulier word gebruik (Acta 1970:137, pt. 6.b. en 6.c.).

Doop van kinders in inrigtings

Die huisouers, of ander verantwoordelike persone deur die Tehuiskommissie goedgekeur, mag die verbondskinders vir die doop aanbied (Acta 1949:278).

Doop van kinders in pleegsorg

'n Kind wat wetlik by Gereformeerde ouers in pleegsorg geplaas is, ooreenkomstig die Here se eise wat aan doopouers gestel word, gedoop kan word (KO, artt 56 tot 58 en 60). Die besondere inhoud van die Doopsformulier en die Skrifgronde wat in die Doopsformulier aangebied word, moet in die bediening van kinders in pleegsorg in alle geval dieselfde bly.

2 Motivering

2.1 Twee Sinodes het hulle oor die doop van aangenomekinders uitgespreek.

2.1.1 Sinode 1949 (Acta:278-279) het van prof JD du Toit se advies kennis geneem, naamlik dat 'die huisouers, of ander verantwoordelike persone wat deur die Tehuiskommissie goedgekeur is, die verbondskinders vir die doop mag aanbied'.

2.1.2 Sinode 1970 het 'n breedvoerige studieverlagoor die doop van aangenome kinders ter tafel geneem en soos volg besluit (Acta 1970:137): 'Kerkrade moet hulle daarvan vergewis dat, wanneer lidmate aansoek doen om die doop van hulle aangenome kinders dat:

(1) die aanneming ook in wetlike vorm sy beslag gekry het, en

(2) die ouers die aanneming beleef as 'n aanneming in die Here.

Dieselfde prosedure as by die doop van natuurlike kinders word gevolg, en dieselfde Formulier word ook hiervoor gebruik.'

- 2.1.3 B Spoelstra (Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering, 1989:315) verwys na bogenoemde twee Sinodebesluite en maak die volgende opmerking: 'Deeglike studie van die leer van die verbond het aan die lig gebring dat die werk van God in die NT nie aan biologiese afstamming gebind is nie. Wanneer gelowige ouers 'n kindjie wettig aangeneem het, is hulle in die Here die ouers van daardie kind. Niks kan die doop van so 'n kindjie verbied nie'.
- 2.2 Geen Sinode het hom tot op dese oor die doop van kinders in pleegsorg uitgespreek nie. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat wetgewing (Kinderwet) sedert 1970 insake pleegsorg en aanneming voortdurend en plek-plek ingrypend verander het. Sinodes is dit egter eens dat doop bedien kan word indien daar ordelike, wetlike toesig oor die kind is en dat die ouers die doopbelofte moet kan uitleef.
- 2.3 Die doop van kinders – kinders in pleegsorg ingesluit – spruit voort uit die rykdom van die beloftes van die verbond en die seëninge wat God aan sy kinders wil bied. Die kerk, ouers- (pleegouers in dié geval) is verantwoordelik om die verbondspilg uit te voer.
- 2.4 Die bepaling dat daar 'n “permanente” verband tussen ouer en pleegkind vooraf reeds uitgemaak moet word, kan nie deurgaans nie. In die Here se Woord, soos ook bely in Sondag 10 van die Kategismus, stel dat sulke kinders nie toevallig deel van die huisgesinne van sulke pleegouers geword het nie en sou sodanige inbind in die huisgesin van gelowige ouers tog 'n duidelike inbinding in die huis van die Here ook wil bring. Die feit dat alles in God se hande is en dat God in alle gevalle voorsien, bepaal dat ons nie die aspek van onbepaalde tyd voorwaardekan maak tot die bediening van God se opdrag en belofte aan diesulke kinders nie. Die ryke betekenis van die verbond van die Here waarsku juis ook teen die gevaar om die verbondsband te verskraal as sou dit net 'n biologiese band kon wees.
- 2.5 Sinode 1970 het aangetoon dat aanneming, wat in dié geval versorging van die kind in pleegsorg kan insluit, 'n aanneming in die Here moet kan wees. Pleegsorg wat in die huidige wetgewing 'n meer wetlike vorm begin aanneem het, kan dan ook as aanneming in die Here beskou word.
- 2.6 Die Kinderwet van SA (Wet No. 38 van 2005) beskryf die posisie van kinders asook die verantwoordelikhede en regte van ouers wat kinders in pleegsorg neem (Hoofstuk 13, deel 1, seksies 180-190 van die Kinderwet). Ingevolge die wet is die pleegsorg-ouers verantwoordelik vir die dag tot dag geestelike sowel as liggaamlike versorging van die kind in hulle sorg (Wet 38, hfst 13, Deel 1, 65 (1)). Die wet stel die belang van die kind op die voorgrond, waaronder die bied van sekuriteit in terme van opbou van gesonde gesinsverhoudings, asook die onderhouding van die taal-, kultuur en godsdienstige agtergrond van die kind (Deel 1, 65 (1) (a tot k, in besonder g en h) asook Aanhangsel B, Deel 2, 6). Alhoewel pleegsorgouers geen

verhinderings in die weg mag lê dat die kind met sy/haar biologiese ouer(s) kontak maak nie(Deel 1, 65 (1) (b)), is dit duidelik dat hulle as gevolmagtigde pleegsorgers verantwoordelikheid vir die kind in hulle sorg aanvaar. Saamgevat: 'n kind in pleegsorg is 'n kind wat op medium/lang termyn (ten minste twee jaar) onder die sorg van pleegouers staan. Die moontlikheid bestaan ook dat pleegouers so 'n kind as hulle eie aanneem (Kinderwet, hoofstuk 16), wat 'n permanente relasie tussen ouers en kind(ers) tot gevolg het.

Doop van kinders van ouers wat nie belydenis van die geloof afgelê het nie.

Die kinders van ouers wat self nie belydenis van die geloof afgelê het nie, moet gedoop word; maar dat die ouers ernstig vermaan word om belydenis te doen. Solank hulle self nog nie belydenis gedoen het nie, mag hulle nie as doopouers optree en ook nie as doopgetuies ingeskryf word nie (Acta 1873:154).

Dooppraktyk - eenvormigheid

Waar ouers nie lidmate van 'n Gereformeerde Kerk is nie, sal die kerkraad in elke partikuliere geval besluit of hulle voor die kansel toegelaat word of nie (Acta 1945:126).

Egskeiding - grond

Alleen owerspel word as grond vir egskedding erken volgens Matt. 5:32 en nie kwaadwillige verlating nie (Acta 1924:44, Acta 1927:54, Acta 1964:475).

Eksamen van persone wat elders gestudeer het

Persone wat elders gestudeer het, d.w.s. nie aan die Teologiese Skool nie en wat begeer om by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die diens van die Woord te tree, wend hulle eers tot die Teologiese Skool waar op die vasgestelde wyse bepaal word of die voornemende kandidaat 'n sertifikaat van aflegging van die Kandidaatseksamen kan ontvang, soos dit vereis word vir die Voorbereidende Eksamen (Acta 1967:52).

Eksamens - Teologiese Kandidate

I Samehang en onderskeiding

Die kerk:

- A Finaliseer en toets die teologies-wetenskaplike onderlegdheid van die toekomstige bedienaar van die Woord in die kandidaatseksamen;
- B toets, met die oog op beroepbaarstelling, die bekwaamheid en gawes van die kandidaat om sy teologies-wetenskaplike kennis in die praktyk toe te pas in die Voorbereidende Eksamens (preparatoir);

- C toets, met die oog op toelating tot en bevestiging in die amp, die regsinnigheid in leer en die vroomheid in lewenswandel van die proponent in die Toelatingseksamen (peremptoir).
- II Inhoud en afneem van die eksamens:
- A Die Kandidaatseksamen:
 Hierdie eksamen word volgens die bepalinge wat die Algemene Sinode van tyd tot tyd vasstel, deur die Kuratore van die Teologiese Skool afgeneem. 'n Student wat aan die Teologiese Skool die voorgeskrewe studiekursusse deurloop het, word dan aan die einde van die bepaalde studietermyn op die voorgeskrewe wyse geëksamineer.
 Hierdie eksamens moet die teologies-wetenskaplike peil en regsinnigheid, wat aan die Teologiese Skool gehandhaaf moet word, weerspieël. Die sertifikaat, wat die gunstige afloop van die kandidaatseksamen vermeld, word deur die Kuratore in naam van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uitgereik. Hierdie dokument moet as bewysstuk dien dat die kandidaat in die Heilige Godgeleerdheid bekwaam geag word om: as bedienaar van die Woord op te tree, die Heilige Skrif te kan uitleë en die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig (vgl. art. 18 KO) (Acta 1967:48-49).
- B Die eksamen voor die Streeksinode (Acta 1970:127-128):
 Die praktiese besluit van die sinode ("om slegs een eksamen te bepaal vir voornemende bedienaars van die Woord, " en om "die een eksamen weer terug te bring na die Streeksinodes") word soos volg vasgestel:
- 1 Direk nadat hy die Kandidaatseksamen afgelê het, wend die kandidaat hom met die bewyse daarvan tot die korresponderende kerkraad van die Streeksinode uit die ressort vanwaar die kandidaat afkomstig was toe hy hom aangemeld het vir opleiding as bedienaar van die Woord, sodat die Streeksinode so gou doenlik en sonder onnodige uitstel opgeroep kan word vir die afneem van die eksamen met die oog op proponering en bevestiging in die amp.
 Die Streeksinode moet hom, voordat hy die eksamen laat plaasvind, vergewis van die feit dat die kandidaat die voorneme het om na aflegging van die eksamen 'n wettige beroep te aanvaar.
 'n Kandidaat wat die kandidaatseksamen afgelê het en wat nie van voorneme is om die eksamen volgens art. 4 KO af te lê nie en 'n beroep te aanvaar nie, moet van sy voorneme behoorlik en met aanbeveling van die Kuratorium van die Teologiese Skool, rekenskap gee aan die Streeksinode waar hy eksamen behoort af te lê, sodat die Streeksinode grondig op die versoek kan ingaan voor en aler hy die kandidaat toestemming gee om sy voorneme ten uitvoer te bring.
 Die eksamen word, met die oog op beroepbaarstelling en bevestiging in die amp, afgeneem deur die Streeksinode ooreenkomstig sy bepalinge.

- 2 Vir die deugdelike en min of meer eenvormige afneem van hierdie eksamen stel die sinode vir die Streeksinode as riglyne die skema soos vervat in die besluit van die sinode 1967, art. 212 4 b (1) - (2) (f) en C (a) en (b) (bl. 49-51):
- a) By hierdie meerdere vergadering moet die kandidaat dan die volgende stukke inlewer:
 - i 'n Getuienis oor leer en lewe deur die kerkraad of -rade onder wie die kandidaat die laaste twee studiejare ressorteer het. Op grond van die getuienis moet die kerkraad ook 'n aanbeveling maak.
 - ii 'n Akte van bewys dat hy die kandidaatseksamen soos deur die Alg. Sinode vereis, met goeie gevolg afgelê het.
- 3 Die eksamen voor hierdie meerdere vergadering sal hoofsaaklik uit die volgende bestaan:
- a) Die kandidaat moet 'n preek voor die vergadering lewer, sodat geoordeel kan word oor sy geskiktheid in die beoefening van die preekgawes en oor sy bekwaamheid in die uitlegging van die Heilige Skrif volgens die grondteks. Vir die doel moet die betrokke meerdere vergadering minstens ses maande voor die eksamen 'n aantal Skrifgedeeltes aandui waaruit die kandidaat 'n keuse kan maak. Die preek moet sy eie werk wees en mag nie voor die eksamen gebruik word nie.
 - b) Verder moet met die eksamen vasgestel word of die kandidaat bekwaam is om as herder en leraar die hoofsake van die geloofsleer te verduidelik, as kategeet op te tree en as kerkregeerder te dien.
 - c) Die vergadering sal die reg hê om enige punt wat verband hou met sy beroepbaarstelling en proponering, baie deeglik te ondersoek ten einde seker te maak dat hy wel bekwaam is om met stigting voor die gemeente op te tree.
 - d) Die vergadering sal die reg hê om enige punt, hetsy oor die leer of iets anders, baie deeglik te ondersoek en vir daardie doel die kandidaat te ondervra ten einde sy sienswyse grondig na te gaan.
 - e) 'n Grondige ondersoek na die beweegredes tot die amp. Die vergadering stel sowel uit die voorgelegde stukke as uit die eksamen vas dat die kandidaat wel oor die nodige gawes om in die roeping as herder en leraar vrugbaar werkzaam te wees, beskik. Daaruit moet blyk dat hy goeie studie- en preekgawes besit; dat hy met lewenswysheid, nie alleen in eie kring, maar ook in die openbaar en na buite waardig kan optree; dat hy as goeie voorganger ook die temperamentele geskiktheid het om, soos dit gestel word in 2 Tim. 2:24 ('n Dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra'), te kan optree.

- 4 Verdere ondersoek aan die hand van die volgende riglyne kan soos volg gedoen word:
- Of hy die roeping voel: van wanneer af, opvoeding in die ouerhuis, belangstelling en meelewend in die geestelike en kerklike dinge.
 - Het hy rekening gehou met hierdie roeping in sy optrede as jongeling; in die studentetyd; in die keuse van 'n lewensgesellin?
 - Was daar toename in die begeerte om predikant te word? Was daar groei in hierdie roepingsbewustheid, veral in die studiejare as teologiese student?
 - Is die begeerte en roepingsbewustheid in ooreenstemming met die Skrifvereistes vir 'n dienskneg van die Here: nie hoogmoedig te wees of homself te soek nie of om 'n gesiene posisie in die lewe te bekom nie? Kom daar al iets in hom tot openbaring van wat Christus leer in Mat. 11:29: 'Leer van My dat Ek sagmoedig en nederig van hart is'? 'Die gesindheid wat in Jesus Christus was, moet ook in ons wees', (Fil. 2:1-8); 'Vrug van die Heilige Gees' (Gal. 5:22), moet in die dienskneg van die Here altyd tot openbaring kom."
- 5 Omdat dit ook 'n toelatingseksamen (vgl. Acta 1967:51, pt. C) is, gaan die eksamen ook oor:
- die leer: Dit moet 'n toets wees van die proponent se regsinnigheid op grond van die dogma van die kerk. 'n Toets van sy regsinnigheid in die kerkreg. 'n Toets van sy regsinnigheid in die uitvoering van sy ampswerk, t.w. Hermeneutiek, Homiletiek, Kategetiek, Pastoraal en Liturgiek.
- 3) Sy lewe:
- 'n Intieme ondersoek na die lewens- en wêreldbeskouing en die lewenspraktyk van die proponent, desnoods deur 'n vertroulike kommissie van die klassis.
 - Hierby word ook vrae oor die Christelike Etiek in die volle klassis aanbeveel. Na afloop van hierdie eksamen word die proponent se toelating tot bevestiging as predikant van die betrokke kerk in 'n geslote vergadering besluit en die uitslag aan hom meegedeel.
- 6 Slaag die kandidaat in die eksamen onderteken hy die formulier vir proponente. Daarna stel die vergadering hom beroepbaar en ontvang hy die reg om te proponeer, d.i. preekkonsent met die oog op 'n beroep. Nadat hy wettig beroep is, mag hy bevestig word.
- A Riglyne vir twee eksamens:
- Die besluit met riglyne vir twee eksamens afgeneem deur klassisse (Acta 1967:49-51, art. 212) word behou om deur Streeksinodes in werking gestel te word wanneer hulle dit onder besondere omstandighede nodig ag (Acta 1970:128, pt. 3).

Emeriteringsouderdom van predikante en professore

Waar art. 13 KO melding maak van ouderdom, word die "ouderdom" deur die Kerkraad, Klassis en Streeksinodedeputate bepaal op versoek van 'n predikant en kerkraad (Acta 1997:370).

In die lig dat beide die emeritaats- en pensioenfonds uitgaan van die veronderstelling dat predikante normaalweg op ouderdom 65 emeriteer, moet kerkrade en predikante daarvan kennis neem dat die versorgingsbedrag van predikante wat nie medies ongeskik is nie en wat voor ouderdom 65 emeriteer, in verhouding met die diensjare aansienlik gaan verminder (Acta 1997:370).

Emeriteerouderdom % van versorgingsbedrag (slegs die EVT)

Na 55 maar voor 56	40%
Na 56 maar voor 57	44%
Na 57 maar voor 58	48%
Na 58 maar voor 59	52%
Na 59 maar voor 60	56%
Na 60 maar voor 61	60%
Na 61 maar voor 62	68%
Na 62 maar voor 63	76%
Na 63 maar voor 64	84%
Na 64 maar voor 65	92%
Na 65	100%

(Acta 1997:261)

Die professore tree normaalweg af op ouderdom 65 jaar. By voorlegging van bevredigende getuigskrifte oor gesondheid en werkvermoëns kan die Kuratorium in oorleg met die PU vir CHO die diens van jaar tot jaar verleng (Acta 1979:193, ook Acta 1994:654, 655).

Funksionele differensiasie - ouderlingamp

Die Sinode van 1967 het 'n rapport insake Funksionele Differensiasie van die ouderlingamp behandel en besluit dat daarin begripsverwarring voorkom en dat daarin 'n misinterpretasie van art. 23 van die Kerkorde opgesluit lê (Acta 1967:100-102).

Gemengde huwelike

Die kerk van Christus is by elke huweliksluiting ten nouste betrokke, naamlik om toe te sien dat die huwelik as 'n heilige verbintenissen "in die Here" aangegaan word. Wat in die Heilige Skrif baie duidelik verbied word, is geloofsgemengde huwelike. Ten opsigte van rasgemengde huwelike bied die Skrif geen regstreekse uitspraak nie asook geen grond om huwelike bloot vanweë ras- en kleurverskil vir ongeoorloof te hou nie (Acta 1985:441).

Die huwelik is 'n instelling van God wat die huwelikspaar, die familie, die kerk en die samelewing - waarby die regering ingesluit is - wesenlik raak. Die Heilige Skrif gee nie 'n uitgesproke oordeel oor rasgemengde huwelike nie. Bybelse lering oor die huwelik en oor die eenheid van die mensdom bied geen gronde om sulke huwelike as ongeoorloof te beskou nie. Die huwelikspaar, familie, kerk en staat behoort hulle in die geloof aan hierdie Bybelse beginsels te onderwerp. In die praktyk verplig die Christelike liefde om die probleme op die persoonlike, familie- en sosiale vlak, wat ras- en etniese en kulturele verskille in 'n rasgemengde huwelik kan veroorsaak, in ag te neem. Hierdie implikasies geld veral vir kinders uit sulke huwelike. Daarom is dit noodsaaklik dat elkeen van die betrokke partye - die familie, kerk en staat - elkeen volgens sy roeping in ooreenstemming met die bogenoemde Bybelse beginsels hierdie implikasies aan die huwelikspaar sal aantoon (Acta 1988:55).

Grensreëlins

By verskille oor die grense van 'n nuwe gemeente of 'n te herstigte gemeente of by die herreëling van grense van bestaande gemeentes moet kerkrade hulle wend tot die klassis, wat dan beslis (Acta 1955:319; vgl. ook Acta 1985:58, pt. 2.3.5 sowel as Acta 1873:44 en Acta 1876:51 {art. 188} en 1873:52 {art 194}).

Huisbesoek by predikante en ouderlinge

Volgens art. 23 Kerkorde word aan ouderlinge opgedra "om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na nagmaal, om die lidmate veral te vertroos en te onderrig..." Hier word dus die volgende doelstellinge aangedui:

- 1.1 tot stigting van die gemeente - waaronder verstaan moet word die "opbouing van die geloofslewe" van die gemeentede;
- 1.2 tot vertroosting van die lidmate - dit kan gevolglik gedoen word deur persoonlike kontak in die huise;
- 1.3 tot onderrigting van die lidmate - dit word hier as 'n opdrag aan die ouderlinge gegee om aan die huise van die lidmate ook onderrig te verstrek (Acta 1982:468, pt. C.2).

Vir die doeltreffende uitoefening van hierdie opdragte word aan elke ouderling van 'n gemeente 'n spesifieke wyk opgedra waarvoor hy verantwoordelik is. Die lidmate wat binne die vasgestelde grense van 'n wyk woonagtig is, word dus aan die sorg van die ouderling vir daardie wyk opgedra, sodat bogenoemde doelstelling deur hom aldaar nagestrewte moet word en daarvan moet hy van tyd tot tyd rekenskap gee aan die kerkraad.

As daar nou in so 'n afgebakende wyk ook huisgesinne is waarvan die hoofde in een van die ampte staan, maak dit geen saak nie en genoemde huisgesinne van 'n predikant of ouderling word nie onttrek aan die herderlike sorg van die ouderling bloot deur die feit dat hulle in die amp staan nie.

Die afsonderlike ampsdraers word weliswaar ook weer kragtens art. 81 KO aangewys om mekaar op te skerp in die uitoefening van die ampswerk, maar dit is heeltemal 'n ander opdrag wat by die van artikel 23 moet kom.

Die bearbeiding van die gesinne van ampsdraers moet dus geskied deur die ouderling wat verantwoordelik is vir daardie wyk. Hierdie bearbeiding van die huise van mede-ampsdraers moet nie vervul word met 'n verkeerde gees nie maar in presies dieselfde gees waarin al die ander gesinne bearbei word.

So spreek dit vanself dat 'n ouderling verantwoordelik is vir die bearbeiding van sy eie huis as dit binne sy ressort val. Met medewete en goedkeuring van die eerwaarde kerkraad kan hy sekerlik versoek dat 'n ander ouderling daar optree, maar dit bly sy opdrag. En so moet ook die huis van die predikant bearbei word deur die ouderling van die wyk waarin hy woonagtig is (Acta 1952:220-221).

Huwelike sonder kerklike inseëning

Die Generale Sinode keur die huwelik sonder kerklike inseëning af en maan kerkrade aan om op kerkisasie, by huisbesoek, in die prediking daarteen ernstig te vermaan (Acta 1936:170).

Huweliksgebooie - afkondiging

Die Sinode besluit dat volgens art. 70 KO dit noodsaaklik is dat voorgenome huwelike voortaan nog aan die gemeente bekend gestel sal word (Acta 1973:330, pt. E. 1.2).

Kandidate - staking van stemme by oorweging van toelating

As stemme staak oor die toelating van kandidate tot die Heilige Diens, sal dit beskou word as nie-toelating (Acta 1873:35; vgl. ook bylaes bl. 95 vir die volledige besluit).

Kelkies

- 1 Gebruik van aparte kelkies by die Nagmaalsviering: Die Sinode van 1930 het 'n lang rapport daarteen goedgekeur (Acta 1930:47-50).
- 2 Gemoedsbesware teen aparte kelkies (Acta 1930:157-159)
- 3 Prinsipiële raamwerk insake die viering van Nagmaal (Acta 2000:400-401; Acta 2003:531-539)

Kerkraad – woordbetekenis in artikel 79 KO

Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge (vgl. art. 37 KO en Acta:1979:560, art. 157).

Kerkseel



- I Die seel is 'n kerkie op 'n rots gebou met randskrif die naam van die betrokke instansie wat dit gebruik en die devies as onderskrif op die rots: "Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie".
- II Die seel sal slegs in een grootte gebruik word.
- III Die gebruik van die seel:
 - A Kerke is geregtig om die seël te gebruik met die randskrif Die Gereformeerde Kerk N.N. (afb. 4).
 - B Meerdere vergaderings van kerke is geregtig om die seel te gebruik met die naam van die betrokke vergadering as randskrif (afb. 5).
 - B Ander instansies kan, wanneer dit nodig blyk te wees, deur 'n Algemene Sinode gemagtig word om die seel te gebruik.
- IV Afdrukke van die seel sal deur die Administratiewe Buro op versoek van kerke, aan hulle verskaf word vir gebruik (Acta 1967:158-159; vgl. ook Acta 1970:105).

Korrespondensie – algemeen

'n Belangrike rapport wat aanvaar is, het voor die Sinode gedien. Die konklusies daarvan lui soos volg:

- 1.1 Konklusies i.s. "korrespondensie":
 - 1.1.1 Die term "korrespondensie" hoef nie vervang te word deur 'n ander term wat beter sal pas by die huidige omstandighede nie, maar dit moet slegs nader omskryf word.
 - 1.1.2 Die nadere omskrywing moet saamval met die onderskeiding van kerke in dieselfde kerkverband en min of meer verwante kerke in verskillende kerkverband.
 - 1.1.3 Die nadere omskrywing moet aansluit by die van die Sinode van Grand Rapids, nl. korrespondensie in engere (of eintlike) sin en korrespondensie in ruimer sin. Die eerste sien dan op kerke in een kerkverband (art. 48 KO) ook waar dit oor die nasionale grense heen gaan. Dit is kerklike korrespondensie. Die tweede sien op kerke in verskillende kerkverband. Dit is interkerklike korrespondensie.

- 1.1.4 Gelyktydige korrespondensie van 'n kerk in een land met kerke in verskillende kerkverband in 'n ander land is moontlik met inagneming van die onderskeiding tussen korrespondensie in engere sin en korrespondensie in ruimer sin (vgl. hierby Acta 1961:528-529, pt. 5).
- 1.1.5 Sowel korrespondensie in ruimer sin as korrespondensie in enger sin kan onderhewig wees aan nadere reëling. Wat die laaste betref, kan bv. rekening gehou word met besondere omstandighede (Acta 1955:163).
- 1.2 Konklusies insake die vraag of die kerkverband verder strek as nasionale en territoriale grense:
 - 1.2.1 Hierop moet bevestigend geantwoord word en Gereformeerde Kerke in verskillende lande wat een is in belydenis en kerkregering (NGB art. 29) kan saamkom in 'n gewone ekumeniese sinode na analogie van art. 36 KO
 - 1.2.2 Die noue kontak tussen die Gereformeerde Kerke, wat met mekaar kerklike korrespondensie onderhou, moet voortgaan deur afgevaardigdes oor en weer te stuur, nie slegs om groete oor te bring nie maar om oorleg te pleeg in verband met gemeenskaplike belange (Acta 1955:164-165).

Korrespondensie - huidige praktyk

(Acta 1991:786 e.v.)

In die praktyk word die korrespondensie tans nog deur die volgende deputate van Sinodes (Potchefstroom) van die GKSA behartig:

- Deputate GER en Ekumeniese Aangeleenthede
- Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke
- Deputate vir Gesprek met NH en NG Kerk

Kredensiebriewe

- 1.1 Lasbriewe vir afgevaardigdes na meerdere vergaderings moet onderteken wees deur praeses en skriba (Acta 1869:13, 16).
- 1.2 Die Sinode maan die kerkrade aan om toe te sien dat geloofsbriewe behoorlik opgestel sal word, met vermelding van die amp van die afgevaardigde (Acta 1945:13).
- 1.3 Die Sinode van 1967 het besluit om art. 33 KO konsekwent toe te pas sodat alleenlik opdragte van streeksinodes ter tafel geneem mag word, omdat:
 - a. die streeksinodes die lasgewer van die Algemene Sinodes is en
 - b. die sakelyste van die Algemene Sinodes nie oorlaai behoort te word met onbestudeerde en onverantwoorde "opdragte" nie (Acta 1967:349-350).

Kworum

Kerkrade, klassisse en Streeksinodes sal hulle eie kworum bepaal. Die sinode ag dit wenslik dat dit nie minder as die helfte plus een sal wees nie.

As verskeie lede van 'n kerkraad sodanig betrokke is dat hulle geen sitting kan neem nie en daar geen kworum oorbly nie, dan moet dit bereken word na die getal wat nog oorbly.

As besware teen die hele kerkraad gemaak word, moet volgens Kerkorde die meerdere vergadering in die saak handel (Acta 1920:58).

Liturgie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Sien Acta 1997:731-768 vir die vollegdige besluit

Die erediens bestaan uit vier hoofmomente.

1. Die Ontmoetingsdiens (Introïtus)

Die Ontmoetingsdiens bestaan uit die vier elemente, Votum, groetseën, lofliedere en geloofsbelydenis.

1.1 Die Votum

Die funksie van die votum is dat die gemeente openlik en nederig, plegtig verklaar dat die erediens 'n saamkoms van God met sy volk, en daarom van sy volk met Hom en met mekaar is.

1.2 Die Groetseën

Die Formule wat in die samekomste vir die groetseën gebruik moet word, moet woorde van God wees, gerig aan gemeentes. Hierdie Formules kom voor in die briewe van die Nuwe Testament aan bepaalde gelowiges, daarom ook in Openbaring 1:4,5 wat gerig is aan die sewe gemeentes in Klein Asië.

1.3 Lofpsalm

Hierdie liturgiese handeling van die gemeente as deel van die Ontmoetingsdiens het die spesifieke doel om op God se groetseën te antwoord. Dit kan ook deur die sing van meer as een loflied geskied.

1.4 Die Geloofsbelydenis

Die liturgiese plek van die geloofsbelydenis is in die reël na die loflied. Die geloofsbelydenis kan egter ook elders aan die hand van bogenoemde riglyne liturgies sinvol en ordelik aangewend word.

2. Verootmoedigings- en Versoeningsdiens in die samekoms

Na die Ontmoetingsdiens is die gemeente sterk bewus van die heilige volmaaktheid van God, wat in skerp teenstelling is met die gemeente se sonde, ellende en onwaardigheid. Hierdie teenstelling moet en wil die gemeente voor God erken en bely (Jes 6:3-7) en so

word die gemeente in ootmoed voor die Here gestel. Hierdie besef kan alleen in sondaarharte deurbreek deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees. Die elemente van skuldbelydenis en vryspraak in die liturgie kan nie op 'n vaste patroon, bloot vir roetinedoeleindes voorgeskryf word nie. Die elemente kom in die prediking en in die

Formuliere (veral Nagmaal) voor.

2.1 Die afkondiging van die Wet

Die voorlesing van die Wet, as kenbron van ellende, as tugmeester tot Christus en as reël van dankbaarheid het 'n plek in die deel van die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens. As Verbondsgemeente moet die gemeente die Wet in sy geheel ten minste een maal op die Rusdag aanhoor as bekragting van die Verbondsverhouding met God. Die voorlees van die Wet uit Eksodus 20 en Deuteronomium 5 beklemtoon die Wet as geheel.

Ander Skrifgedeeltes kan die Wet se beloftes en eise as Verbondboek na vore bring, bv.: Ef 4:25-5:3, Rom 12:9-21, dele uit die Bergrede en Kol 3:5-17 en kan aanvullend saam met die voorlesing van die Wet gebruik word.

3. Die Woorddiens

Die Woorddiens omvat die gebed om die verligting van die Gees, die Selfstandige Skriflesing, die Skriflesing waaruit die prediking kom, die prediking en die sakramente.

3.1 Die Gebed om verligting (epiklese)

Die noodsaak van gebed om die verligting van die Heilige Gees gerig op die Woorddiens word opnuut beklemtoon, sonder om die inhoud van die eerste gebed (of dit meer as die epiklese kan omvat) voorskriftelik te maak. Hierdie gebede kan voor of na die Skriflesing geskied en kan gepraat of deur die gemeente gesing word. Weens die verduisterde verstand en hart van die mens en weens die Goddelike aard van die Skrif moet gebid word dat die Woorddiens waarlik opening, ontsluiting en toepassing van die Woord sal wees, en dat die gemeente die Woorddiens as Woord van God sal aanneem en dat die Woord vrug sal voortbring. Hierdie gebed van die gemeente spruit voort uit hulle totale afhanklikheid van God die Heilige Gees as die eintlike Inspireerder en Verklaarder van die Goddelike Woord. Die bede om verligting gaan nie net om prediking nie, maar moet veral ook op die voorlees en aanhoor van die Woord gerig wees. Die gebed is dat God in die voorlees en aanhoor van die Woord mense sal aanspreek en dat die gemeente die gelese en verkondigde Woord as die eie Woord van God sal aanneem, toe-eien, gehoorsaam en uitdra.

3.2 Die Selfstandige Skriflesing

Die liturgiese handeling van die Selfstandige Skriflesing as liturgiese moment word onder die Woorddiens erken. Die beoefening van hierdie liturgiese handeling word aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat.

3.3 Die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei

Die prediking het 'n dienende funksie van oopmaak en toepas ten opsigte van die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei en behoort so nou as moontlik daaraan verbind te word. Die koppeling van Skriflesing en prediking word aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat.

3.4 Die prediking

Die ontmoeting van God met sy volk kom verder tot uitdrukking in die kragtige Woorddiens waar God in die mededeling van sy genadegawes, sy volk vertroos en vermaan met die belofte en eis van sy verbond met ons. Hierdie Woorddiens is 'n besondere liturgiese handeling wat die sleutels van die koninkryk van die hemel

in die samekoms bedien. God is aan die woord deurdat die prediking die Woord as opdrag het. Die lewende God se lewende Woord word verkondig (uitlê en toepas) en dwing tot 'n lewende, dinamiese, appellerende oordra van die prediking.

3.5 Die sakramente

Die Sinode van 1985 het duidelike besluite oor die liturgiese inhoud van die doop en Nagmaal geneem en die liturgiese plek by albei sakramente aangedui as ná die Woord (by die doop ten minste na die Skriflesing). Verder is geen opdragte rakende die sakramente aan hierdie Deputate gegee nie.

4. Die Antwoorddiens (Responsoria)

In die Responsoria kom normaalweg die aanbidding deur gebede waarin die voorganger die gemeente voorgaan, en die gebede wat die gemeente sing, asook die liefdegawe na vore. Omdat dit antwoord van die gemeente is, kan die geloofsbelydenis en skuldbelydenis ook by uitsondering hier voorkom.

4.1 Die "amen" van die gemeente

Die "amen" aan die einde van handeling soos die prediking, gebede en geloofsbelydenis is die gemeente se instemmende belydenis en bevestiging. Dit is die vasgryp aan wat God in sy verbond belofte en die bevestiging van wat bely en gebid is (vgl. Kategismus, Sondag 52). Ter wille van goeie orde gaan die voorganger die gemeente hierin voor of laat dit saamsing.

4.2 Gebed

Die liturgiese plek van gebede in die samekoms word aan die vryheid van kerke oorgelaat, met die riglyn dat die gebed om verligting voor die Woorddiens plaasvind en die omvattende gebed van lofprysing, aanbidding, dank, verootmoediging en skuldbelydenis en smeking/voorbidding in die Antwoorddiens, omdat aanbidding deur die Woorddiens opgeroep word. Die liturgiese handeling van stilte na die Woorddiens, voor die aanbidding as antwoord op die Woorddiens, word aan die vryheid van die kerke oorgelaat. In die gebede in die samekoms van die gemeente behoort die volgende onder andere aandag te kry: verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens, aanbidding, skuldbelydenis, dank, smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God (bv. Neh 1:8-10; Luk 11:13). Die liggaamshouding behoort te pas by die liturgiese betekenis en wese van die gebed en altyd eerbied te betoon in die wete dat die Drie-enige God aangeroop word. Die gebedshouding van die hele gemeente word aan die vryheid van die kerkraad oorgelaat.

4.3 Sing van Psalms

Die sang van die gemeente is 'n belangrike onderdeel van die Antwoorddiens, maar as respons van die gemeente kom dit as liturgiese handeling ook in die ander hoofmomente van die liturgiese gang voor. Sang is diensbaar aan die woorde

waarmee met God in die liturgie gekommunikeer word omdat die gemeente daarin as geheel aan die woord kom. Die lied dien as 't ware as Formulier om in eenheid te aanbid, smEEK, bely, prys, verheerlik en te verootmoedig. Waar sekere Psalms en Skrifberymings hulle daartoe leen, kan van wisselsang gebruik gemaak word. Dit word aan die vryheid van die kerke

4.4 Die liefdegawe of Christelike handreiking

Die liefdegawe of Christelike handreiking vorm deel van die antwoord van dankbaarheid op die Woorddiens. Met hierdie daad betuig die gemeente sy dank aan God vir die meedeling van sy genadegawes op tasbare wyse. Die gemeente moet goed ingelig wees, liefs die vorige Sondag, waarvoor die gawes bestem is.

5. Die wegstuurseën

Die seën van die Here aan die einde van die erediens het nie die betekenis om die slot van die samekoms aan te dui nie, maar wel die wegstuur van die gemeente om onder die seënende hand van die Here tot die aksie van diens uit te gaan. Dit moet liturgies in woord en gebaar duidelik wees dat die dienaar gemagtig is om die seën van die Verbondsgod, namens Hom, op die Verbondsgemeente te lê. Die besluite van Sinode 1985:420 ten opsigte van hierdie liturgiese handeling bly steeds van krag.

Losmaking en bevestiging van predikante

- 2.1 By die losmaking van dienaars asook by die bevestiging van dienaars en proponente sal daar deputate wees namens die klassis, wat bestaan uit twee lede deur elkeen van die twee naburige kerkrade benoem, saam met die konsulent. Hierdie kommissie moet kennis gee van die afloop aan die kerkraad van die korresponderende gemeente van die klassis (Acta 1904:).
- 2.2 Die reiskoste van hierdie deputate word deur die gemeente wat beroep het, gedra (Acta 1904: ; Acta 1967:580-581).

Losmaking en bevestiging van predikante as professore in teologie

- 3.1 'n Predikant word afgesonder in die diens van professor aan die Teologiese Skool kragtens die roeping o.a. in 2 Tim. 2:2 ten behoeve van die opleiding van bedienaars van die Woord.
- 3.2 Die diens as professor aan die Teologiese Skool onthef die predikant van die verpligting aan die ander fasette van die ampswerk as predikant, maar hy behou die bevoegdheid daartoe onder toesig van die plaaslike kerk.
- 3.3 Die professor aan die Teologiese Skool is vir sy diens aan die Teologiese Skool aan al die plaaslike kerke in die kerkverband gelyklik verbind.

Bg. beginsels word in die praktyk soos volg toegepas:

- 3.4 'n Professor aan die Teologiese Skool word slegs beroep uit die diensdoende predikante van die plaaslike kerke binne kerkverband.

- 3.5 Die beroep (verkiesing en bevestiging) van 'n bedienaar van die Woord as 'n professor aan die Teologiese Skool en die toesig oor sy diens as professor geskied deur al die kerke in kerkverband deur middel van hul afgevaardigdes, ooreenkomstig die bepalings van die Algemene Sinode. (Vir die beroepingsvergadering vgl. die verwysing by art. 18 KO).
- 3.6 Die predikant wat as professor beroep is, moet vir sy bevestiging die akte van losmaking van die plaaslike kerk wat hy gedien het, voorlê in terme van die prinsiepe 3.2 hierbo.

(Acta 1973:315, pt. 2.2.1.1 - 2.2.2.3.)

Lykverbranding

Die Sinode het oor die toenemende gebruik van lykverbranding in ons land besluit:

Die Sinode merk met leedwese op dat lykverbranding toeneem en is van oortuiging dat dit nie moet nagevolg word deur ons lidmate nie en wil daarteen waarsku omdat dit van heidense oorsprong is en in stryd is met die eeue-oue gebruik van begrafnis soos dit voorkom in die Ou en Nuwe Testament.

Verder kan die Christelike kerk hom nie met lykverbranding verenig nie, want met die skynargument dat dit om gesondheidsredes gedoen word, skuil agter lykverbranding 'n materialistiese wêreldbeskouing. Vir die Christen met sy geloof aan die opstanding het die begrafnis die simboliese betekenis dat die liggaam aan die aarde toevertrou word as 'n graankorrel wat eers sterf om later heerliker te voorskyn te kom (Acta 1933:117 en 122; vgl. ook Acta 1952:208, pt. 1 en 1952:216, pt. 1).

Naam en eiendom van die kerke

- I Al wat benoem moet word, is die plaaslike kerk. Dit behoort deur die betrokke plaaslike kerke self te geskied, ooreenkomstig die betrokke besluit van die Sinode van 1955, bv. Gereformeerde Kerk Rustenburg (Acta 1985:477, pt. 4.1).
- II Ter wille van identifisering en voorkoming van verwarring kan meerdere vergaderinge self 'n naam aan die besondere samekoms van die kerke gee, of dit bly soos dit is - met die voorbehoud dat dit nie 'n naam van 'n kerklike liggaam as 'n entiteit benewens die plaaslike kerke is nie (Acta 1985:477, pt. 4.2).
- III Wanneer die Gereformeerde Kerke in kerkverband as 'n groep kerke van ander denominasies onderskei moet word, moet die meervoud, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, gebruik word (Acta 1985:477, pt. 4.3).
- IV Die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moet tot 'n regspersoon omgevorm word ten einde hom in staat te stel om regshandeling te verrig wat verband hou met die doel en funksies waarvoor hy gestig is. Nadat die Administratiewe Buro tot regspersoon omgevorm is, word hy die eienaar van alle gemeenskaplike roerende bates van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in hierdie sinodale verband asook van alle

ander roerende bates wat deur hom geadministreer word, uitgesonder sodanige roerende bates as wat: 1) aan trustees behoort en deur hom namens sodanige trustees geadministreer word; 2) aan enige stigting of maatskappy behoort en deur hom namens sodanige stigting of maatskappy geadministreer word (Acta 1985:477, pt. 4.4 - 4.5). Die Administratiewe Buro word hiermee vrygestel van die stel van sekerheid tot bevrediging van die Meester van die Hooggeregshof vir die behoorlike en getroue beheer van gelde wat aldus die eiendom van die Administratiewe Buro word soos vereis in artikel 3 van die Trustgeldebeskermingswet 34 van 1934 en die Meester van die Hooggeregshof word hiermee gelas om van sodanige sekerheid af te sien soos in artikel 3(1) van die vermelde Wet bedoel (Acta 1988:500, pt. 4.8).

- V Die Algemene Sinodebesluit 1955 (Acta 1955:83) word onder aandag van alle kerke en meerdere vergaderings gebring (Acta 1985:478, pt. 4.6.2).

Die volgende Sinodebesluite word herroep:

- 1 paragraaf 2 van die Sinodebesluit van 1955 (Acta 1955:83-84, pt. 2a, 2b, 2c, 2d);
 - 2 paragraaf 6.2 van die Sinodebesluit van 1982 met betrekking tot stigtings (Acta 1982:630B, pt. 6.2, 6.2.1, 6.2.2, 6.2.3, 6.2.4) (Acta 1985:479, pt. 4.8).
- “6 In die lig van die rapport van die deputate vir korrespondensie met die Hoë Owerheid oor die onderhawige saak, sowel as die bespreking wat in die Sinode gevoer is, besluit die Sinode: 6.1 Aangesien die bestaande kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geen bepalings het omtrent die eiendomme van die afsonderlike kerke, om dit te verkry, te besit, te bestuur of te vervreem of op 'n ander manier te handel met roerende of onroerende goedere deur elke sodanige gemeente nie, so verklaar die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika soos volg:
- “6.1.1 Elke Gereformeerde Kerk binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is alleen eienaar van sy goedere en fondse en al sulke goedere en aktes daaroor en alle verbande in sy guns op las gepasseer, word geregistreer en gedoen op en in naam van die betrokke kerk en wel soos volg: Die Gereformeerde Kerk.....
 - “6.1.2 Die kerkraad van elke gemelde kerk is bevoeg in naam en ten behoeve van sy kerk tot alle eiendomsdade van watter aard ook, maar in besonder en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorgaande om roerende en onroerende goedere te koop, te huur, te verhuur, te verkoop, met verband of servitude of ander laste te beswaar, verder om roerende en onroerende goedere om oorsake wat die betrokke kerkraad genoegsaam oordeel, weg te skenk of teen minder as die waarde daarvan oor te maak en om fondse op verbande of ander deur die kerkraad goedgekeurde sekuriteit uit te leen en te belê.

- “6.1.3 Die kerkraad van elke gemelde kerk is bevoeg om gevolg en uitvoering te gee aan al die voorgaande handeling ingesluit die passeer en transport van onroerende goedere, om alle dokumente te teken of te laat teken deur sodanige persoon of persone as wat deur die kerkraad daartoe gemagtig word.
- “6.1.4 Bostaande geld vir alle bestaande en nog te stigte Gereformeerde Kerke binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.” (Acta 1982:630A).”

Nagmaal - lees van formulier

Die Formulier moet gelees word elke keer as die Nagmaal gevier word, sonder dat dit aanleiding gee tot 'n opsionele tweede nagmaalsviering (Acta 1967:165).

Nuwe gemeentes

Nuwe gemeentes sal alleen gestig word na goedkeuring van die respektiewe klassisse. As die lede van die nuwe gemeente tot twee Streeksinodes behoort, moet toestemming verkry word van altwee betrokke klassisse. Hierdie besluit is ook van krag as stigting verlang word deur persone wat nog nie in kerkverband met die Gereformeerde Kerke geleef het nie (Acta 1955:319; vgl ook Acta 1985:58, pt. 2.3.5).

Oefening van preekgawes

Die Sinode besluit dat die optrede van studente voor gemeentes om hulle preekgawes te oefen die spreek van 'n stigtelike woord is (Acta 1961:244, pt. f).

Onderbreking van diens vir 'n tyd

Artikel 14 van die Kerkorde bepaal dat 'n predikant altyd gebonde bly aan die roeping van die kerk waaraan hy verbonde is, selfs wanneer hy gedwing word om die uitoefening van sy amp vir 'n tyd deur omstandighede te onderbreek.

In die artikel word vier beginsels gestel:

- 1.1 Die onderbreking moet noodsaaklik wees.
- 1.2 Die onderbreking moet vir 'n bepaalde tyd wees. Wanneer daar permanente of vir 'n onbepaalde tyd onvermoë is, word volgens art. 13 KO gehandel.
- 1.3 Die onderbreking moet deur die kerkraad bewillig word met advies van die klassis.
- 1.4 Die verbintenis tussen die predikant en die kerk moet ongeskonde bly en die predikant mag deur die kerkraad selfs voor verstryking van die bepaalde tyd teruggeroep word. Dit sluit dus die oorgaan tot 'n ander staat van lewe uit, daar dit onder artikel 12 KO gereël word. Sodra die onderbreking eindig, gaan die predikant weer met volle ampsbediening voort net soos voor die onderbreking. (Acta 1967:60).

Ondertekening van die bevestigingsformulier

Die ondertekening van die formulier vir bedienaars van die Woord vind plaas by die bevestiging van proponente in teenwoordigheid van die Klassikale deputate genoem in art. 10 KO (Acta 1936:59).

Onnodige vertraging van die doop

Die Sinode neem met besorgdheid kennis van die omvang wat die onnodige vertraging van die doop in ons kerke aangeneem het (Acta 1958:134; vgl. ook Acta 1961:132-136).

Ooreenkoms met betrekking tot kapelaandienste

1 Vooraf:

- 1.1 Vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms word onder “Departement” die bepaalde organisasie en bevelstruktuur soos in die betrokke staatsdepartement gangbaar is, verstaan, hierna aangedui as “die Departement”.
- 1.2 Vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms word onder “Die betrokke Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika” die plaaslike kerk soos dit in kerkordelike verband met ander plaaslike kerke selfstandig in sinodale verband leef, verstaan, hierna aangedui as “die Kerk”.
- 1.3 Onder “kapelaandienste” word die bepaalde kerklike bediening binne die verantwoordelikhedsfeer van die betrokke Departement, en wat nie deur die gewone kerklike instansies gelewer kan word nie, verstaan.
- 1.4 Die Departement en die Kerk erken wedersyds mekaar se eiesoortige struktuur, verantwoordelikheid en werkswyse asook elkeen se eie onderskeie reg wat wedersyds eerbiedig word.

2 Die partye:

- 2.1 Die Departement word verteenwoordig deur die daartoe bevoegde amptelike instansie van die Departement, genoem
- 2.2 Die Kerk word verteenwoordig deur òf
 - 2.2.1 die Sinodale deputate vir skakeling met die Hoë Owerheid, p/a die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk in SA, Posbus 20004, Noordburg, 2522, wat dit op kerklike wyse na die Betrokke kerklike instansie verwys, òf
 - 2.2.2 die betrokke Gereformeerde Kerk aan wie die bedienaar van die Woord (hierna genoem “predikant”) vir kapelaandienste kerkordelik verbind is.
- 2.3 Die Departement het ’n keuse watter kerklike instansie, in 2.2 genoem, geskakel moet word, alhoewel die Departement waarskynlik nuwe behoeftes langs die weg in 2.2.1. aangedui, onder die aandag sal bring, en

onderhandelings oor diensdoene predikante in departementele verband langs die weg in 2.2.2. aangedui, sal doen.

- 3 Beroeping en aanstelling van predikante vir departementele kapelaandienste: die Kerk (vgl. Par. 2).
 - 3.2 Die Kerk kan in bepaalde gevalle sy behoeftes ten opsigte van die bediening en versorging van Gereformeerde onder die aandag van die Departement bring.
 - 3.3 Nadat die behoefte aan die voorwaardes vir 'n deeltydse of voltydse kapelaanspos in die Departement vasgestel is, stel die Kerk 'n predikant vir hierdie diens op kerklike wyse beskikbaar, en die Departement stel die betrokke predikant aan volgens 'n prosedure wat hierna omskryf word.
 - 3.4 Die prosedure by die kerklike beroeping en departementele aanstelling:
 - 3.4.1 Die plaaslike kerkraad met advies van die klassis stel 'n groslys van ses name op waaruit beroep kan word, en lê die groslys aan die Departement voor.
 - 3.4.2 Die Kerk erken die reg en die verantwoordelikheid van die Departement om 'n sekerheidsklaring te doen en die mediese geskiktheid van die te beroepe predikant vas te stel.
 - 3.4.3 Nadat die groslys goedgekeur is, gaan die Kerk voort met beroeping. Die groslys kan te eniger tyd aangevul word volgens die prosedure in 3.4.1. hierbo.
 - 3.4.4 Nadat hy die beroep aanvaar het, word die beroepe predikant deur die plaaslike kerk wat hom beroep het in sy amp bevestig en deur die Departement as kapelaan aangestel.
 - 3.4.5 Die Departement aanvaar volle verantwoordelikheid vir die onderhoud, salaris en pensioen van die predikant en lê volle besonderhede hiervan vòòr die bevestiging en aanstelling aan die kerklike instansies vir goedkeuring volgens art. 11 KO voor.
 - 3.5 Die kapelaan is predikant van die plaaslike kerk wat hom beroep en bevestig het, en hy kan met medewete van die Departement kerkdiens in die plaaslike kerk en kerkverband verrig mits dit nie met die departementele kapelaansdiens bots nie.
 - 3.6 In die geval van predikante in kerkdiens wat tegelyk kragtens onderhandelings tussen die Kerk en die Departement deeltydse kapelaansdiens verrig, behou die Departement die reg van sekerheidsklaring. Sodanige deeltydse kapelaansdiens geskied op sodanige voorwaardes soos deur die Departement en die Kerk in elke besondere geval ooreengekom.

3.7 Dit word verstaan en ooreengekom waar dit in wedersydse onderhandelings, behoudens sekerheidsklaring, duidelik is dat kerklike versorging en bediening aan Gereformeerdes deur die betrokke plaaslike predikant sonder aanstelling as kapelaan gelewer kan word, die Departement hierdie diens sal erken.

4 Die diens van die kapelaan:

4.1 Die predikant in kapelaansdiens is verantwoordelik vir die kerklike en geestelike bediening van die Gereformeerdes in departementele diens wat aan hom kragtens sy verbintenis aan die betrokke kerk en die ooreenkoms tussen die Departement en die Kerk toegewys is.

4.2 Die kapelaansdiens moet in alle opsigte altyd ooreenkomstig die Skrif, Belydenis en Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in SA geskied.

4.3 Besondere werk wat met die diens, gawes en opleiding van die predikant verband hou, sal alleen in oorleg met en met toestemming van die betrokke kerklike instansies aan die kapelaan opgedra word. Indien hierdie besondere werk 'n permanente karakter moet aanneem, sal dit slegs kan geskied nadat kerklike toestemming langs kerkordelike weg daarvoor verkry is.

5 Beëindiging van kapelaansdiens, emeritering en verplasing:

5.1 Dit staan die predikant vry om sy kapelaansdiens by die Departement te beëindig. Dit kan egter alleen gedoen word nadat dit aangemeld en kerklik beoordeel is.

5.2 Wanneer 'n pos van kapelaansdiens by die Departement vanweë departementele beleid verplasing noodsaak, soos bv. met betrekking tot die getalbasis of operasionele aanwending, tree die Departement met die plaaslike kerk waaraan die predikant verbind is, in verbinding.

5.3 Wanneer 'n predikant in departementele diens kragtens hierdie ooreenkoms 'n beroep 'n ander kerk aanneem, bly sy aanstelling van krag totdat hy kerkordelik in die ander kerk bevestig is.

5.4 Wanneer 'n persoon in departementele kapelaansdiens kragtens kerklike handeling sy bevoegdheid tot predikantsdiens verloor, sal die Departement by die ontvangs van kennis daarvan hom ook dadelik uit sy diens by die Departement ontslaan.

5.5 Wanneer die Departement 'n predikant in kapelaansdiens se diens wens te beëindig, word daaroor met die plaaslike kerk geskakel.

6 Dissipline

6.1 Die predikant in kapelaansdiens by die Departement bly ten opsigte van tug, toesig oor sy leer en lewe, ens. ten volle aan die Kerkorde onderworpe.

- 6.2 Die predikant in kapelaansdiens by die Departement bly vir die uitvoering van sy diens ook ten volle onderworpe aan die reëls en regulasies wat ten opsigte van toesig, dissipline en ontslag in die betrokke Departement geld.
- 6.3 Indien die Departement of die Kerk rede vind om die predikant in kapelaansdiens by die Departement te dissiplineer, sal dit in oorleg met die ander party gebeur.

7 Wysiging van ooreenkoms.

Hierdie ooreenkoms kan van tyd tot tyd met wedersydse instemming van die twee partye gewysig word.

5.6 "Dienspligkapelane".

Die Sinode word versoek om hom in die lig van oorweging 4.18. nie oor die sogenaamde dienspligkapelane uit te spreek nie omdat dit geen sinodale aangeleentheid is nie.

Besluit: Afgekeur.

5.7 Deputate

Die Sinode word versoek om nie weer deputate vir kapelane te benoem nie, aangesien die nodige skakeling met betrokke staatsdepartemente voortaan deur die deputate vir skakeling met die Hoë Owerheid kan geskied.

Predikant - verlies van amp

Die Sinodebesluite van 1939 en 1942 i.v.m. art. 12 KO word herroep omdat dit strydig is met die gees en die rigting van die Kerkorde, nl. dat die diens wat die persoon doen, waartoe hy middelik deur God geroep en bevestig is, sy amp bepaal. Sodra hy daar buite tree, verval sy amp en hy word eervol losgemaak, indien sy verandering deur die kerkraad en klassis, met advies van die deputate van die Streeksinode, as "necessitas" beoordeel word. Die bedoeling in art. 12 is om te bepaal hoe 'n bedienaar onder uitsonderlike omstandighede sy amp eervol mag neerlê en nie hoe hy dit kan behou nie (Acta 1964:100, pt. B.2)

Proponente wat lank wag vir 'n beroep

Indien 'n proponent lank wag op 'n beroep, moet die betrokke meerdere vergadering wat sy eksamen afgeneem het, homself van tyd tot tyd op hoogte stel met die leer en lewe van die proponent. Indien die wagtyd langer as nege maande duur moet die meerdere vergadering oordeel of dit nodig is dat daar weer eksamen afgeneem moet word (Acta 1970:128, pt. c).

Rapporte - riglyne vir die opstel

Die volgende is as riglyne vir deputaterapporte aan Algemene Sinodes goedgekeur:

- 1.1 Opdrag - volledig aangehaal waar nodig of slegs verwys na vorige Acta-artikels.

- 1.2 Sake waarvan die Sinode kennis moet neem. Indien daar sake is waaroor die Sinode nie 'n besluit hoef te neem nie, dan word dit onder die opskrif gestel
- 1.3 Sake waaroor die Sinode moet besluit. Sake waarvan die Sinode gedeeltelik moet kennis neem en gedeeltelik oor moet besluit, moet volledig onder die opskrif behandel word. Aanbevelings moet direk onder elke punt aangegee word.
- 1.4 Finansies. Finansiële implikasies / begrotings saam met aanbevelings daaroor.
- 1.5 Opdragte aan te benoeme deputate.
- 1.6 Onnodige formele gegewens moet weggelaat word (bv. konstituering, wie die deputate is / was, hoeveel vergaderings gehou is ens.).
- 1.7 Alle korrespondensie en bylaes moet ter sake in die rapporte ingewerk word. Die stukke moet by die Rapport aangeheg word maar nie in die Agenda gepubliseer word nie (Acta 1991:57-58, pt. 4.4. en Acta 1991:59, pt. 5.3.4).

Reg tot repliek

Punt 4c (1.2.c. in nommering hierbo) van die besluit van Sinode van 1939, art. 135, insake prosedure vir die behandeling van appèlsake word soos volg geïnterpreteer: "Die appèllant en die verweerder moet na die rapport van die appèlkommissie ter tafel geneem is, die reg tot repliek hê" (Acta 1973:191).

Reisattestaties

Die kerkregtelike draagwydte van 'n reisattestatie behels die volgende:

- 4.1 Vir die lidmaat self aan wie dit afgegee word: Vir die lidmaat bring dit nie 'n "oorgaan" van die een gemeente na die ander mee nie, selfs nie 'n tydelike "oorgaan" nie, maar alleen bied dit aan hom die voorreg van bediening in die midde van die gemeente waar hy hom tydelik bevind.
- 4.2 Vir die kerkraad wat dit afgee: Wat die afgewende kerkraad betref, bly die lidmaat onder sy bediening en behou die lidmaat sy verpligtinge t.o.v. die kerkraad. As die lidmaat egter tydelik afwesig is en die kerkraad dus prakties geen kennis van die leer en lewe van die lidmaat dra nie, dien die reisattestatie juis as 'n getuienis oor die leer en lewe vir die afgewende kerkraad, daarin dat die kerkraad in wie se ressort hy tydelik verkeer, daarop die nodige op- of aanmerking maak wanneer hy weer vertrek. Die afgewende kerkraad kan hom dus verantwoord oor die leer en lewe van die lidmaat as hy tydelik met reisattestatie reisend was.
- 4.3 Vir die kerkraad waar dit getoon word: T.o.v. die "ontvangende" kerkraad word die lidmaat wat reisattestatie toon nie lidmaat van die gemeente nie, want volgens die Geref. Kerkreg kan 'n persoon nie op twee plekke gelyktydig lidmaat wees nie. Die reisattestatie impliseer slegs dat die "ontvangende" kerkraad gedurende die tydperk van verblyf versoek word om so 'n persoon te

bedien en onder meer, op grond van goeie getuienis, hom toe te laat tot die gebruik van die sakramente.

- 4.4 Konkluderend blyk dit dus: dat 'n reisattestatie, anders as 'n attestatie, met beëindiging van lidmaatskap by die een gemeente en opneming as lidmaat by die ander gemeente, waar dit getoon word, niks te make het nie; dat dit gegee word slegs in die geval van 'n persoon wat vir 'n bepaalde tydperk uit sy gemeente afwesig sal wees na meer "onbekende" gemeentes en wat dan die reisattestatie weer by sy kerkraad moet inlewer voordat die beperkte tyd verby is; dat die reisattestatie by die kerkraad(e) waar die lidmaat hom tydelik bevind, slegs getoon word en dat die betrokke kerkraad(e) by sy vertrek daarop moet getuig aangaande leer en lewe en dit weer aan die lidmaat moet besorg (Acta 1970:462-463).

Residentia Stigting - verhouding met

Die Sinode verklaar dat die kerke onder artikel 25 en 26 Kerkorde by die sentrums van die Stigtinge belang het net soos by enige ander inrigtings van hierdie aard in hulle omgewing. Kerke wat weg van hierdie sentrums geleë is, handel volgens artikel 83 van die Kerkorde (Acta 1976:588, pt. 6).

Sekundi vir afvaardiging na meerdere vergaderings

Enigeen van die sekundi kan dien as plaasvervangers van die primi afgevaardigdes na meerdere vergaderings (Acta 1973:344).

Stemming op kerklike samekomste

- 3.1 Die stemming oor persone en sake vind plaas by volstreckte meerderheid. Blanko stemme word nie getel by die aantal geldige stemme nie. By 'n ewe getal word die meerderheid gereken die helfte plus een; by 'n onewe getal deur een te tel by die helfte van die geheel min een, bv. van 15 is die meerderheid 8.
- 3.2.1 As die stemme oor sake staak, het die voorsitter geen beslissende stem nie (Acta 1910:68).
- 3.2.2 As hulle staak oor persone, moet met plegtige aanroeping van die Naam van die Here geloot word (Acta 1873:46).
- 3.2.3 Dit het egter geen betrekking op kandidate tot die Heilige Diens nie. In hierdie geval sal staking van stemme beskou word as nie-toelating nie.

Toelating van 'n blinde tot die bediening van die Woord

Die sinode van 1888 het klaarblyklik nie die bedoeling gehad om hom in die algemeen oor die toelating van blinde studente tot die Teologiese Skool uit te spreek nie. Die geval wat voor die Sinode geding het, was die van 'n blinde wat ooreenkomstig art. 8 KO predikant wou word. Verder was dit seker nie die bedoeling van die Sinode om, met verbygaan van die Kuratorium, aan kerkrade en

Streeksinodes die bevoegdheid te gee om blinde studente tot die Teologiese Skool toe te laat nie. Wat studente in die Teologie betref, is die geval heeltemal anders as in die van voornemende art. 8-predikante. Hier is die Kuratorium finaliter die liggaam wat besluit oor toelating tot die Teologiese Skool al dan nie (Acta 1955:221 en Acta 1961:246).

Wat die toekoms betref, volstaan die eerw. Sinode met die besluit van die Sinode van 1888 waarin verklaar word (met die Sinode van Middelburg 1581) i.s. die toelating van blindes tot die bediening van die Woord dat dit selfs met uitnemende geleerdheid en gawes nie ligtelik sal geskied nie en daaraan toegevoeg dat dit in ons toestande in hierdie land indien nie geheel en al onmoontlik nie dan tog allerbeswaarliks geag moet word (Acta 1961:246).

Tug oor ampsdraers

- 1.1.1 'n Kommissie moet gedeputeer word en nie die hele kerkraad van 'n naasgeleë gemeente nie (Acta 1907:47-48).
- 1.1.2 In plaas van die kerkraad van die naasgeleë gemeente kan ook kommissies uit twee naburige gemeentes gedeputeer word. Elkeen van die kommissies sal dan bestaan uit die predikant of konsulent en minstens twee ouderlinge (Acta 1936:93, 94).
- 1.2 Hierdie kommissie sal bestaan uit die leraar of konsulent met twee ouderlinge van die naaste gemeente.
- 1.3 Gemelde kommissie het sitting en reg van stemming in die kerkraad.
- 1.4 In geval 'n dienaar van die Woord betrokke is, moet die kerkraad 'n ander voorsitter kies.
- 1.5 In geval die predikant van die betrokke kerkraad die konsulent van die naasgeleë gemeente is, moet die naaste predikant wat nie betrokke is nie, opgeroep word (Acta 1907:48).

Tug oor dooplidmate

- 1.1 Dooplidmate moet beskou word as lidmate van die kerk kragtens die genadeverbond.
- 1.2 Hulle is egter inkomplete lidmate en daarom kan die tug ook slegs inkompleet wees.
- 1.3 Daar bestaan egter geen wesensverskil tussen tug oor belydende lidmate en die oor dooplidmate nie, maar wel 'n verskil in graad.
- 1.4 Die Sinodebesluit van 1916, wat die bepaling bevat dat dooplidmate wat nie tot aflegging van belydenis van geloof kom nie, "uiterlik met hulle dertigste lewensjaar" hulle lidmaatskap verloor, word herroep en daarmee word die besluit van die Sinode van 1904 gehandhaaf.

- 1.5 Kerkrade sal die gewone prosedure van tug soos dit volgens die Kerkorde op belydende lidmate toegepas word, ook toepas op dooplidmate met inagneming van die inkompleetheid van hulle lidmaatskap (Acta 1961:126).

Tug oor emeritus-predikante

By tughandeling op 'n geëmeriteerde wat sy eer en naam as bedienaar van die Woord of sy bevoegdheid om die Woord te bedien, aantas, moet uiteraard die weg gevolg word soos vir 'n bedienaar van die Woord bepaal word. Origens is 'n emeritus-predikant 'n lidmaat van die kerk waar hy woon en dit hoef nie die kerk te wees wat hom geëmeriteer het nie, want in daardie kerk het hy geen ampspligte meer nie. Die kerkraad wat hom geëmeriteer het, moet by eventuele tug oorleg pleeg met die kerkraad van die kerk waar hy woon en andersom, met dien verstande dat die kerkraad wat emeritaat verleen het, die tug ooreenkomstig artikels 79 en 80 Kerkorde toepas en die kerkraad van die kerk waar die emeritus woon, pas die tug ooreenkomstig artikels 76 tot 78 van die Kerkorde, toe (Acta 1970:428).

Versorging van armes buite die diakonie om

Eerwaarde Voorsitter en Broeders,

Na deeglike oorlegpleging en veral omdat besef is dat dit 'n saak is wat die hele kerkverband raak, word by die eerwaarde Sinode aanbeveel dat die hele (ons onderstreep) aangeleentheid verwys word na 'n studiekommissie" (Acta Sinode 1955 bl. 149).

Dit blyk derhalwe andersyds dat dit eerwaarde Sinode hom wil uitspreek oor die algemene beginsel van die gebruikmaking deur diakonieë van hulp afkomstig uit nie-kerklike bronne en andersyds dat die eerwaarde Sinode sy standpunt wil bepaal t.o.v. "Die Transvaler se Kersfeesfonds" en dergelike fondse.

Die algemene beginsel.

Ten opsigte van die algemene beginsel hierbo genoem, wil u Deputate die standpunt in die rapport van die Klassis Johannesburg (Acta 1955 bl. 148) aanvaar en aanbeveel: 'n diakonie mag 'n toesegging uit 'n nie-kerklike bron aanvaar "mits daar nie sulke voorwaardes aan die toesegging verbonde is wat die vryheid van die diakonie aantas nie".

Dit kom daarop neer dat in die bepaling hiervan uitgegaan moet word van die absolute reg tot die bepaling van sy eie fondse. Ontvang 'n diakonie dus 'n skenking maar op sekere bindende voorwaardes t.o.v. die besteding daarvan, dan tas dit die vryheid van die diakonie aan.

Slegs toesegging wat onvoorwaardelik deur die diakonie bestee mag word, mag aanvaar word, ofskoon geen diakonie 'n versoek dat sekere skenkings bv. vir die Weeshuis of 'n bepaalde onderdeel van die barmhartigheidswerk van die diakonie moet word, sonder meer ongeneë sal wees nie.

Hierby wens u Deputate ook nog die volgende te voeg: Skenkings mag sekerlik deur 'n diakonie aanvaar word insoverre die diakonie bewus is dat die insameling of verkryging van die aangebode hulp op 'n eerbare en sedelik verantwoorde wyse geskied het.

Fondse soos “Die Transvaler se Kersfeesfonds”.

Fondse wat op inisiatief van 'n koerant, op sodanige eties verantwoorde wyse ingesamel word, is uit die aard van die saak 'n maatskaplike aksie en behoort as sodanig beskou en gehou te word. So word dit inderdaad deur sekere koerante beskou en behandel. Word ongevraag en buite enige inisiatief van die kerk uit sodanige fonds 'n bedrag 'n diakonie aangebied, moet lg. Dit dankbaar aanvaar, behoudens die algemene beginsel hierbo onder 2 gestel. Dit gebeur egter dat sodanige fondse 'n kerklike karakter kry, hetsy dat 'n koerant dit sodanig inisieer of daartoe leen, hetsy dat daar kerklike aanspraak op die fondse gemaak word, of erger nog, dat sodanige fonds deur die kerk geïnisieer en georganiseer word met gebruikmaking van die koerant as insamelingsmedium.

Die verkeerde en gevaarlike hierin is:

- 1 'n Koerant verwek die indruk van geneentheid tot 'n sekere kerk of kerke.
- 2 'n Wesenlik maatskaplike saak word vereng tot 'n kerklike. Dit is een van die vorme van verkerkliking van maatskaplike lewensverhoudinge. Van 'n maatskaplike en volksaak word 'n kerklike saak gemaak met groot verwarring tot gevolg.
- 3 As 'n kerk die fondse vir sy barmhartigheidsdien deur middel van die openbare pers insamel en langs daardie weg sy barmhartigheidswerk gedeeltelik of ten volle op maatskaplike terrein inisieer en langs maatskaplike kanale organiseer, word die kerklike karakter van die barmhartigheidswerk van daardie kerk uiters gevaarlik ondermyn en die diakonale amp misken.
- 4 Aanbevelings
 - 4.1 Die eerwaarde Sinode in die lig van bostaande beginseluitsprake nie 'n reg of aandeel in enige sodanige fondse sal eis of aanvra nie: 'n fonds deur enige koerant van stapel gestuur, is 'n maatskaplike saak en moet as sodanig gehou word:
 - 4.2 Die Sinode rig 'n skrywe aan die koerante. Die Transvaler, Die Volksblad en ander koerante wat deur die eerwaarde Sinode bygevoeg mag word, waarin die gevoelens van die Sinode soos vervat in 3 van die rapport aan die betrokke koerante berig word
 - 4.3 Aangesien sommige kerke hierdie gelde wat deur koerante gekollekteer word, kerklik en amptelik gebruik, besluit die Sinode om hierdie saak op te dra aan sy deputat wat benoem sal word, om met daardie kerke hieroor te spreek, aangesien die eerwaarde Sinode oortuig is dat hierdie gebruik die kerklike ampte tot non-aktiwiteit dwing

Verspreidwonende lidmate

- 1.1 Op die vraag: Wanneer is 'n lidmaat verspreidwonend? Word dit bepaal t.o.v die lidmaat of t.o.v. die gemeente? het die Sinode besluit dat die beantwoording van die vraag tuis hoort by die klassis, wat in voorkomende gevalle self 'n interpretasie van art. 39 KO moet gee (Acta 1955:374).
- 1.2 Rapport i.s. verspreidwonende lidmate (Acta 1961:446-449).

Vrymesselary

- 1.1 Dat die sinode met dankbaarheid kennis neem van die studie van die Kommissie en bekragtig opnuut die sinodale besluit van 1897 art. 155 wat die volgende behels: "De Sinode van 1897 art. 155 verklaarde dat iemand die lid is of wordt van geheime genootschappen, als bv. het Vrymetselaarsgenootschap, geen lidmaat van de Geref. Kerk kan zijn naardien de christelijke Kerk een geestelijke en openbare vereeniging is, die geen gemeenschap kan nog mag oefenen met vereenigingen of genootschappen die buiten haar staan en vreemd zijn aan haar geestelijke en hemelsche aard. (Zie 2 Korinthe 6:14-18; Joh. 3:19-21). Derhalve worden alle lidmaten hiertegen gewaarschuwd en vermaand op zichzelf en op elkander acht te geven en daartegen te vermanen en zoo dit niet baat, dezulken ook bij de kerkeraden bekend te stellen. Tevens worden vooral de kerkeraden ernstig vermaand hierop te letten en hiertegen te waken...." Van kerkrade word verwag om hierdie besluit streng uit te voer (Acta 1939:204 - 210; vgl. ook Acta 1863:11, Acta 1936:86, 175, Acta 1958:493 en Acta 1964:447-450).
- 1.2 Verbreking van lidmaatskap met vrymesselary (Acta 1955:271).

Weiering om attestasie aan te vra

Die Sinode wysig die besluit van 1893 en verwys na art. 82 KO (Acta 1973:168).

Werkwyse van die Algemene Sinode

- 1.1 Oproep: Die sinode word vier maande voor die sittingsdatum deur die roepende kerkraad, in oorleg met die deputaatskap vir korrespondensie, opgeroep.
- 1.2 Kredensiebriewe: Die roepende kerkraad lewer die kredensiebriewe in, saam met 'n presensielys wat volgens die gegewens in die kredensiebriewe opgestel is. Hierdie kredensiebriewe moet die roepende kerkraad 'n maand voor die sittingsdatum van die sinode bereik.
- 1.3 Presensielys en konstituering: Die presensielys word voorgelees, indien nodig, gewysig en die vergadering word gekonstitueer. Ook die name van die pre-adviserende lede en buitelandse afgevaardigdes moet in die lys opgeneem word.
- 1.4 Kworum: Die kworum van die sinode word gehandhaaf soos in die verlede, naamlik twee-derdes van die wettig gedeputeerdes (Acta 1958:43).

1.5 Moderamen:

- 1.5.1 Op die openingsdag kom die afgevaardigdes om 4 nm. byeen om die presensielys op te maak en die Moderamen te kies. Die verkiesing van die lede van die Moderamen geskied met geslote stembriefies; en elke verkiesing is wettig alleen by volstrekte meerderheid van stemme.
- 1.5.2 As daar 'n kworum aanwesig is, word die Moderamen gekies wat sal bestaan uit 'n voorsitter, vise-voorsitter, skriba en adjunk-skriba.
- 1.5.3 Die Moderamen word nie by die kommissies ingedeel nie, maar mag die kommissievergaderinge bywoon en advies gee.

1.6 Opening:

- 1.6.1 Die opening van die sinode geskied deur die voorsitter van die roepende kerkraad wat die vergadering lei tot dit formeel gekonstitueer is.
- 1.6.2 Die noodsaaklikheid en/of wenslikheid van openingsredes:
 - 1.6.2.1 Die Sinode herroep alle vorige besluite in verband met openingsredes, aangesien uit art. 32 KO nog die noodsaaklikheid, nog die wenslikheid van sodanige praktyk aangetoon kan word;
 - 1.6.2.2 die Sinode oordeel dit wenslik dat na die opening volgens art. 32 KO verdaag word met die oog op 'n bidstonde indien die Roepende Kerkraad sodanige erediens reël (Acta 1967:21).
- 1.7 Bedanking en verwelkoming: Die voorsitter spreek 'n woord van dank in verband met die werk wat ter voorbereiding van die sinode gedoen is. Hy verwelkom die afgevaardigdes in punt 5 genoem en almal wat in offisiële of ander hoedanigheid die openingsvergadering bywoon.
- 1.8 Openlike Verklaring: Die voorsitter lees die Openlike Verklaring en die lede van die sinode betuig instemming daarmee deur op te staan.

1.9 Agenda

- 1.9.1 Die agenda, deur die Deputaatskap vir Korrespondensie in orde gebring en deur die Administratiewe Buro in druk besorg, word ingelewer.
 - 1.9.1.1 Alle deputate wat deur die Sinode aangewys word, moet so gou moontlik hulle opdragte uitvoer en rapporte opstel.
 - 1.9.1.2 Alle rapporte moet so gou moontlik aan die deputate vir korrespondensie gestuur word.
 - 1.9.1.3 Vir die agenda word as keerdatum bepaal 'n datum ses maande voor die Sinodesitting - dan moet ook alle gravamina in hande van die deputate vir korrespondensie wees.
 - 1.9.1.4 Vir die Aanvullende Agenda word as keerdatum 'n datum bepaal ongeveer ses weke voor sinodesitting.

- 1.9.1.5 Streeksinodes word versoek om toe te sien dat stukke vir die Algemene Sinode se Agenda bedoel binne 2 weke na sitting van streeksinodes net voor die Algemene Sinode aan die deputate vir korrespondensie gestuur word.
- 1.9.1.6 In die Aanvullende Agenda word dan net opgeneem, wat van part. sinodale vergaderings na die keerdatum kom, appèlle teen besluite van streeksinodes na die eerste keerdatum en noodsaaklike aanvullende rapporte van sinodale deputate.
- 1.9.1.7 Indien daar nog agendastukke na die laaste keerdatum deur die deputate vir korrespondensie ontvang word, sal dit nie in die Aanvullende Agenda opgeneem word nie, maar dit sal aan die Sinode self voorgelê word om te oordeel oor die ontvanklikheid daarvan (Acta 1967:39).
- 1.9.1.8 Die gedrukte agenda moet ses weke voor die tyd die afgevaardigdes en pre-adviserende lede bereik.
- 1.9.2 Die Kuratore-rapport moet in Januarie voordat die sinode vergader, gepubliseer word. Alleen met die goedkeuring van die sinode kan laat-gekome stukke ter behandeling in ontvangs geneem word.
- 1.9.3 Alle stukke vir die sinode bedoel moet gepubliseer word in die agenda, soos die mindere vergaderings dit deurstuur, d.w.s. met die saaklike motivering en noodsaaklike toeligting (Acta 1958:30).
- 1.9.4 Dit behoort voor in die Agenda gedruk te word dat behalwe deur Die Kerkblad geen vrystellings van die inhoud toegelaat mag word alvorens die sinode finaal oor 'n saak besluit het nie. Die woorde "Kopiereg voorbehou", behoort ingevoeg te word (Acta 1967:32)
- 1.10 Werkswyse - Rapporte en beskrywingspunte
 - 1.10.1 Rapporte word vooraf eers in ontvangs geneem deur die hele vergadering.
 - 1.10.2 Rapporte wat in die agenda en aanvullende agenda (behalwe die rapport van die deputate vir Korrespondensie) verskyn het, word nie weer gelees nie (Acta 1952:25, pt. C. 1 en 2).
 - 1.10.3 Alle stukke wat ter tafel moet kom, word in die volle Sinode toegelig, bespreek en direk afgehandel. Waar nodig word sake na toeligting en bespreking na 'n subkommissie verwys om 'n voorstel in die verband te formuleer. Na gelang van omstandighede word deur die Sinode tyd ingeruim ten einde sodanige subkommissies geleentheid te gee om hulle werk af te handel. Kopieë van die rapporte van subkommissies word die lede van die Sinode ter hand gestel voordat dit ter tafel gebring word (Acta 1958:28-29).
 - 1.10.4 Bogenoemde besluit word noukeuriger toegepas deur:

- 1.10.4.1 te reël dat Kommissies vroeër en genoeg geleentheid kry om hulle werk deeglik te doen en gevolglik vroeër daarin sal slaag om Rapporte vir behandeling gereed te hê.
- 1.10.4.2 voort te gaan met die aanwysing van Deputate vir Pre-advies, waar moontlik ook vir ander aspekte as net finansies en programmering (Acta 1991:494).
- 1.11 Sittingsure: Die sittingsure sowel van die sinode as die kommissies word deur die Moderamen vasgestel in oorleg met die roepende kerkraad.
- 1.12 Briewe en telegramme: Briewe en telegramme van gelukwensing aan die sinode word voorgelees.
- 1.13 Buitengewone afgevaardigdes: So spoedig moontlik word aan die buitengewone afgevaardigdes, buite- en binnelandse, die geleentheid gegee om die sinode toe te spreek.
- 1.14 Deputate vir programmering
 - 1.14.1 Die samestelling van die Deputate vir programmering sal voortaan bestaan uit die volle Moderamen van die vorige Sinode en die afgevaardigdes van die Streeksinodes (Acta 1988:27, pt. 2.5.13).
 - 1.14.2 Hierdie deputate "... moet 'n dag voor die opening van die Sinode die agenda sorgvuldig deurwerk met die oog op rangskikking, groepering en programmering van die agenda volgens die aantal werksdae wat vergader moet of kan of mag word. By die opening word die program aan alle deputate ter hand gestel.

"Die deputate hierbo genoem, stel voor die opening van die Sinode uit die kredensiebriewe en uit die agendastukke tentatief vas vir welke sake sekerlik, waarskynlik en/of moontlik kommissies benoem sal word en doen die personeel vir die kommissies aan die hand. Sinvolle reëlins moet getref word, sodat die Sinode en sy kommissies op verskillende tye kan vergader." (Acta 1988:24).
- 1.15 Kommissies
 - 1.15.1 Kommissie van orde. Voordat die agenda in behandeling geneem word, word 'n kommissie van orde benoem, waarvan die lede deur die Moderamen aanbeveel word. Op hierdie kommissie moet die ondervoorsitter en hulpskriba van die sinode ook sitting hê. Die opdrag van hierdie kommissie is soos volg:
 - i 'n Program word opgestel vir die afhandeling van die Agenda. Sover moontlik word die tydsduur vir elke saak afgebaken.
 - ii Behoorlike kontrole word uitgeoefen ten einde vas te stel watter sake nog ter tafel moet kom.

- iii Die lede van subkommissies word by die sinode aanbeveel (Acta 1958:29).
- 1.15.2 Ontvangskommissie. Die Moderamen moet 'n drietal Sinodale afgevaardigdes aanwys wie se taak dit sal wees om die afgevaardigdes van binne- en buitelandse kerke namens die Sinode te ontvang en hulle paslik voor te stel aan die eerw. Vergadering (Acta 1955:28, pt. 8).
- 1.15.3 Finansiële kommissie. Die kommissie word deur die Moderamen benoem terwyl die sekretaris-penningmeester ampshalwe een (lid) is. Die lede van hierdie kommissie sal dan vergader so dikwels dit nodig mag blyk (Acta 1949:). Die Moderamen stel nou voor dat 'n verteenwoordigende kommissie waarin al die streeksinodes verteenwoordig word deur een predikant uit elkeen en vyf ouderlinge op die Finansiële kommissie van preadvies sal dien: Die Sekretaris-Penningmeester sal ampshalwe op hierdie kommissie dien (Acta 1952:19, art. 102).
- 1.15.4 Benoeming van deputate.
 - 1.15.4.1 'n Spesiale kommissie word benoem wat aanbevelings van die werkskommissies oorweeg en kontroleer en dan 'n aanbeveling by die eerw. sinode doen oor die finale samestelling van elke te benoemde deputategroep van die Sinode.
 - 1.15.4.2 Genoemde kommissie moet saamgestel word uit een predikant en een ouderling uit elke streeksinode in samewerking met die Moderamen, onderworpe aan die goedkeuring van die Sinode. Die Moderamen sal die kommissie benoem (Acta 1955:51).
- 1.15.5 In die gevalle waar die sinode wel besluit het om deputate te benoem maar in gebreke gebly het om dit te doen, sal die deputate vir Korrespondensie dit doen (Acta 1952:26).
- 1.15.6 Kommissierapporte: As leidraad vir die Kommissierapporte met preadvies geld die volgende skema:
 - Stukke in die Agenda en inligting wat op die saak betrekking het.
 - Vir kennisname (die kern van die aangeleentheid of agtergrond van die saak, in kort stellings weergegee).
 - Vir oorweging (beginsels en stellings oor die saak wat in ag geneem moet word).
 - Aanbevelings met die oog op besluitneming (Acta 1991:492, pt. 8).
- 1.15.7 Toeligting van kommissierapporte. Die kommissierapporte word op die volle sinode toegelig deur die rapporteurs waarop bespreking volg volgens 'n lys van sprekers deur die voorsitter opgestel op versoek van die afgevaardigdes wat wens te spreek. Die voorsitter beslis verder of iemand anders of 'n vorige spreker nog 'n geleentheid mag kry om te spreek.

- 1.15.8 Persone nie lede van die sinode. Persone wat nie lede van die Sinode is nie, maar betrokke is by die sake wat behandel word, kan deur die kommissies, met toestemming van die Moderamen, aangehoor word.
- 1.15.9 Alle notule en kommissierapporte word getik en vermenigvuldig waarna aan elke afgevaardigde 'n afskrif ter hand gestel sal word. Elke môre na die opening van die sinode sal die voorsitter geleentheid gee om die gedeelte van die notule wat intussen uitgegee is, te laat goedkeur.
- 1.16 Die gedrukte Handeling: Die gedrukte Handeling van die sinode word deur deputate vir daardie doel benoem, uitgegee. Hierdie handeling sal bevat:
- 1.16.1 Die gang van sake van dag tot dag;
- 1.16.2 die deputaterapporte soos vervat in die Agenda;
- 1.16.3 deputaterapporte in finale goedgekeurde vorm;
- 1.16.4 besluite op grond van beskrywingspunte en ander besluite;
- 1.16.5 'n inhoudsopgawe en 'n register van sake.
- 1.17 Versoeke om toekenning van tyd: In verband met aansoeke, soos o.a. deur die deputate onder hierdie punt genoem (Acta 1955:27, pt. 5), besluit die Sinode dat dergelike aansoeke in die toekoms met 'n aanbeveling van die Moderamen aan die Sinode voorgelê sal word, sodat die Sinode volgens meriete kan besluit oor die toesegging van geleentheid al dan nie (Acta 1955:29).
- 1.18 Sluiting: Die sluiting van die sinode word waargeneem deur die voorsitter met Skriflesing, toespraak, psalmgesang en gebed. Voordat dit geskied sal daar geleentheid gegee word vir toesprake en bedankinge in verband met die sitting van die sinode.
- 1.19 Plek van vergadering: Die vergaderings van die sinode sal in die toekoms altyd op Potchefstroom plaasvind en reis- en verblyfkoste word gedek deur 'n sinodale raming, sodat die koste gelykelyk verdeel word (Acta 1945:102).
- 1.20 Kennisgewing van afwesigheid: Alle kennisgewings van afwesigheid moet skriftelik aan die sinode gerig word met duidelike opgawe van redes (Acta 1885:16).
- 1.21 Adviserende lede: Die professore in die Teologie is adviserende lede van die Algemene- en van die Streeksinodes. Hulle reis- en verblyfkoste word vergoed uit die respektiewe kasse (Acta 1913:10; 1916:12).
- 1.22 Onafgehandelde korrespondensie: Korrespondensie wat op die afgehandelde sake betrekking het, word opgedra aan die Deputate vir Korrespondensie namens die sinode.
- 1.23 Uitgee van Handeling: Die Handeling word gestuur aan die Admin. Buro wat vir die druk en versending daarvan sorg. Aan alle persone wat nie lede van die sinode was nie, maar wat tog as deputate vir pre-advisering mag benoem word, sal 'n eksemplaar van die gedrukte Handeling gestuur word.

DEEL 3: KONSEPVORMS

Attestasie vir belydende lidmate en gesinne

(Acta 1985:561, pt. 3.7)

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk _____ getuig hiermee dat die ondergenoemde(s) 'n lidmaat / lidmate van hierdie kerk is:

Belydende lidmaat / lidmate Dooplidmaat / -lidmate

Broeder _____

Suster _____

Aangesien hierdie lidmaat / lidmate / gesin na die Gereformeerde Kerk _____ verhuis het, vertrou ons hom / haar / hulle graag aan u herderlike sorg toe.

Sy / haar / hulle adres binne die grense van u kerk is _____

Hierdie kerkraad getuig soos volg oor die leer en lewe van bogenoemde lidmaat / lidmate: _____

Datum: _____

Namens die kerkraad

Attestasie vir dooplidmate

(Acta 1985:561, pt. 3.8)

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk _____ getuig hiermee dat
_____ 'n dooplidmaat van hierdie Kerk is. Aangesien hy / sy tans binne
die grense van die Gereformeerde Kerk _____ woon, te
_____ (adres),
vertrou ons hom / haar aan u herderlike en kategetiese sorg toe.

Hierdie kerkraad getuig soos volg oor bogenoemde dooplidmaat: _____

Datum: _____

Namens die kerkraad

Beroepsbrief

(Acta 1985:557-558)

Geagte Broeder / ds. / dr. _____

Dit is vir my 'n genoeë om u mee te deel dat die Gereformeerde Kerk _____ op _____ onder leiding van die kerkraad vergader het en dat u op hierdie vergadering as herder en leraar van hierdie Kerk verkies is.

Hierop het die kerkraad besluit om u tot hierdie amp in die kerk te beroep, waarvan ek u hiermee in kennis stel. Die verpligtinge wat die kerkraad teenoor u onderneem betreffende traktement en ander vergoedings en voorsienings asook huisvesting en wat daarmee gepaard gaan, word in die bygaande opgawe vermeld.

Ons vertrou dat u hierdie beroep nadat die nodige kerklike goedkeuring verkry is, sal opvolg en ons bid u in die oorweging daarvan die leiding van die Heilige Gees toe. Mag u spoedig na die kerk oorkom om in leer en lewe, in die verkondiging van die Woord, bediening van die sakramente, onderrig van die jeug, gereelde huisbesoek en vertroosting van siekes die hele kudde te versorg.

Van ons kant belowe ons al die agting, liefde, medewerking en voorbidding wat aan 'n getroue evangeliedienaar verskuldig is.

Beroepsbrief - byvoegsel

(Acta 1985:558)

Kerke kan by die opstel van 'n begeleidende brief aan die volgende riglyne aandag gee:

Die Kerkraad bied aan:

Traktement

Inwoning / huisvesting

Motor / Reistoelae / Eie motor

Telefoon

Water- en elektrisiteitsverbruik

Boektoelae

Verlofbonus (dertiende tjek)

Mediese skema

Ander reëlins

Verlof

Jaarlikse verlof

Langverlof

Die volgende woorde moet in die begeleidende brief vir predikante opgeneem word wat op 1 Julie 1994 reeds in diens van 'n Gereformeerde Kerk bevestig was:

"Vir die versorging van 'n Emerituspredikant, predikantsweduwee en -wese word aan u 'n toesegging gedoen uit die Emeritaatsversorgingstrust volgens die Reglement van die Emeritaatsversorgingskombinasie, sowel as inskakeling by die GKSA Predikante Pensioenfonds en gepaardgaande versekeringskemas, volgens die Reglement van genoemde pensioenfonds. Genoemde toesegging uit die Emeritaatsversorgingstrust is onderworpe aan die voorwaarde dat u nog aan hierdie Kerk verbonde sal wees as u emeritus verklaar word."

Die volgende moet opgeneem word in die beroepsbrief van Proponente en predikante wat na 1 Julie 1994 vir die eerste keer in diens van 'n Gereformeerde Kerk bevestig was:

"Vir die versorging van 'n Emerituspredikant, predikantsweduwee en -wese, skakel hierdie Kerkraad in by die 'GKSA Predikante Pensioenfonds' en gepaardgaande versekeringskemas, soos deur die Sinode van 1994 gereël en deur daaropvolgende sinodes gewysig. Hierdie versorging geskied volgens die Reglement van genoemde Pensioenfonds en gepaardgaande versekeringskemas."

Beroepsbrief vir kombinasieberoep

Dit bly dieselfde as hierbo, behalwe dat "kerkraad" met "gekombineerde kerkraad" en "kerk" met "kerke" vervang word en verder dat waar toepaslik, die meervoud i.p.v. die enkelvoud gebruik sal word.

Die beroepsbrief word onderteken deur wettig gedeputeerdes van die verskillende kerkrade en die konsulent wat daartoe aangewys is (Acta 1939:36).

Beroepsbrief vir kombinasieberoep - byvoegsel

(Acta 1939:36-38)

- 1 Die jaarlikse traktement is R _____, waarvan A bydra R _____, B R _____ en C R _____
- 2 B en C stort hulle traktementsbydrae in die kas van A, terwyl die kassier van A aan die leraar uitkeer. A is verplig om sy eie deel uit te keer plus wat van B en C ontvang is. (Elke gemeente is deur sy kerkraad verantwoordelik vir traktementsuitkering aan die predikant). Hierdie uitkerings geskied vooruit; maandeliks of kwartaalsgewys.
- 3 Woning vir die leraar word verskaf deur A (terwyl B en C vir hierdie doel bydra onderskeidelik R _____ en R _____ (terwyl B en C geen verpligtings in hierdie verband het nie). A, B en C dra vir belastinge op die pastorie by in die verhouding van hul traktementsbydrae (A betaal ook die belasting op die pastorie).
- 4 A is geregtig op 'n maksimum van _____ Sondag, B op 'n maksimum van _____ Sondag, C op 'n maksimum van _____ Sondag. (In al die gevalle moet hierby verstaan word: plus herderlike werk). Aan die leraar word _____ Sondag toegestaan as verlof.
- 5 Elke gemeente dra afsonderlik die reiskoste vir werk wat in sy diens gedoen is.
- 6 Die vervoer van die leraar sal as volg gereël word: (dit word gereël op die eerste gekombineerde vergadering).
- 7.1 Die leraar is aan A, B en C gelykelyk verbonde en is geregtig op die gebruik van die sakramente in almal, terwyl hy ook keurstem het op die vergaderings.
- 7.2 Die leraar word afgevaardig na die meerdere vergaderings deur die gemeente waar hy woon (Acta 1897: ; Vgl. ook Acta 1958:135, art. 71). Dieselfde reël geld as sy gemeentes onder twee of meer klassisse ressorteer. Aanbeveel word dat hy die ander klassisse met adviserende stem sal bywoon (vgl. art. 42 KO) (Acta 1939:222).
- 8 Gekombineerde kerkraadsvergaderings word gehou wanneer die leraar dit nodig ag, of wanneer een van die kerkrade daarom vra. (Gekombineerde kerkraadsvergaderings word jaarliks gehou).
- 9 Gekombineerde kerkraadsvergaderinge bestaan uit al die kerkraadslede van die betrokke gemeentes of uit 'n gelyke aantal deputate van elke gemeente.

Alle besluite sal geneem word met instemming van die kerkrade wedersyds en nie met blote meerderheid van stemme nie. Ingeval van ernstige verskil sal die hulp van genabuurde kerkrade of van die klassis ingeroep word.

- 10 Alle sake wat die persoon of die amp van die leraar raak (veral in die geval van 'n eventuele tughandeling), sal alleenlik op 'n gekombineerde kerkraadsvergadering behandel word.
- 11 Hierdie kombinasie-akte bly van krag solank as die beroepe leraar aan die gekombineerde gemeentes verbonde bly. (Hierdie kombinasie-akte bly van krag vir _____ jaar, met die uitdruklike verstandhouding dat na verbreking van die huidige kombinasie, gemeentes A en B (of B en C, na die geval mag wees) die leraar vir hulle rekening neem op dieselfde voorwaardes as wat bo gestipuleer is).
- 12 Wat emeritaatsgelde en die versorging van die predikantsweduwee en -wese betref vgl. die bepalings hieromtrent in die konsep-begeleidende brief by 'n beroepsbrief (bylaes bl.).
- 13 Herreëlings van die bepalings van hierdie akte kan van tyd tot tyd gemaak word (na die eis van omstandighede) deur 'n gekombineerde kerkraadsvergadering, mits alle betrokke partye daarmee instem.

(Hierdie akte word ook onderteken deur die ondertekenaars van die beroepsbrief).

Eksamen met die oog op proponering en bevestiging

(Acta 1985:557)

Die Streeksinode _____ van die Gereformeerde Kerke wat op _____ te _____
byeengekom het, het na ontvangs van goeie kerklike getuienis en bewys van
behoorlik afgelegde kandidaatseksamen br. _____ volgens art. 4 van die Kerkorde
ondersoek in die vakke wat vir die beroepbaarstelling en bevestiging voorgeskryf is.
Hierdie Streeksinode laat hom toe, in gebondenheid aan die verklaring in hierdie
vergadering onderteken, om met die oog op beroeping en bevestiging te preek.

Namens Streeksinode _____

Emeritusverklaring

Ds (Naam van predikant)..... sedert (datum van bevestiging)..... bedienaar van die Woord alhier, het die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk (Naam van kerk)..... meegedeel dat hy sy emeritaat aanvra.

Na oorweging het die Kerkraad bevind dat genoegsame redes volgens artikel 13 van die Kerkorde aangevoer is om sy emeritering te bewillig.

Daarom het die Kerkraad op sy vergadering van (datum)..... besluit om, nadat die goedkeuring van Klassis (Naam van Klassis)..... met die deputate van die Streeksinode verkry is, aan ds (Naam van predikant)..... emeritaat te verleen. Die Kerkraad beveel aan dat aan ds (Naam van predikant)..... versorging uit die Emeritaatsversorgingstrust uitgekeer sal word volgens verstreke diensjare ooreenkomstig die Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie sowel as pensioen uit die GKSA Predikante Pensioenfonds volgens die Reglement van genoemde pensioenfonds.

Die Kerkraad betuig sy dank aan ds (Naam van predikant)..... vir die diens wat hy byna (Aantal jare)..... jaar lank in hierdie gemeente gedoen het, en bid hom die seën van ons Verbondsgod toe.

Namens die Kerkraad:

Voorsitter (Konsulent)

Skriba

Namens naburige Kerk

(1)

Gereformeerde Kerk (Naam van kerk)

(2)

Namens naburige Kerk

(1)

Gereformeerde Kerk (Naam van kerk)

(2)

Emeritusverklaring van teologiese professor

Die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom
_____ het gehoor die mededeling van die weleerw.
heer _____ sedert _____
professor in teologie alhier, dat hy genoodsaak is om sy emeritaat aan te vra en het
ná oorweging bevind dat daar genoegsame redes aangevoer is om die Kuratorium
hierin te laat toestem.

Daarop het die Kuratorium in sy vergadering van _____
besluit

1. aan prof _____ sy emeritaat op die mees eervolle manier te verleen. Hierdie emeritaat sal ingaan op 'n datum wat nader deur die Kuratorium bepaal sal word;
2. omtrent prof _____ te verklaar dat hy gedurende al die tyd van sy werksaamheid trou en ywerig in sy diens was, Christelik en godsalig in sy belydenis en wandel, en dat hy sonder om aanstoot te gee, onbesproke aan die Teologiese Skool gewerk het;
3. hom by die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voor te dra vir uitkering van emeritaatsversorging soos van toepassing volgens die relevante sinodale besluite;
4. om prof _____, met opregte danksegging vir die troue diens wat hy vir ongeveer _____ jaar lank hier vervul het, en wat hier in dankbare herinnering sal bly, aan God en die Woord van sy genade op te dra, sodat hy na soveel jare van kerklike dienswerk die rus mag geniet en hiernamaals ingaan in die vreugde van die Here.

Namens die Kuratorium bogenoem:

_____ Voorsitter h.t.

_____ Skriba h.t.

Geloofsbrief

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk _____ het op sy vergadering van _____
die volgende broeders aangewys as gevolmagtigde afgevaardigdes na klassis _____
op _____ te _____

Primus: ds. _____ Sekundus: ds. / oudl. _____

Primus: oudl. _____ Sekundus: oudl. _____

Hierdie broeders ontvang hiermee las en volmag om namens die kerkraad volgens
die Woord van God, die Formuliere van Eenheid en die aanvaarde Kerkorde in alle
sake wat op die Klassis sal voorkom, te help oordeel en besluit tot bloei van die
kerke, tot uitbreiding van God se koninkryk en tot verheerliking van die Naam van die
Here.

Die kerkraad verbind hom om alle besluite van die Klassis wat nie met die genoemde
reël in stryd is nie, as vas en bindend te beskou en dit getrou te help uitvoer en
nalewe.

Ons bid u die leiding van God se Woord en Gees toe.

Namens die Kerkraad

Kennisgewing van bevestiging van 'n Bedienaar van die Woord aan die Klassis

(Acta 1985:559)

KENNISGEWING

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk _____ het op _____ saam met deputate van Klassis _____ vergader en verklaar hiermee dat ds. _____ behoorlik volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is, as bedienaar van die Woord in hierdie kerk bevestig is en dat die daarby behorende stukke onderteken is. Ons bede is dat die Drie-enige Verbondsgod hierdie broeder tot 'n groot seën sal maak in die diens waarin Hy hom gestel het.

Namens die Kerkraad

Namens Klassis _____

Kerklke voorstellingsbrief



Datum: _____

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk _____ in
Suid-Afrika verklaar hiermee dat: _____ gebore

_____ gebore _____

(’n) belydende lidmaat (e) van hierdie gemeente is en toegelaat word om deel te
neem aan die Here se Sakramente (Doop en Nagmaal), en dat

_____ gebore _____

_____ gebore _____

_____ gebore _____

_____ gebore _____

(’n) dooplidmaat(e) van hierdie gemeente is.

Oor die leer en lewe van die lidmaat(e) word soos volg getuig:

Genoemde Kerkraad versoek enige kerkgemeenskap wat die Heilige Skrif, naamlik die Bybel, as Woord van God aanvaar en die sakramente in lyn met die instelling van Jesus Christus bedien en kerklike tug toepas, om bogenoemde lidmaat/lidmate in hul gemeenskap te aanvaar.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bely die volgende: Die Apostoliese Geloofsbelydenis, Die Geloofsbelydenis van Nicea, Die Geloofsbelydenis van Atanasius, Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

Namens die genoemde Kerkraad

VOORSITTER

SKRIBA

Konsepvorm vir 'n voorstellingsbrief: Opmerkings op rugkant

Praktiese rigtingwysers vir lidmaat(e):

Geliefde _____

- As gelowige kind(ers) van die Here het u die verantwoordelikheid om by 'n plaaslike Christelike gemeenskap in te skakel.
- Ten einde u verantwoordelikheid te kan uitoefen, wys ons u op ons belydenis in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hierin verwoord ons – vanuit die Skrif – die drie kenmerke waarvolgens ons enige Christelike gemeenskap kan beoordeel ten einde te bepaal of dit 'n ware kerk is al dan nie.
- Wanneer u bepaal by watter Christelike gemeenskap u wil inskakel, kan u hierdie *voorstellingsbrief* gebruik om u bekend te stel.
- Indien die situasie egter sodanig is dat u van mening is dat u nie met verantwoording teenoor die Here by enige Christelike gemeenskap kan inskakel nie, moet u asseblief binne drie maande, met ander woorde voor _____, kontak opneem met hierdie Kerkraad. Sodoende kan alternatiewe reëlins getref word om u bediening en versorging voort te sit.
- As kontakpunt vir die Kerkraad geld:
 - Naam: _____
 - Posadres: _____

 - E-posadres: _____
- In die tydperk totdat u gevestig raak, is u welkom om te eniger tyd ook met bostaande persoon kontak te maak om u by te staan.

Losmaking van 'n vertrekkende Bedienaar van die Woord

(Acta 1985:559)

KENNISGEWING

Ds. _____, sedert _____ bedienaar van die Woord in die Gereformeerde Kerk _____ het die kerkraad meegedeel dat hy die beroep na die Gereformeerde Kerk _____ wil aanvaar.

Na oorweging het die kerkraad bevind dat daar genoegsame redes aangevoer is om die aanvaarding van die beroep te bewillig. Daarom het die kerkraad op sy vergadering van _____ besluit om ds. _____ van sy verbintenis met hierdie kerk los te maak. Hierdie losmaking sal geld vanaf die dag dat hy in die Gereformeerde Kerk _____ bevestig is.

'n Ondertekende afskrif van hierdie besluit word aan ds. _____ oorhandig om vir hom in die kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk _____ saam met die deputate van die Klassis as wettige getuienis van sy losmaking te dien. Die kerkraad betuig hiermee ook sy dank aan hom vir die diens wat hy _____ jaar lank hier verrig het. Ons bid dat die Here hom ryklik sal seën in die kerk waar hy nou gaan dien.

Namens die Kerkraad

Namens Klassis _____

Onderteken te op 20.....

Reisattestatie

(Acta 1988:329, pt. 2.1.12.9.1)

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk _____ verklaar hiermee dat
_____ lidmaat / lidmate is van hierdie gemeente en, sover bekend, as volg in
leer en lewe is: _____

Aangesien hy / sy / hulle tans reisend is, word hy / sy / hulle toevertrou aan die herderlike
sorg van die broeders opsieners van die Gereformeerde Kerke waar hierdie attestasie
getoon word.

Die reisattestatie is geldig tot _____ en moet voor hierdie datum deur die
lidmaat / lidmate ingehandig word by bogenoemde kerkraad. Kerkrade word versoek om
op die keersy getuienis te lewer oor die lidmaat / lidmate se leer en lewe gedurende die
verblyf.

Datum: _____

Namens die kerkraad

(1) Gereformeerde Kerk _____

Tydperk van verblyf _____

Getuienis _____

Voorsitter

Skriba

Datum _____

(2) Gereformeerde Kerk _____

Tydperk van verblyf _____

Getuienis _____

Voorsitter

Skriba

Datum _____

(3) Gereformeerde Kerk _____

Tydperk van verblyf _____

Getuienis _____

Voorsitter

Skriba

Datum _____

Reisattestasie vir lede van die SANW, SAPD en Korrektiewe Dienste in opleiding en aktiewe diens

(Acta 1985:165-168)

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk _____ verklaar hiermee dat _____ lidmaat is van hierdie kerk.

Waar hy nou as lid van die _____ diens doen, word hierdie attestasie uitgereik as getuienis en aanbeveling vir toelating tot die gebruik van die sakramente.

Die lidmaat moet hierdie attestasie bewaar en dit nie later nie as _____ weer aan hierdie kerkraad terugbesorg.

Datum: _____

Namens die kerkraad

(1) Gereformeerde Kerk _____

Tydperk van verblyf _____

Getuienis _____

Voorsitter _____ Skriba

Datum _____

(2) Gereformeerde Kerk _____

Tydperk van verblyf _____

Getuienis _____

Voorsitter _____ Skriba

Datum _____

(3) Gereformeerde Kerk _____

Tydperk van verblyf _____

Getuienis _____

Voorsitter _____ Skriba

Datum _____

DEEL 4: ONDERTEKENINGSFORMULIERE

Ondertekeningsformulier vir Bedienaars van die Woord

(Acta 1949:325-326)

Ons, ondergetekende bedienaars van die goddelike Woord, wat ressorteer onder die klassis N.N. verklaar opreg en met 'n goeie gewete voor die Here met hierdie handtekening van ons, dat ons van harte gevoel en glo, dat al die artikels en stukke van die leer wat vervat is in die Formuliere van Eenheid, naamlik die Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls of Vyf Artikels teen die Remonstrante wat vasgestel is op die sinode van Dordtrecht 1618-19, in alles met Gods Woord ooreenkom. Ons beloof daarom dat ons die voornoemde leer naartig sal leer en getroulik verdedig sonder om iets teen dieselfde leer, hetsy openlik of in die geheim, direk of indirek, te leer of te skrywe.

So ook, dat ons nie alleen alle dwalinge wat teen hierdie leer stry en met name ook die wat in voornoemde sinode veroordeel is, verwerp nie, maar dat ons ook geneë is om hulle te weerlê, te weerspreek en alle pogings in die werk te stel om hulle uit die kerk te weer.

En as dit dan gebeur dat ons later enige bedenkinge of ander gevoele teen hierdie leer kry, beloof ons om dit nie, hetsy openlik of in die geheim in die prediking of in geskrif, bekend te maak, te leer of te verdedig nie, maar dat ons dit eers aan die kerkraad, klassis of sinode sal openbaar om daar ondervra te word en dat ons bereid is om ons altyd gewillig aan die oordeel van die kerkraad, klassis of sinode te onderwerp op straf, as ons hierteen handel, dat ons metterdaad van ons dienste geskors sal word.

En as die kerkraad, klassis of sinode enige tyd om gewigtige redes ter wille van die eenheid en suiwerheid van die leer van ons 'n nadere verklaring van ons gevoele oor enige artikel van bogenoemde Belydenis, Kategismus of verklaring van die Dordtse sinode, eis, beloof ons ook hiermee dat ons altyd daarvoor gewillig en bereid sal wees op straf soos hierbo bepaal. Ons behou egter die reg van appèl as ons miskien deur die uitspraak van die kerkraad, klassis of sinode meen om beswaard te wees. Gedurende die tyd van appèl sal ons ons onderwerp aan die uitspraak en die oordeel van die Streeksinode.

Ondertekeningsformulier vir Ouderlinge en Diakens

(Acta 1967:154-155)

Ek, die ondergetekende ouderling / diaken van die Gereformeerde Kerk N.N. verklaar opreg en met 'n goeie gewete voor die Here met hierdie handtekening van my dat ek van harte gevoel en glo dat al die artikels en stukke van die leer wat vervat is in die Drie Formuliere van Eenheid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in alles met die Woord van God ooreenkom.

Ek beloof daarom dat ek, volgens die eis van my amp, die voornoemde leer getrou sal handhaaf, verdedig en bevorder, sonder om iets daarteen openlik of in die geheim, direk of indirek te doen, te leer of te skrywe en dat ek alle dwalinge wat teen hierdie leer stry, sal teëstaan, weerlê en help om dit uit die kerk te weer. Verder beloof ek om enige bedenkinge wat ek teen hierdie leer of teen sekere punte daarvan mag hê, eers aan die kerkraad bekend te maak om daaroor ondervra te word, terwyl ek beloof om my gewilliglik te onderwerp aan die oordeel van die kerkraad volgens die bepalings wat daarvoor in die kerkorde gestel is.

En as die kerkraad te eniger tyd om gewigtige redes, ter wille van die eenheid en die suiwerheid van die leer, dit nodig mag ag om van my 'n nadere verklaring van my gevoele oor enige punt van bogenoemde leer te vra, beloof ek dat ek altyd daartoe bereid sal wees.

Ek behou egter vir myself die reg van appèl as ek miskien meen om deur die uitspraak van die kerkraad verongelyk te wees, met dien verstande dat ek gedurende die tyd van appèl my sal onderwerp aan die uitspraak van genoemde vergadering.

Ondertekeningsformulier vir Professore

(Acta 1988:409)

Ek, die ondergetekende, beroep vir die opleiding van predikante, verklaar met hierdie ondertekening van my opreg en met 'n goeie gewete voor die Here dat ek van harte glo en oortuig is dat al die artikels en leerstukke wat vervat is in die drie Formuliere van Eenheid, te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls, soos aanvaar in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, in alles met die Woord van God ooreenstem.

Ek sal hierdie leer ywerig verkondig en getrou verdedig sonder om openlik of heimlik, regstreeks of onregstreeks iets daarteen te leer of te skrywe en ek sal alles wat daarmee in stryd is, teëstaan en help om dit te weer.

As ek ooit enige beswaar teen hierdie leer of enige onderdeel daarvan mag hê, sal ek die beswaar aan die Kuratorium onder wie se toesig ek dien, voorlê. As 'n Kuratorium of enige sinode weens gewigtige redes dit nodig ag om vir die behoud van die eenheid en suiwerheid van die leer van my 'n nadere verklaring van my opvatting oor enige punt van die Gereformeerde belydenis te vra, sal ek te alle tye bereid wees om dit te gee, sodat die kerke daaroor kan oordeel. Ek sal my aan die oordeel van die betrokke kerklike vergadering onderwerp, behoudens die reg in K.O, art. 31 vervat. Gedurende die tyd van appèl sal ek my onderwerp aan die uitspraak en oordeel van die betrokke vergadering.

Ek verklaar dat ek begryp dat indien ek ooit in stryd met bostaande sou handel, ek onmiddellik in my diens geskors en moontlik uit my diens afgesit mag word.

Ondertekeningsformulier vir Proponente

(Acta 1973:346-347)

Ons ondergetekendes, proponente, verklaar opreg en met 'n goeie gewete voor die Here met hierdie ondertekening van ons, dat ons van harte oortuig is en glo dat al die artikels en stukke van die leer wat in die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika saamgevat is, in alles ooreenkom met die Woord van God.

Ons verbind ons om hierdie leer ywerig te leer en getrou te verdedig, sowel wanneer ons geroep word om voor die gemeentes op te tree as andersins, sonder om daarteen openlik of heimlik, direk of indirek iets te leer of te skrywe en dat ons alle dwalinge sal teëstaan wat met hierdie leer stry en sal help om dit te weer.

Verder beloof ons, as ons enige beswaar mag hê teen hierdie leer of enige punt daarvan, dat ons hierdie beswaar ter kennis sal bring van die Streeksinode _____, sodat ons daarvoor geoordeel kan word, terwyl ons bereid is om ons gewillig aan die oordeel van die eerwaarde Streeksinode en verder aan die betrokke kerkraad of klassis te onderwerp.

Ons behou egter die reg van appèl as ons miskien deur die uitspraak van die kerkraad, klassis of sinode meen om beswaard te wees. Gedurende die tyd van appèl sal ons ons onderwerp aan die uitspraak en oordeel van die Streeksinode _____

Desgelyks verklaar ons dat, as die Streeksinode of die genoemde kerklike vergaderings te eniger tyd, weens gewigtige redes, dit nodig mag oordeel om, tot behoud van die eenheid en die suiwerheid van die leer, van ons 'n nadere verklaring oor ons oortuiging oor enige punt van die Gereformeerde belydenis te eis, ons altyd daartoe bereid is.

Dit alles op straf dat, as ons hierteen handel, deur die eerwaarde Streeksinode ons die reg ontnem sal word om voor die gemeente op te tree.

DEEL 5: OPENLIKE VERKLARING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Voor die Klassis / Sinode sy werksaamhede begin, word die onderstaande verklaring voorgelees wat deur elke lid toegestem moet word anders verbeur hy sy sitting in die Sinode.

Die klassikale / sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke verklaar openlik en elke lid vir homself as volg:

Ons omhels van harte en met 'n goeie gewete die Formuliere van Eenheid wat deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, gehou in Dordrecht in die jare 1618-19, vasgestel en uitgegee is, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls of 5 Artikels teen die Remonstrante as ons Belydenis en ons belofte om dit deur die genadekrag van die Heilige Gees volgens Gods Woord te handhaaf, elkeen volgens sy ampspligte.

Ook die Liturgie deur genoemde sinode vasgestel aanvaar ons as voorskrif in die uitoefening van die heilige erediens.

Met betrekking tot die Kerkregering sal ons ons hou aan die kerkorde van bogenoemde sinode van Dordrecht soos dit gewysig is deur die sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Almal wat met ons dieselfde dierbare geloof verkry het deur die genade van die Heilige Gees en dit met ons wens te bely en te betrag nodig ons hartlik uit tot ons kerklike gemeenskap.

Ons wens is om met alle kerke in hierdie wêrelddeel en in ander lande wat dieselfde met ons bely en betrag, die innigste broederlike gemeenskap en korrespondensie te onderhou.

Mag dit die Here genadiglik behaag om sy dierbare Woord aan baie harte te heilig. Dit is die wens en bede van bogenoemde klassikale / sinodale vergadering dat daardeur en deur die werking van die Heilige Gees al die uitverkorenes vergader en al die ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig word (Acta 1863:8).

DEEL 6: INDEKSE

Indeks tot die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Let wel: Hierdie syfers verwys na die betrokke Kerkorde artikel. Onder aan elke artikel is die verwysing na die verwante Bylaes, Reglemente en vorms.

Advies	4, 5, 11, 12, 13, 14, 38, 45, 75, 77, 79
Adviserende	42
Afgesit	53, 79
Afgevaardigde	33, 41
Afhanklikes	20
Afgekondig	4, 5, 22
Afsnyding	77
Algemene sinode	29, 36, 45, 48, 50, 51, 52, 53, 66, 86
Amp	16, 23, 25, 35, 40, 79, 81
Ampsbediening	5
Ampsdraers	28, 44, 79
Ampte	23, 44, 55
Approbasie	4, 22
Armes	41, 83
Attestasie	82
Bedienaars	2, 18, 37, 41, 47, 50, 53, 55, 57, 68, 81, 84
Bedienaar van die Woord	6, 10, 11, 12, 13, 4, 15, 16, 20, 23, 35, 37, 40, 44, 58, 79, 84
Bekeer	77
Bekering	78
Beproewings	66
Beroep	3, 4, 5, 7, 10, 12, 14, 31
Beskermheer	6
Besluite	46
Beswaar	4, 5, 22, 78
Bevestiging	4, 5, 24
Bewilliging	14
Buitengewone	8, 47, 50
Bygeloof	62
Christus	1, 25, 28, 59, 71, 72
Danksegging	32
Deputate	4, 5, 11, 12, 13, 45, 49, 79
Diakens	2, 4, 5, 10, 16, 17, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28, 38, 40, 54, 79, 81, 83, 84
Diens	1, 2, 3, 4, 6, 7, 8, 11, 13, 14, 15, 27, 53, 68, 80
Dienspligte	17, 18
Dienstyd	27
Dissipline	16
Doop	56, 57, 58, 59, 60
Drie formuliere van Eenheid	53
Dwalinge	18, 55

Eenheid	25
Eervol	13, 20
Eksamineer	4
Erediens	56, 64
Ervare	44
Feesdae	67
Formulier	4, 5, 22, 56, 58, 62, 70, 77, 78
Gawes	8, 26
Gebed	4, 5, 16, 62
Geloofsbriewe	33
Gemeente	4, 5, 16, 22, 23, 25, 28, 44, 55, 71, 77, 78, 82, 83
Geskikte	22, 44
Geskors	53, 79
Gestuur	7
Getuienis	5, 10, 61, 82
Goedkeuring	4, 5, 11, 13, 24
Growwe sonde	76, 79, 80
Hardnekkig	53, 76, 77
Heidelbergse Kategismus	68
Heimlik	72, 73, 74
Hemelvaartsdag	67
Huisbesoek	23, 55
Huwelik	70
Jeug	44
Kategetiese onderrig	55
Kerk	1, 4, 5, 7, 9, 10, 11, 13, 14, 15, 17, 19, 20, 27, 28, 33, 37, 41, 42, 44, 48, 52, 59, 61, 62, 66, 67, 69, 71, 75, 77, 79, 80, 84, 85, 86
Kerkdiens	9, 12
Kerklike	1, 5, 16, 28, 30, 41, 52, 71, 75
Kerklike korrespondensie	52
Kerkorde	6, 31, 44
Kerkraad	4, 5, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 17, 21, 22, 25, 27, 29, 36, 37, 38, 39, 53, 73, 74, 75, 76, 77, 79, 82
Kerkverband	5, 20
Kerkvisitasie	44
Kersdag	67
Ketterye	18
Keurstem	33
Klagte	31
Klassis	4, 5, 8, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 17, 29, 36, 38, 39, 41, 42, 43, 44, 45, 47, 48, 49, 53, 54, 66, 77, 79, 86
Klassikale	4, 5, 43
Konsulent	4, 5
Korresponderende kerkraad	45
Leer	1, 5, 18, 44, 68, 72, 80
Leer en lewe	4
Lidmate	4, 5, 23, 59
Liefdesgawes	25
Losmaking	5, 10

Lykdienste	65
Lykpredikasies	65
Meerdere vergadering	30, 31, 33, 35, 43, 45, 46, 49
Meerderheidstem	31
Mindere vergadering	30, 31, 43, 50
Naburige	39, 41, 47, 48, 75, 79
Nagmaal	23, 59, 61, 62, 63, 64, 78
Nooddruf	13, 20
Notule	49
Onderskryf	53, 54
Onderteken	33, 53, 54, 82
Oorlog	66
Opdragte	33
Openbare sonde	74
Opgeteken	34, 60
Orde	1, 86
Ordelik	16
Ouderdom	13
Ouderlinge	2, 16, 17, 22, 23, 24, 27, 28, 37, 38, 41, 47, 50, 54, 55, 64, 79, 81, 84
Owerhede	28
Paasfees	67
Peremptoir	4, 49
Periodieke aftreding	27
Pinkster	67
Praeses	34, 35, 41
Predikante	28
Predikers	9
Preekproewe	8
Preparatoir	4
Presideer	35, 41
Professor	2, 18, 20, 53
Proponents-eksamen	49
Psalms	69
Roepende kerkraad	45
Sakramente	1, 3, 15, 16, 76, 77
Samekomste	1, 43
Sendingorde	51
Sensuur	35, 43, 71, 81
Seremonies	1, 62
Siekte	13, 14
Skole	41
Skoolonderrig	21
Skriba	34
Skrifbelymings	69
Skrifgetroue lieder	69
Sondag	4, 5, 68
Streeksinode	4, 8, 11, 12, 13, 15, 29, 36, 41, 45, 47, 48, 49, 50, 79
Studeer	8
Suiwere leer	55

Teologiese skool	2, 18, 20, 53
Toelaat	3, 4, 6, 8, 9, 54, 61
Toesig	1, 23, 40, 64
Tug	1, 41, 71
Valse leringe	55
Vergadering	28, 29, 30, 32, 33, 34, 35, 41, 43, 46, 50
Verkiesing	4, 5, 22, 24
Vermaan	44, 73, 74, 81
Verootmoediging	66
Versoening	75
Versorg	11, 13, 20, 41
Verstroosting	25
Visitatore	44
Volwassenes	59
Voorbereidend	4
Weduwee	20
Wettig	3, 4, 5, 10, 12, 22, 86
Woord	2, 3, 4, 5, 7, 8, 16, 17, 18, 23, 31, 41, 42, 47, 50, 53, 55, 57, 62, 68, 81

Kerkorde Woordomskrywing

Woorde gemerk met • word elders beskryf

Woord	Omskrywing
Acta	Handelinge• van 'n kerklike vergadering. Dit sluit deputaterapporte, kommissieverslae en besluite van die vergadering in. Sien ook Notule•.
Advies	Die woord “advies” het in die Kerkorde• die betekenis van bewilliging of goedkeuring.
Adviserende stem	Nie-afgevaardigde ampsdraers by meerdere vergaderings kan spreekreg (adviserende stem) ontvang, maar word nie toegelaat om besluitreg (keurstem•) uit te oefen nie.
Afsetting	'n Persoon wat in 'n besondere amp• staan, word sy amp• ten volle ontnem. In die geval van 'n predikant beteken dit ook die verlies alle regte en voorregte wat aan sy diens verbonde is.
Afsnyding	Die laaste stap van die tug waar 'n persoon van die gemeenskap van die kerk afgesny en sy naam van die lidmaatregister verwyder word. Sien ook Ban.
Amp	Gawe wat die Here in sy kerk gee om formeel geroep en bevestig• te word om diens in Sy kerk te verrig. Amp en diens word in die GKSA as wisselvorme gebruik.

Woord	Omskrywing
Ander staat van die lewe	'n Predikant is lewenslank in diens van die Here. As hy nie meer voltyds sy amp• vervul nie en wettig losgemaak word van die roeping van hierdie taak gaan hy oor na 'n ander staat van die lewe.
Appèl	Beroep doen op regspraak ingeval waar iemand onreg aangedoen is. Daar moet altyd na 'n meerdere vergadering geappèlleer word vir regspraak.
Approbasie	Goedkeuring.
Attestasie / attestaat	Getuienis.
Ban	Afsnyding• uit die kerk van Christus.
Bedienaar van die Woord	Predikant of dominee.
Behoorlike onderhoud	Eervolle versorging.
Belydenisliedere	Liedere waarin die belydenis van die kerk berym word.
Beroep	Waar 'n kerk 'n predikant as Bedienaar van die Woord roep.
Beroep op	Beroep doen op regspraak ingeval waar iemand onreg aangedoen is. Daar moet altyd op 'n meerdere vergadering geappèlleer word vir regspraak.
Beskermheer	Iemand wat in sy / haar persoonlike hoedanigheid 'n predikant in diens neem.
Bevestig	Wanneer 'n persoon binne 'n erediens volgens die formulier• amptelik in diens gestel word.
Bevinding	Die gevolg van 'n ondersoek.
Christelike sensuur	Kyk “sensuur”.
Deputaat	Sien Artikel 49.
Deputate vir korrespondensie	Sien Artikel 48.
Dissipline	Die kerklike dissipline of tug• is geestelik van aard en dien daartoe dat alles in die kerk in goeie orde en in vrede plaasvind.

Woord	Omskrywing
Dubbele getal	Twee persone per vakature word voorgelê, waaruit die nodige aantal verkies word. Sien ook tweetal•.
Dwaling	Afwyking en / of wegvoering van die Bybelse leer en belydenis van die kerk.
Formulier	Kerklike dokument wat in die erediens gelees word om 'n bepaalde seremonie en gebruik af te handel.
Formuliere van eenheid	Die drie Besondere Belydenisskrifte, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
Geloofsbriewe	Ook Kredensiebriewe genoem. Sien Artikel 33.
Gemeenskap van die kerk	Verbintenis met die kerk in Christus en band tussen gelowiges.
Growwe sonde	'n Sonde wat in die kerk skandelik of by die owerheid strafbaar is. Sien Artikel 80.
Handelinge	Sien Acta•.
Heimlik	Verborge of geheim. Word gebruik in verband met sonde wat nie openbaar is nie.
Kandidaat	'n Persoon wat sy studies suksesvol aan die Teologiese Skool afgehandel het en tot die bediening wil toetree en die Kandidaatsertifikaat van die Kuratore daarvoor ontvang.
Kerklike korrespondensie	Nie briefwisseling nie, maar ooreenstemming met kerke in die buiteland tov belydenis, kerkregering en liturgie. Dit impliseer kerkverband• en behels aanvaarding van attestasies• oor en weer, beroepbaarheid van predikante, ens. Dit moet onderskei word van Deputate Korrespondensie•.
Kerklike sake	Kerklike sake is sake wat pas by die wese, aard en doel van die kerk.
Kerklike wyse	Christus se Gees en Woord, waardeur Hy sy kerk regeer, bepaal ook die manier waarop die kerk regeer word.
Kerkorde	Die Kerkorde verwoord die beginsels en orde vir die kerk soos God dit in sy Woord bepaal. Dit is 'n orde, nie 'n wet nie.
Kerkraad	In die Kerkorde• gebruik as sinoniem vir die vergadering van die ouderlinge• (sien ook Artikel 38).

Woord	Omskrywing
Kerkverband	Kerke wat met mekaar een is in Skrif, Belydenis en Kerkorde●.
Kettery	Doelbewuste afwyking van die Bybelse leer en belydenis van die kerk. Sien ook dwaling.
Keurstem	Die reg om te stem. Die keurstem word van 'n spreekstem● of adviserend stem● onderskei.
Klassis	Sien Artikel 41.
Konsulent	'n Bedienaar van die Woord wat deur die Klassis● aangewys is om in 'n naburige gemeente hulp te verleen.
Korrespondensie	Onderlinge beraadslaging tussen deputate● van meerdere vergaderings.
Korresponderende Kerkraad	Sien Deputate vir Korrespondensie●.
Leer	Belydenis van die kerk●. In die GKSA is dit besonderlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
Losmaking	Predikante word losgemaak van hulle diens op die voorgeskrewe wyse. Ouderlinge en diakens word losgemaak soos plaaslik gereel.
Lykpredikasie of lykdien	Preek en gebede vir 'n oorledene asof daar nog hulp en bystand aan die oorledene verleen kan word.
Meerdere vergadering	Vergadering van 'n meerdere getal kerke. Geen hoër vergadering in hiërargiese sin van die woord nie, maar meerder in breër sin.
Mindere vergadering	Vergadering van 'n minder aantal kerke. Geen laer vergadering in die hiërargiese sin van die woord nie, maar minder in getal.
Naburige Kerkraad	Die kerkraad● van 'n kerk in die ressort van dieselfde Klassis●.
Nooddruf	Alles wat die predikant nodig het om steeds 'n eervolle bestaan te voer.
Notule	Die notule is 'n weergawe van die sake wat gedien het en die besluite wat op 'n vergadering geneem is. Sien ook Acta● en Handeling●.

Woord	Omskrywing
Oordeel	Neem 'n besluit deur algemene instemming. Dit beteken dat die bevinding van die klassis• en deputate• van die streeksinode moet ooreenstem.
Ordinansies	Bepalings en voorskrifte.
Praeses	Voorsitter.
Preekproewe	Preke wat gemaak is onder leiding van of gekeur is deur 'n predikant / professor.
Presideer	Voorsit, die aktiwiteit van praeses-wees. Sien praeses•.
Proponent	'n Kandidaat• wat deur 'n kerklike vergadering beroepbaar gestel is.
Roepende Kerkraad	'n Kerkraad• of Deputate• wat deur 'n meerdere vergadering benoem word om 'n volgende meerdere vergadering van kerke op te roep.
Sensuur	Kerklike dissipline of tug wat uitgeoefen word om afgedwaalde lidmate tot bekering te roep.
Simonie	Poging om 'n kerklike amp• of geestelike gawe deur omkoperij te bekom / Misbruik van geestelike gawes ter wille van eie gewin.
Skors	Die uitoefening van alle ampspligte word tydelik verbied.
Skrifberyming	Beryming van 'n spesifieke teksgedeelte van die Bybel.
Skrifgetroue liedere	Liedere wat op die Skrif en belydenis gegrond is, maar nie 'n spesifieke teks berym nie.
Stigting	Dit wat tot eer van God en tot opbou, rus en vrede van die gemeente strek.
Streeksinode	Sien artikel 47.
Tweetal	Twee persone van wie die gemeente een moet kies. Sien ook dubbele getal•.
Valse leer	Sien dwaling•.
Verontreg	Wanneer iemand meen dat hy/sy deur 'n besluit of 'n daad onreg aangedoen is. Verontregting kan deur middel van 'n appèl• reggestel word.
Visitasie	Besoek wat kerke by mekaar in klassisverband aflê om op mekaar ag te gee en mekaar by te staan.

Woord	Omskrywing
Visitatore	Ervare predikante wat kerke besoek om vas te stel of hulle steeds die merktekens van die ware kerk vertoon.
Vryheid van die kerk	Kerkrade het die vryheid om oor die onderhouding van bepaalde gebruike te besluit.
Wettige beswaar	'n Beswaar wat gegrond word op die Woord van God, die Belydenisskrifte en die Kerkorde●.